JOU FINANSIËLE REWOLUSIE

Die krag van getrouheid

GARY KEESEE

JOU FINANSIËLE REWOLUSIE

Die krag van getrouheid

GARY KEESEE

Your Financial Revolution
The Power of Allegiance, Afrikaans
Copyright © 2023 by Gary Keesee

Originally published in English
Copyright © 2020 by Gary Keesee
ISBN: 978-0-9729035-9-2

Gary Keesee Ministries,
P.O. Box 779, New Albany,
OH 43054, USA
GaryKeesee.com

This book is a FREE GIFT from Gary Keesee Ministries and is
NOT FOR SALE

Jou finansiële rewolusie
Die krag van getrouheid, Afrikaans
Kopiereg © 2023 deur Gary Keesee

Oorspronklik in Engels gepubliseer
Kopiereg © 2020 deur Gary Keesee
ISBN: 978-0-9729035-9-2

Gary Keesee Ministries,
Posbus 779, New Albany,
OH 43054, VSA
GaryKeesee.com

Hierdie boek is ‘n GRATIS GESKENK van Gary Keesee Ministries en is
NIE TE KOOP NIE

Bybelaanhalings uit die *Nuwe Lewende Vertaling* (NLV) © 2006,
Christelike Uitgewersmaatskappy. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Ander Bybelvertalings sluit in die *Bybel in Afrikaans* (1953- en 1983-vertaling),
Die Bybel vir Almal, en 2020-vertaling © Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou; *Die Boodskap* © 2000,
Christelike Uitgewersmaatskappy. Gebruik met toestemming.
Alle regte voorbehou.

INHOUD

VOORWOORD 7

INLEIDING 9

HOOFSTUK 1: Die koninkryk.....23

HOOFSTUK 2: Die blou wasigheid.....65

HOOFSTUK 3: Asseblief Here, wees genadig! 73

HOOFSTUK 4: Die groot vis 105

HOOFSTUK 5: Wie se keuse was dit?.....115

HOOFSTUK 6: Die seëning van die Here 153

HOOFSTUK 7: Die deur.....173

HOOFSTUK 8: Die krag van getrouheid.....183

H**OOFSTUK 9:** Gee vir hulle kos! 193

HOOFSTUK 10: Insameling, nie sweet nie!.....207

HOOFSTUK 11: Dis makliker om te vlieg as om te loop.....215

VOORWOORD

Ek wil nou al vir jare die reis waarop God my en Drenda geneem het, op skrif stel. Ons lewens is só verander! Deur die jare het ons al die wonderwerke wat Jesus in die Bybel gedoen het, voor ons oë sien gebeur: dooies is opgewek; verlamdes het opgestaan, begin loop en is die volgende dag terug werk toe; talle mense is genees, en die finansies van honderde duisende mense is herstel. Maar die grootste wonderwerke wat ons gesien het, het in ons eie gesin en in ons persoonlike lewens gebeur.

My doel is om jou op 'n reis te neem, 'n ontdekkingsreis wat jou lewe sal verander soos dit myne verander het. Die storie kan nie in een boek vertel word nie. Hierdie is die eerste van 'n reeks boeke wat jou deur jou eie persoonlike finansiële rewolusie sal lei en geheimenisse van die koninkryk van God sal openbaar wat my lewe verander het. Dit is vir my 'n opwindende reis en een wat nooit sal eindig nie. Ons sal almal aanhou leer! Die kennis van die Koninkryk is onuitputbaar.

Ek is God ewig dankbaar. Sy genade is elke dag nuut, en Hy is geduldig en vergewend, en lei ons op die weg van verlossing. Ek kan jou nie op hierdie reis neem sonder om eers my asemrowende vrou, Drenda, te noem nie. Dit was haar hart vir God en haar liefde en geduld met my wat my die moed gegee het om my swakhede te erken en om God te soek vir die antwoorde wat ek so desperaat nodig gehad het. Dit is met die grootste vreugde wat ek dit met jou deel:

Jou finansiële rewolusie
Die krag van getrouheid

INLEIDING

Hy het alle rus van my af weggeneem; ek het al vergeet van voorspoed.
– Klaagliedere 3:17, 1983-vertaling

Ek het wakker geword en geweet iets is verkeerd, baie verkeerd! Terwyl ek wakker geword het, het 'n groot vrees my gedagtes gevul. Ek kon my tong nie voel nie. My hande, bene en die een kant van my gesig was verlam. Ek het Drenda wakker gemaak en gesukkel om haar te vertel wat aangaan want my gesig en tong wou nie saamwerk nie. Terwyl ek my situasie aan haar probeer oorgedra het, het ek het agtergekom my hart klop vinnig en my asemhaling is swaar. Sy het wakker geword en dadelik vir my begin bid. Die vreemde en vreeslike gevoelens het stadig begin afneem. Ek het teruggelê in die bed en Drenda het aangebied om vir my iets te ete te bring. Ek was verward en bang oor wat met my liggaam gebeur terwyl ek aanhoudend gebid het. Golwe van paniek het oor my gespoel; vrees soos ek nog nooit vantevore in my lewe gevoel het nie, het my gedagtes aangeval.

Die skuld en aanhoudende behoefte aan geld het veroorsaak dat vrees 'n normale deel van my alledaagse lewe geraak het. Ek was die afgelope paar jaar onder geweldige druk oor my verswakte finansiële

situasie. Ek het vir kommissie gewerk en het dit eenvoudig nie finansieel gemaak nie. Ons het 'n klein plaashuisie wat uit die 1800's dateer, gehuur en dit het gelyk of dit nog nooit sedert dit gebou is, opgeknap is nie. Ek veronderstel ek oordryf seker 'n bietjie hier, maar die huis was nie in 'n goeie toestand nie. Daar was gapings in die vensterrame waar plante deurgegroei het na ons sitkamer. Baie van die vensterrame was gebreek en ons het dit met karton en kleeflint vasgeplak. Tog het Drenda, ten spyte daarvan dat die huis verwaarloos was, dit reggekry om dit soos 'n tuiste te laat voel. Maar selfs haar beste vaardighede kon nie die feit dat daar baie foute was, verbloem nie.

Alles wat ons gehad het, was in dieselfde toestand – stukkend! Albei ons motors was oud, het meer as 200 000 km opgehad en kon skaars aanskakel. Ons twee seuns het op matrasse geslaap wat deur 'n sorgeenheid uitgegooi is, die mat in hulle slaapkamer is langs die pad in 'n asblik gevind. Pandjieswinkels was deel van ons lewe, en ons het by enigeen wat ons gedink het kan help, geleen. Ons het elke dag van die hand na die mond gelewe, iets gevind om te verkoop, op soek na 'n manier om te oorleef. En gehoop dat môre beter sou wees.

My tien kredietkaarte wat almal op die maksimumlimiet was, was maande gelede al gekanselleer, en die drie finansieringsmaatskappylenings, teen 28 persent rente, was reeds by invorderings. My motorpaaiemente (ja, ek het steeds op my baie ou motors geld geskuld) het op 120 dae agterstallig gebly en was in die proses om teruggeneem te word. Elke rekening wat ek gehad het, was agterstallig. Daar was reeds veroordelings en rentensieregte teen my, en ek is elke oggend deur invorderingsoproepe wakker gemaak. Ek het die belastingman geld geskuld, en hulle het ook reeds 'n vonnis teen my gehad vir agterstallige belasting. Ek en Drenda het ons ouers $26 000 geskuld en

hulle wou ons nie meer help nie. Ons yskas was amper altyd leeg. Die elektrisiteitsmaatskappy het ons gedurig gedreig dat hulle die elektrisiteit sou afskakel, partykeer maandeliks. En ek het die einde van my emosionele kragte bereik.

Die stres was nou besig om iets aan my liggaam te doen wat ek nie kon verstaan nie. Ná ek by verskeie dokters was, het hulle gesê ek het 'n angsaanval gehad en my op antidepressante geplaas. Maar hierdie angsaanvalle het aangehou en naderhand so gereeld gebeur dat ek te bang was om my huis te verlaat. Maar terwyl ek na antwoorde gesoek het in hierdie newelagtige dae, het ek begin opmerk dat sekere kosse, dié met suiker, stysel of kaffeïne, die angsaanvalle net meer gemaak het. Daarom was ek nou te bang om kos te eet en bewus van alles wat oor my lippe gegaan het. My lewe was nou so onder slawerny dat dit by die punt gekom het dat ek nie kon werk nie, wat natuurlik die finansiële situasie net erger gemaak het.

My vrou het gedink sy gaan haar man verloor, en het my later, ná my genesing, vertel dat sy letterlik beplan het wat sy sou moes doen om na die kinders om te sien. Ek het na God uitgeroep vir antwoorde, want ek het geen ondervinding of kennis gehad van dit waarteen ek geveg het nie. Die dokters het groot name gehad vir dit wat met my verkeerd was, en gesê dat dit ongeneeslik was en dat ek vir ewig medikasie sou moes gebruik. Ander dokters het gesê ek was op die randjie van diabetes, en gesê dat ek 'n goeie toetsgeval sou wees om die siekte se vordering te monitor soos ek ouer word.

En alhoewel ek 'n Christen was, het ek geen ondervinding in geestelike oorlogvoering gehad nie en nie geweet hoe om my man teen die vyand te staan nie. Om die waarheid te sê het ek nie onderskei dat ek teen 'n demoniese gees baklei het nie. Ek het gedink ek het 'n probleem

met my fisieke liggaam gehad en het God gevra om my te genees. As Christen het ek geweet God was die antwoord, maar in daardie stadium het ek gevoel dat God baie ver weg was. Die dokters het my 'n diagnose met verskeie name gegee vir die toestand wat ek gehad het – almal het verwys na verstandelike probleme en kon net behandel word met 'n verskeidenheid van pille. Soos ek reeds gesê het, daar was geen kuur nie, net medikasie om my te help om dit te hanteer. Ek het baie newe-effekte van die pille gehad, maar dit het glad nie gehelp nie. Om die waarheid te sê, ek glo dit het ander simptome bygevoeg. Dit het my laat voel ek leef in 'n waas, aanhoudend geteister deur die vrees wat ek nie kon beheer nie. Ek het geen antwoorde gehad nie, en niks het gehelp nie. Dit het vir 'n paar weke aangehou, en my desperaatheid het gegroei soos die simptome en vrees my lewe oorgeneem het.

Maar een nag het ek 'n groot deurbraak gehad terwyl ek God gesoek het vir antwoorde. Ek het 'n groot sleutel tot my vryheid ontdek. Ek was by die kerk wat ek bygewoon het vir 'n Woensdagaanddiens. Tydens die lof en aanbidding het ek 'n volskaalse aanval gehad. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek was desperaat, het geweet ek benodig gebed en het daarom na die verhoog gestap. Ek het glad nie omgegee dat ek die hele diens ontwrig nie. Ek het 'n baie groot kerk bygewoon en die pastor het my nie persoonlik geken nie, maar iemand van die lof- en aanbiddingspan het. Terwyl ek basies uit desperaatheid na die verhoog gekruip het, het alles stil geword en almal het na my gestaar. Die persoon wat my geken het, het vinnig gereageer toe sekuriteitsbeamptes na my beweeg het om my te keer.

Terwyl hy my situasie aan die pastor verduidelik het, kon ek sien hoe die pastor se gesigsuitdrukking versag. Hy het na my toe gekom en vir my gebid. My vriend het die pastor vertel dat ek siek was. Die pastor

het na my gekyk en gesê: "Hy het 'n gees van krankheid." Hy het sy hande op my kop gelê en die gees beveel om my te verlaat. In daardie oomblik het 'n fantastiese ding gebeur – ek was vry. Vir die eerste keer in maande het ek normaal gevoel, geen teisterende gedagtes, geen vrees nie, net 'n diepgaande vrede. Om te sê ek was dankbaar, sou 'n onderskatting wees. Om te sê ek was opgewonde, sou ook nie verduidelik wat ek gevoel het nie. Ek was duiselig, en het so lig soos 'n veer en vol vreugde gevoel.

Ná kerk het ek en Drenda saam met 'n paar vriende na Pizza Hut gegaan om dit te vier. Terwyl ek daar gesit en eet het aan my pizza, kan ek onthou dat 'n liedjie op die radio gespeel het en toe skielik gevoel het hoe dieselfde mislike gevoel van vrees soos 'n kombers oor my gekom het – dit was terug. Weereens, op daardie tydstip het ek verstaan dat dit 'n gees was. Die pastor het gesê dit was 'n gees van krankheid, maar ek het nie regtig geweet wat dit beteken nie en ek was verward. Ek het gedink ek is in die diens genees, maar ek was duidelik nie. Die volgende dag het ek weer teen paniekaanvalle baklei, maar ek kon nie ophou dink aan wat die vorige aand in die kerk gebeur het nie. Toe die pastor vir my gebid het, het hy nie gebid dat ek genees word nie. Hy het outoriteit oor 'n gees geneem. Die feit dat my toestand so op die pastor gereageer het, het aangedui dat dit miskien 'n demoniese gees was en nie 'n siektetoestand nie. (Hier kan jy weer sien hoe onvolwasse ek in Christus was om dit nie te besef nie.) In daardie stadium het ek baie min van geestelike oorlogvoering geweet, maar ek hét geweet dat demone bestaan. Ek het een gesien.

Toe ek 'n tiener was, het ek een van twee pizzawinkels wat my ouers besit het, bestuur. Een aand het 'n man ingekom wat my vertel het hy sou 'n herlewingsdiens net af in die straat by 'n plaaslike Metodiste-kerk

aanbied. Hy het my genooi om dit by te woon. Hy het sy uitnodiging met die volgende frase afgesluit: "Jesus doen steeds dieselfde dinge wat Hy in die Bybel gedoen het." Dit het dadelik my aandag getrek. Ek is grootgemaak in die kerk. Ek het my hart tydens 'n vakansie-Bybelskool in graad vyf vir die Here gegee. Maar in al daardie jare het ek nog nooit gesien dat die krag van God iemand genees nie, niks wat werklik my aandag getrek het nie. Daarom het my lewe van God af weggedryf in my skooljare. In daardie jare het ek elke nou en dan 'n nuwe verbintenis gemaak om kerk toe te gaan, maar dit het nooit lank gehou nie. Maar hierdie man het anders geklink. Jesus doen steeds dieselfde goed wat Hy in die Bybel gedoen het? Ek het belanggestel om te sien waarvan hy praat. Heelwat van my werknemers het daardie kerk bygewoon en hulle het my aangemoedig om te kom. Ek het besluit om te gaan.

Die eerste aand wat ek daar was, het ek die teenwoordigheid van God aangevoel op 'n manier wat ek nog nooit vantevore gevoel het nie. Dit het voorgekom of ek werklik God se teenwoordigheid kon voel; dit was tasbaar. Die boodskap wat die man gegee het, was kragtig, en toe hy vra of enigeen hul lewens aan Jesus wou gee of weer wou gee, het ek my hand gelig. Sjoe! Wat 'n aand. Ek was so opgewonde. Ek wou vir almal vertel hoe groot God is.

In daardie dae was daar nie internet, CD's of kassette nie, en ons het drie kanale op TV gehad. Ons dorpie was ook klein en daar was nie veel om na-ure te doen nie. Daarom het tieners gewoonlik tot laat in die nag by die pizzaplek uitgehang vir vermaak. Ons het gewoonlik om 01:00 op Vrydae- en Saterdae-aande toegemaak, en die parkeerarea sou gepak wees met tieners. Ek moes hulle baiekeer aansê om te skuif, want hulle het dit moeilik vir die kliënte gemaak om parkering te kry. Die polisie moes menigmale bakleierye opbreek en die kinders huis toe

stuur. Maar nou het ek 'n idee gehad. Daardie tieners moes van Jesus hoor. Ek het uitgegaan en vir hulle gesê dat indien enigiemand wou bly, ek 'n Bybelstudie in die pizzawinkel sou hou na sluitingstyd. Terloops, dit sou ongeveer 01:30 in die oggend wees, omdat ons die winkel moes skoonmaak van 01:00 tot 01:30. Ek het nie geweet of enigeen van hulle sou kom nie, maar weet jy, 'n paar van hulle het wel gekom en 'n paar van my werknemers het ook gebly. Die eerste aand wat ek die Bybelstudie gehou het, het een van die tieners daar gesê hy wou Christus dien en het my gevra wat hy moes doen. Dit het vir my 'n probleem geskep, want ek het nog nie oor daardie gedeelte nagedink nie. Onthou, ek het basies niks van die Bybel geweet nie, maar ek het 'n Skrifgedeelte raakgelees wat my bekommernisse aangespreek het.

En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
– Handelinge 2:21, 1953-vertaling

Dit het eenvoudig genoeg geklink, en dit was wat ek besluit het ek sou doen. Die groep was reeds weg toe hierdie tiener my met hierdie vraag genader het, daarom het ek hom aangesê om in 'n stoel te gaan sit en die naam van Jesus te sê. Ek het gedink dit was 'n eenvoudige ding om te doen, maar ek het vir amper twee minute daar gesit en hy het niks gesê nie. Ek het my instruksie herhaal, want ek het gedink hy het my nie gehoor nie. Steeds niks nie. Toe let ek op dat hy bewe. Ek kon ook op sy gesig sien dat hy dit moeilik vind om die Naam uit te spreek. En skielik, soos 'n damwal wat breek, het hy Jesus se naam uitgespreek en 'n vrede het oor sy gesig gekom. Wel, dit het gewerk! Dit het dus my spelplan geword elke keer wat iemand hulle hart vir die Here wou gee. Ek sou hulle in 'n stoel laat sit en aansê om Jesus se naam te sê. Hulle

kon amper elke keer, sonder uitsondering, dit nie dadelik regkry nie. Dan sou hulle begin bewe, en dan sou hulle, met moeite, dit skielik uitblaker en hulle sou vrede kry.

Op 'n dag was ek in die agterkamer besig om deeg te meng toe ek 'n klop by die agterdeur hoor. Toe ek die deur oopmaak, het ek twee tieners herken vir wie ek voorheen van Christus vertel het. Ek het hulle ingenooi, en een het gesê hy wou sy hart vir God gee. Ek het hom in 'n stoel laat sit en, soos gewoonlik, het hy begin bewe en uiteindelik Jesus se naam gesê. Toe ek opkyk, het ek gesien die ander tiener staan aan die oorkant van die vertrek in 'n hoek. Hy het gelyk soos 'n dier wat vasgekeer was. Hy het probeer om deur die muur te grawe soos hy verder van my af wou wegkom. Dit was baie vreemd, en ek kon dit nie verduidelik nie.

Terwyl ek daar gestaan en staar het na hom, het ek skielik gedink: "Ek wonder of dit 'n demoon is." Onthou, ek het absoluut geen ervaring van demone gehad nie, maar ek het van hulle in die Bybel gelees. Ek kon aan geen ander rede vir sy bizarre aksies dink nie. Daarom het ek gesê: "Jesus, is dit 'n demoon?" Dadelik, asof 'n gordyn weggetrek word, kon ek 'n demoon langs hierdie ou sien hang. Die demoon was omtrent een meter lank en het aan hierdie seun gehang met sy bene wat opgetrek was. Mense vra altyd vir my: "Hoe het dit gelyk?" Dit het amper soos 'n aap gelyk, maar anders. Dit was harig soos 'n aap, het lang arms gehad soos 'n aap, maar met gloeiende, rooi oë en dit was misvormd. Die oomblik toe ek daardie oë sien, het ek geskree. Die haat in daardie oë was meer as wat ek kon hanteer. Die beste manier om die haat in daardie oë te beskryf is dat dit soos vloeibare, deurdringende haat was wat amper tasbaar was. Ek het dadelik besef dat hierdie ding my nie net gehaat het nie, maar ook baie kwaad was vir my.

Wat nou? Ek het nie geweet wat om te doen nou dat ek hierdie ding gesien het nie. Maar ek het gereken dat as die naam van Jesus ons in die Koninkryk kon kry, dit outoriteit (gesag) oor hierdie demoon moes hê. Daarom het ek kliphard gesê: "In die naam van Jesus." Die gordyn het oombliklik toegemaak. As jy die ou swart-en-wit-TV's onthou, kon jy 'n flou skadu van dit waarna jy gekyk het, sien wat stadig weggegaan het as jy die TV afgeskakel het. Wel, dit is hoe hierdie ding gelyk het. Ek kon dit nie regtig sien nie, maar ek kon steeds 'n flou skaduwee daarvan sien. Soos die gordyn toegetrek het, het die tiener skielik by die gebou uitgehardloop.

So ja, ek het geweet demone bestaan. Ek wens ek kon sê dat toe ek besef het dat my probleem 'n demoon was, ek daarmee kon afreken en in vryheid van daardie oomblik af kon beweeg. Maar dit het nie dadelik gebeur nie. Dit is hartseer dat selfs al was ek al die jare in die kerk, dat ek nooit regtig die tyd geneem het om te leer wie ek in Christus was nie en ook nie geleer het om my wetlike reg teenoor die vyand te gebruik nie. Maar nou dat ek besef het, of ten minste vermoed het dat ek met 'n demoniese gees te doen het, was ek aangemoedig daardeur dat ek kon leer om dit te verslaan. Ek het genoeg geweet om te weet dat die demoon op my outoriteit moet reageer, maar ek was verward dat dit nie het nie. Ek het 'n paar dae later nog 'n positiewe ervaring gehad dat my probleem wel 'n demoniese gees was.

Ek was in my kamer besig om in die gees te bid en het besluit om genoeg tyd in gebed te spandeer sodat ek 'n antwoord kon kry oor wat aangaan. Tydens daardie gebedsessie het ek skielik 'n bevryding gevoel en ek was weer vry, net soos toe die pastor vir my gebid het. Ek was daardie aand vir ongeveer twee ure vry voor dit teruggekeer het, maar nou was ek absoluut seker dat dit 'n demoniese gees was wat op gebed

gereageer het. Ek het weer probeer bid, maar niks het gebeur nie. Ek het toe begin om alles wat ek kon te lees oor geestelike oorlogvoering en het tyd gespandeer om te reperteer wie ek in Christus was. Maar daardie ding het steeds nie beweeg nie. Ek het net daardie een keer terwyl ek gebid het, gesien hoe hierdie demoon reageer op my eie outoriteit. Ek was verward en het die Here vurig gevra wat om te doen. Alhoewel ek nie heeltemal kon vry kom nie, het ek nie enige verdere angsaanvalle gehad nie, en was die verlamming weg. Daar was reeds groot oorwinnings. Ek het steeds teen teisterende gedagtes en depressie geveg, maar ek was vol vertroue dat ek besig was om sterker te word. Ek het elke dag tyd gespandeer om te sien wat die Bybel sê oor ons gesag in Christus.

Een middag het ek in my kantoor weer teen hierdie nou bekende gevoel van onheil en vrees baklei. Ek het probeer bid en die gees van vrees beveel om my te verlaat, maar dit het, soos gewoonlik, geen uitwerking gehad nie. Skielik het ek die Here se stem gehoor. Hy het vir my gesê om die gees te beveel om my te verlaat, om dit hardop en met outoriteit te doen. Hy het toe iets vir my gesê wat my idee van geestelike outoriteit verander het. Hy het gesê ek moet my glad nie steur aan my gevoelens wanneer ek die ding beveel om te gaan nie, maar om op Sy Woord te staan, nie op wat ek sien of voel nie. Ek het by my kantoor gewerk, daarom kon ek nie net opstaan en op die duiwel begin skree nie, want my werknemers was ook daar. Daarom het ek opgestaan, by die kleedkamer ingegaan en hardop gesê: "In die naam van Jesus bind ek jou, gees van vrees. Wat jy doen is onwettig, en ek beveel jou nou, in die naam van Jesus, om te gaan." Niks nie. Ek het geen verandering gevoel nie. Maar ek het onthou dat die Here vir my gesê het om nie ag te slaan op my gevoelens nie. Daarom het ek die Here bedank vir die gesag wat Hy vir my oor hierdie gees gegee het, en ek het begin

om Hom te prys dat ek vry was. Ek het teruggegaan na my kantoor en gewerk. Soos wat ek daar by my lessenaar gesit het, en al het ek geen verandering gevoel nie, het ek net die Here elke keer wat ek gevoel het vrees my gedagtes aanval, bedank dat ek vry is. Terwyl ek met 'n kliënt se lêer gewerk het, het ek skielik gevoel hoe God se teenwoordigheid oor my kom, en ek het gesien hoe 'n swart, yl wolk my verlaat en vinnig deur die plafon van my kantoor verdwyn.

Ek was vry!

Daardie demoniese gees van vrees was weg, en as dit sou terugkom, het ek nou geweet hoe om daarmee te handel. Ek was so opgewonde! Ek het Drenda gebel en haar vertel wat pas gebeur het. Sy het gesê sy kom dadelik, en ons het dit met 'n middagete by 'n Chinese restaurant (my gunsteling) gevier. Ek sou nog baiekeer na daardie dag moes opstaan teen die gees van vrees, want demone gooi nie so maklik tou op nie. En alhoewel die demoon gegaan het, was die finansiële chaos in my lewe steeds daar. Daarom het vrees homself konstant in my gedagtes probeer vestig oor my finansies, en ek het geleer hoe om my gedagtes te hanteer en dit met vrede te vul.

Daar was al ander gevegte wat ek moes veg en leer regdeur my lewe, en baie geestelike lesse oor die Koninkryk wat ek nog moet leer, maar die rede hoekom ek jou hierdie verhaal wou vertel is om jou te laat weet dat ek verstaan hoe finansiële stres 'n uitwerking het op mense en hul lewens en wat hulle oopmaak vir teisterende vrees.

Ek wil seker maak jy weet ek was daar.

Daarom, maak nie saak watter gemors jou vandag in die gesig staar nie, daar is hoop. Ek wens ek kon vroeër in my lewe van die Koninkryk van God geleer het. Dit is hartseer om te dink ek en Drenda het vir nege jaar in finansiële chaos geleef, en ons hoef dit nie te gedoen het nie!

Ons finansiële gemors was ongelukkig nie net 'n bliep op die radar nie; dit was die radar. Dit is hoe ons geleef het. Nege jaar van bedel deur die lewe, herinneringe aan vernederende gebeurtenisse en omstandighede. Gebeurtenisse wat ek liewer sou wou vergeet. Maar seën my vrou! Sy het soveel in daardie jare verduur. Dit is waarom ek haar vandag probeer seën waar ek ook al kan.

Net soos die Here my moes leer hoe om met daardie demoniese gees van vrees te werk, het Hy my begin leer hoe om uit 'n geestelike perspektief met my finansies te werk. Wat God vir my en Drenda geleer het, en wat Hy ons gewys het oor ons finansies, is so lewensveranderend en dramaties dat ons ons daartoe verbind het om die res van ons lewens daaraan te wy om ander mense te help om dieselfde beginsels te ontdek.

Ek en Drenda het gegaan van 'n plek waar ons desperaat platsak was na 'n plek waar ons kontant vir ons karre betaal, ons skuldvrye droomhuis kon bou, verskeie maatskappye kon stig en ons *Fixing the Money Thing*-uitsending op TV in elke tydsone op die aarde kon bekendstel. Drenda het ook die *Drenda*-weeklikse TV-uitsending op die ABC Gesinsnetwerk bekendgestel om gesinne te help weet hoe om die lewe te leef en om vroue te bemoedig. Ons het gevoel hoe God ons lei om Faith Life Church te begin, waar ons weekliks duisende mense leer oor die Koninkryk van God. Dit neem nou miljoene per jaar om te doen wat ons doen, meer as $200 000 per maand net om die TV-uitsendings te doen ten tyde van hierdie skrywe. Niks hiervan sou natuurlik moontlik gewees het as God ons nie geleer het wat ons vir jou in hierdie reeks boeke wil leer nie. Ek wil nie hê jy moet na hierdie boek kyk as net nog 'n boek oor finansies nie. Dit is nie nog 'n boek oor hoe jy jou begroting moet laat klop nie, alhoewel dit wel nodig is en voorgestel word. Dit is nie 'n herverwerking van dieselfde ou "nie genoeg inkomste nie, wat kan ons sny"-sessie nie.

Nee, dit is ’n boek oor ’n rewolusie, ’n opstand teen die koninkryk van duisternis en sy verstikkende armoede. Dit is ’n boek oor hoe om die beperkings van ’n korrupte regering omver te gooi en om ’n nuwe manier van leef aan te neem. My antwoord was nie ’n generiese soort finansiële advies nie. Ek het agtergekom ek het ’n algehele finansiële opknapping nodig gehad:

’N FINANSIËLE REWOLUSIE!

HOOFSTUK 1

DIE KONINKRYK

Ek het in die inleiding aan jou oorgedra hoe my lewe deur teisterende vrees oorheers is. Daarom glo ek dit is belangrik dat ek ons reis saam begin met hierdie een stelling wat jy werklik moet verstaan: MOENIE LEER OM IN VREES TE LEWE NIE! Vrees open die deur na alle soorte demoniese invloede, verwarring en depressie, net soos wat ons gesien het in my lewe gebeur en wat in miljoene ander mense se lewens gebeur. Ek glo finansiële trauma is 'n groot deur-oopmaker vir vrees in mense se lewens. Ek help persoonlik al 34 jaar mense met hul finansies deur my finansiëlebeplanningsfirma, en ek het ontdek ek is nie die enigste persoon wat teen finansiële kwessies baklei het of steeds baklei in hul lewens nie.

Ek het, gebaseer op my navorsing, agtergekom dat 23 persent van die Amerikaanse bevolking nie eers hul minimumbetaling op hulle skuldverpligtinge betaal nie en stadig besig is om in finansiële vergetelheid in te sak.[1] Dit is 'n kwart van die bevolking! Sewe-en-veertig miljoen, een sesde van die bevolking, lewe op voedselkoeponne, en agt uit tien gesinne leef van salaris tot salaris.[2] Ek praat nie eers van die 18 triljoen dollar in skuld wat ons land het en nooit kan terugbetaal nie. Ek sal ook nie die 12 triljoen dollar se finansiële verpligtinge waaraan ons land homself verbind het, met geen befondsingsmeganisme wat in

[1] Tracy Turner, *"Debt Is People's Biggest Worry…Finance Problems Rank Higher Than Terrorism and Disasters."* The Columbus Dispatch, 2006.
[2] Brad Plumer, *"Why are 47 million Americans on food stamps? It's the recession – mostly."* The Washington Post, 2013.

plek is om die koste te dek, noem nie.[3] Ons leef in 'n land met baie ernstige finansiële kwessies! Wat ek in my lewe gevind het, is dat onopgeloste finansiële kwessies en finansiële stres 'n lewe van vrees 'n manier van lewe gemaak het.

Maar daar is antwoorde! Jy kan vry kom! Dit Bybel is duidelik oor hierdie onderwerp: Jesus het gekom om die goeie nuus aan die armes te verkondig!

> *Die Gees van die oppermagtige HERE het op my gekom.*
> *Die Here het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense.*
> – Jesaja 61:1, NLV

Wat is die goeie nuus aan arm mense? Dat hulle vry kan wees! Jy het vandag dalk nie 'n idee hoe dit kan gebeur nie. Ek het op 'n tyd in my lewe totaal hulpeloos gevoel. Die gedagte dat ek net $100 kon hê wat ek nie aan iemand skuld nie, was so vreemd dat ek vir die idee sou lag as ek nie so bang en hartseer was nie. Daardie nege jaar van net oorleef het emosioneel sy tol op my geëis. Finansiële stres steel alles wat goed is by ons. Wanneer ek na ons tuisfilms van daardie jare kyk, kry ek baie skaam. Jy sal in 'n video sien hoe ek uit my kar klim en my kosbare kinders hardloop my tegemoet ná 'n lang dag by die kantoor. Hulle gryp my bene vas en gil: "Hallo, pappa!". In die video antwoord ek nie eers of kyk na hulle nie. Ek was so gestres en ontmoedig dat ek nie eers bewus was van wat belangrik was nie.

My gemoedstemming daardie tyd herinner my aan iets wat eens in 'n swemklas geleer het. As iemand besig is om te verdrink en om hulp skree, wees versigtig as jy uitgaan om hulle te help. Hoekom? Want hulle is so ingestel om te oorleef dat hulle jou dalk onder die water

[3] Glenn Kessler, *"Does the Nation have 128 Trillion in Unfunded Liabilities."* Washington Post, 2013.

kan intrek sonder dat hulle dit so bedoel. Dit is hoe ek was, soos 'n zombie wat nie besef het wat om hom aangaan nie, en ek het dinge sonder emosie gedoen. As man het ek die toets gedop. As vader het ek die toets gedop. As voorsiener het ek die toets gedop. My lewe was 'n roetine van dieselfde onemosionele, depressiewe prentjie van die lewe en ek het geen visie gehad nie.

"DIE GEES VAN DIE OPPERMAGTIGE HERE HET OP MY GEKOM. DIE HERE HET MY GESALF OM GOEIE NUUS TE BRING VIR ARM MENSE."

– JESAJA 61:1, NLV

Colombus in Ohio was in daardie dae in 'n behuisingsontploffing. Huise het oral opgegaan, en daarom het ons stad 'n jaarlikse Parade van Huise aangebied. As jy nie weet wat dit is nie, laat my toe om te verduidelik. 'n Parade van huise is 'n groep spekulasiehuise wat verskillende bouers bou om hulle unieke style en vaardighede uit te stal, met al die nuutste toestelle en afwerkings. Dit was iets groots vir almal in die gebied en duisende mense het dit geniet. Maar ek het glad nie na die Parade van Huise uitgesien nie. Ek het erg genoeg gevoel oor my finansiële mislukking; ek wou definitief nie gehad het my vrou moet weet hoe erg sy dit in werklikheid gehad het nie. Ek weet my uitkyk hierop was simpel, maar in daardie stadium was dit my siening. Ek het geweet dat as sy soontoe gaan, sy een sou wou hê. Daarom het ek jaar op jaar "Nee!" gesê. Maar een jaar het ek uiteindelik ingestem en besluit ons sou gaan.

Die huise was, as jy jou kan voorstel, absoluut glansryk. Hulle het ons klein 1800's plaashuisie laat lyk soos 'n verdoemde huis wat afgebreek moet word. Nadat ons deur die eerste paar huise geloop het, en terwyl ons in die sypaadjie afgestap het, het ek skielik besef Drenda is

nie meer langs my nie. Ek het omgedraai om te sien waar sy was en gesien hoe sy buite die huis staan waar ons pas uitgekom het. Trane het by haar wange afgeloop. Ek het teruggestap na haar en die dom vraag gevra: "Wat is fout?" Asof ek nie geweet het nie. Sy het net na my gekyk en gevra: "Wanneer kan ek 'n huis kry?" My gedagtes het rondgemaal: "'n Huis? Soos hierdie? Hierdie is almal huise van $500 000 tot $700 000." Ek het nog steeds na 'n manier gesoek om die $300 maandelikse huur vir die ou plaashuis te betaal. Ek weet dit is hartseer, maar ek kon nie 'n uitweg sien nie, en ek kon geen hoop aan my pragtige, kosbare vrou gee nie. Vrees en mislukking het my gedagtes en uitkyk verwring. Dit was nie hoe ek was nie; wat het van my vreugde en geluk geword? Ek kon net nie verby die finansiële stres kyk nie.

Dit was 02:00 of 03:00 in die oggend en ek kon nie slaap nie. Pyn het soos naalde deur my kakebeen en gesig geskiet, en ek het desperaat na verligting gesoek. Ek het ses-en-dertig uur tevore 'n wortelkanaal gehad om 'n infeksie te stop wat veroorsaak het dat my gesig soos 'n ballon opswel. Die pyn en ongemak was verskriklik. Ek het elke vier uur Tylenol vir die pyn geneem, maar dit het nie veel gehelp nie. Terwyl ek in die sitkamer gesit het omdat ek nie kon slaap nie en nog 'n dosis geneem het, het my oë op die Tylenol-boksie en die instruksies geval. Nie omdat ek nie geweet het hoe om die Tylenol te gebruik nie, maar uit pure verveling, net soos ons almal die papboks lees wanneer ons ons pap in die oggende eet. Ja, ja, 2 tablette elke 4 ure, maar wat sê dit? Nie meer as 10 tablette in 'n 24-uur-tydperk nie? My kop het vinnig uitgewerk hoeveel tablette 'n persoon sou inneem as hulle dit elke 4 uur doen, net soos ek die afgelope 2 dae gedoen het – 12 tablette 'n dag, 2 tablette meer as die maksimumdosis. Skielik het my maag saamgetrek en vrees het my oorval.

Nege jaar van lewe van die hand na die mond, 'n mislukking as man, vader en voorsiener en dit het veroorsaak dat ek basies 'n emosionele wrak geword het. Die dokters het my op antidepressante geplaas om te probeer help. Maar niks het gehelp nie. Soos ek daardie aand met daardie tandinfeksie gesit het, het ek in twee dae nie geslaap nie, en die pyn was so intens dat ek nie in staat was om te slaap nie. Noudat ek die Tylenol-boks gelees het, het ek besef ek het nóg iets om oor bekommerd te wees – 'n moontlike oordosis. Ek het geen idee gehad wat 'n oordosis Tylenol aan my sou doen nie, maar ek was seker dit was nie te erg nie want enigeen kon dit oor die toonbank koop. Ek het gedink hulle het waarskuwings soos daardie net op die bokse gesit om hulle prokureurs te paai en binne die regsvereistes te bly. Ek kon my nie voorstel dat 2 tablette te veel 'n groot probleem sou veroorsaak nie. Maar die gees van vrees het my gedagtes gevange geneem, daardie feit geneem en 'n klomp "wat as"-gedagtes in my kop in geblaas. Daarom het ek, net om my gedagtes te stil, die Gifkontrolesentrum gebel om uit te vind. Ek was seker hulle sou sê dat dit glad nie 'n groot probleem was nie.

Die vrou aan die ander kant van die lyn het professioneel geklink toe sy antwoord. Sy het gevra hoe sy kan help, en ek het aan haar verduidelik dat ek Tylenol elke 4 uur vir die afgelope 36 uur geneem het, en daarom 12 tablette in plaas van die 10 geneem het wat ek nie moes oorskry nie. Ek het haar vertel ek het net gebel om seker te maak daardie ekstra 2 tablette sal nie ernstige skade veroorsaak nie. Daar was 'n oomblik van stilte, en ek kon hoor hoe sy tik op die rekenaar. Toe hoor ek hierdie woorde, en ek haal haar direk aan: "Meneer, ons het nog nooit iemand gesien wat geleef het nadat hulle daardie dosis geneem het nie." Het ek haar reg gehoor? Sekerlik nie! Daarom het ek verduidelik dat ek slegs 2 tablette te veel geneem het in 'n 24 uur-tydperk, en ek het dit vir 2 dae gedoen.

Hierdie keer het sy redelik streng geantwoord: "Meneer, soos ek gesê het, ons het nog nooit iemand gehad wat geleef het nadat hulle daardie dosis geneem het nie. Jy moet ONMIDDELLIK ongevalle toe gaan!" Toe ek weer probeer om vir haar te verduidelik wat gebeur het, omdat ek seker was sy hoor verkeerd, het sy my gestop en gesê: "Óf jy bestuur jouself na 'n hospitaal toe óf ek stuur 'n ambulans om jou te gaan haal." Ek was geskok! "Ek sal self ry," het ek gestotter. "Na watter hospitaal gaan jy?" het sy gevra. Ek het haar gesê en sy het afgelui.

Ek was in 'n waas. Ek het 'n baie belangrike vergadering om 09:00 daardie oggend gehad en dit was nou 03:30. Ek het by die trappe na my slaapkamer opgestrompel en Drenda wakker gemaak om haar te vertel wat gebeur het. Sy het na my gekyk met 'n patetiese kyk van verslaentheid. Haar man het nou al vir 'n paar maande snaaks opgetree, en sy was moeg om alles bymekaar te probeer hou, en nou dit? "Gary, dit was net 2 tablette te veel. Jy weet tog sekerlik van beter as om te glo dit kan jou doodmaak. Bel hulle terug," het sy gesê. Maar vrees is irrasioneel en martelend. "Die vrou het gesê dit kan my doodmaak; ek moet hospitaal toe." Ek kon die "Jy is nie ernstig nie"-kyk in my vrou se oë sien toe ek uit die slaapkamer loop.

Toe ek by die hospitaal inry, het twee ouens in wit jasse buite die ongevalle se deur vir my gewag. Toe ek parkeer het, het hulle na my geloop en gevra: "Is jy Gary Keesee?" Hulle het my dadelik na die hospitaalsaal geneem. Toe ek verby die ongevalle-swartbord gaan, het ek gesien my naam was reeds daarop. Dit het gesê: "Gary Keesee – oordosis." Ek kon dit nie glo nie. Om 'n lang storie kort te maak, het hulle 'n bloedmonster geneem. Die dokter het ingeloop en gevra: "Wat maak jy hier? Jou bloedvlakke van Tylenol is nie eers hoog genoeg om 'n hoofpyn te verlig nie." Ek het hom die storie van die Gifkontrolesentrum vertel, en hy

het begin lag. Ek het nie gedink dit was snaaks nie, en ek het beslis ook nie gedink dit is snaaks toe die $2 000-rekening deur die pos gekom het nie. Die duiwel het weer by my gesteel.

Ek vertel hierdie verhale vir jou, saam met die inleiding, om jou te help sien waar my lewe was voor ek die Koninkryk van God ontdek het. Ja, ek was 'n Christen. Ja, ek het my tiendes betaal. Ja, ek het die aanbiddingspan in my kerk vir 'n rukkie gelei. Ja, ek was lief vir die Here. Maar iets was verkeerd, sommer baie verkeerd! Ek het jou vertel hoe God my geleer het om die gees van vrees te hanteer en hoe ek vry gekom het van die antidepressante en die paniekaanvalle. Maar ek was nog nie vry van die omstandighede wat my stryd teen vrees in die eerste plek veroorsaak het nie – my hopelose finansiële situasie! Ek het steeds geweldige druk elke dag gehad om geld te kry om my rekeninge te betaal, plus ek het 10 kredietkaarte gehad wat op limiet en gekanselleer was, drie gefinansierde maatskappylenings, belastingskuld, skuld aan familie en baie vonnisse en retensieregte teen my.

Soos ek gesê het, ons lewens was 'n finansiële gemors. Stres en emosionele onrus was my *modus operandi*. Alhoewel ek 'n Christen was, was ons finansieel besig om dood te gaan. My kredietkaarte is een vir een gekanselleer. Retensieregte is ingestel, krediet opgeskort en krediteure is in kennis gestel. Op die kruin van ons finansiële toestand en met ons besigheid wat nie veel inkomste gegenereer het nie, kon ons nie eers kos bekostig nie. My gesin sou om die koolstoof in ons sitkamer saambondel om warm te bly want ons

EN MY GOD SAL ELKE BEHOEFTE VAN JULLE VERVUL NA SY RYKDOM IN HEERLIKHEID DEUR CHRISTUS JESUS.

– FILIPPENSE 4:19, 1953-VERTALING

kon nie brandstofolie bekostig nie. Ons sou in die stoele en banke soek vir verlore munte wat dalk ingeval het in die hoop dat ons 'n "Happy Meal" by McDonalds kon koop om tussen ons kinders te deel.

Ek was redelik goed om die krediteure te omseil wanneer hulle gebel het, maar een dag het een van my krediteure 'n prokureur gekry om my rekening in te vorder. Hierdie man het gebel en geen persoonlikheid gehad nie. Hy het eenvoudig gesê: "Ek wil die geld binne drie dae hê of ek dagvaar jou namens my kliënt." Ek het geen opsies of krediet gehad nie, ek het reeds al my vriende getap en dit was op hierdie punt wat ek besef het ek is klaar. Ek het na my kamer toe gekruip, op my bed neergeval en uitgeroep na God. Ek het baie vinnig die stem van die Here gehoor. 'n Skrifgedeelte wat ek al baie gehoor het, het in my gedagtes opgekom:

"En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."
– Filippense 4:19, 1953-vertaling

Ek het die Here geantwoord dat ek daardie vers ken, maar my behoeftes word nie vervul nie! Hy het dadelik my vraag geantwoord: "Ja, maar dit is nie My skuld nie. Jy het nog nooit die tyd gebruik om te leer hoe My Koninkryk werk nie. Om die waarheid te sê, meeste van my kerk lewe soos Israel in die Ou Testament geleef het – as slawe. Hulle leef 'n lewensstyl van skuld en finansiële gebondenheid. Ek wil hê My mense moet vry wees."

Ek het vinnig by die trappe afgehardloop en Drenda gegryp en vertel wat die Here vir my gesê het. Ek het aan haar bely dat ek nie na God gesoek het om te leer hoe Sy Koninkryk werk nie. In daardie stadium het ons eintlik nie geweet wat God bedoel het toe Hy gesê het dat ons

nie weet hoe die Koninkryk werk nie. Ons was per slot van rekening in die kerk, ons het die meeste van die tyd ons tiendes gegee, en ons was lief vir God. Ons het gedink ons was reeds Koninkrykgesind. Maar die kwessie was, soos ek binnekort sou uitvind, ja, ek was op pad hemel toe, maar ek het geen idee gehad hoe om die krag en outoriteit van die hemel in my lewe in te bring om my natuurlike omstandighede te beïnvloed nie. Ons het begin om die Bybel te bestudeer, en God het met ons begin praat en gehelp om te leer wat Hy bedoel het wanneer Hy van die Koninkryk praat. Dit wat ons geleer het, was skokkend! Dit was asof 'n lig in 'n donker kamer aangeskakel word. Ons het vir die eerste keer in ons lewens antwoorde gekry oor ons finansiële lewe!

Here, wat bedoel U met Koninkryk?

Toe God my vertel het dat ek nooit geleer het hoe Sy Koninkryk werk nie, was ek verward, om die minste te sê. Koninkryk? Ek en Drenda het nie 'n idee gehad nie. Ons het gebid en God gevra om ons te leer wat Hy daarmee bedoel het: "Here, leer ons wat U met Koninkryk bedoel!" Die eerste ding wat ek moes leer was wat 'n koninkryk was. Ek dink hierdie konsep is baie moeilik vir ons westerse gedagtes om te begryp, ons wat in 'n Amerikaanse ingesteldheid van demokrasie en vrye uitdrukking leef. God se Koninkryk is nie 'n demokrasie nie; dit is 'n Koninkryk met 'n Koning. Die Koning se gesag vloei deur na die Koninkryk met gedelegeerde gesag deur verskeie regeringskantore en mense wat onder daardie gesag opereer. 'n Koninkryk is nie om 'n skare mense te hê nie. Jy kan 'n miljoen mense in 'n skare hê, maar dit is nie 'n koninkryk nie. 'n Koninkryk is 'n groep mense wat deur 'n wet of regering bymekaar gehou word. Volgens die woordeboek is die definisie van "koninkryk" 'n "gebied waaroor 'n koning heers".

Alhoewel ons Jesus se koms na die aarde tydens Kersfees vier, verstaan ons gewoonlik nie dat Hy 'n heerskappy saam met Hom gebring het nie. Die Bybel praat van hierdie heerskappy (regering) in Jesaja 9:5–6 (1953-vertaling):

> *Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen (klem bygevoeg).*

Jesus is die hoof van hierdie regering en wanneer ons Jesus as ons persoonlike Redder aanneem, word ons deel van hierdie regering; ons word burgers. Ons word nie net burgers nie, maar ons word eintlik deel van God se eie huishouding as seuns en dogters van God.

> *Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.*
> – Johannes 1:12–13, 1953-vertaling

> *Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*
> – Efesiërs 2:19, 1983-vertaling

As lede van God se huishouding word ons deel van sy gesin en daarom besit ons of is deel van alles wat God besit. Maar ons word ook burgers van Sy grootse regering. Dit impliseer dat ons wetlike regte en voordele in daardie regering het. Om 'n beter begrip te kry waarvan ek praat, laat ek praat oor wat dit beteken om 'n natuurlike burger van die VSA te wees. As burger van die VSA het jy wetlike regte. Jou wetlike regte is in ons konstitusie opgeskryf en in die wette wat deur ons regering goedgekeur is. Hierdie wette en voordele syfer deur na elke inwoner, maak nie saak wie hulle is nie. Daardie regte is nie gegrond in ons gevoelens of hoe slim ons is nie. Nee, dit word deur die wet vasgestel en is beskikbaar aan elke inwoner wat Amerika as hulle tuiste beskou. Dit is moontlik dat 'n burger nie sy wetlike regte ken nie, maar hulle het dit nietemin net omdat hulle burgers van die Verenigde State van Amerika is.

Hier is nou iets om oor na te dink, en ek hoop dit verander jou hele siening van God en hoe jy van God ontvang. Hier in die VSA het ons, as ons agterkom iets of iemand probeer ons wetlike regte van ons wegneem of dat ons onregverdig behandel is, toegang tot geregtigheid (geregtigheid beteken toepassing of administrasie van die wet), 'n proses wat ons wetlike regte toepas. Ons gaan hof toe, en die regter kyk nie na hoe ons lyk nie, of hoe ryk of arm ons is nie. Hy kyk na die wet. Hy moet elke keer ten gunste van die wet beslis. Dit is ons sekuriteit: dat ons wetlike regte het, en ons regering sal ons wetlike regte deur 'n proses van geregtigheid in die VSA toepas. Met dit in gedagte, kyk weer na Jesaja 9 waar dit praat van die heerskappy wat Jesus na die aarde bring.

> *Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid . . .*
> – Jesaja 9:6b, 1983-vertaling

Hierdie vers sê dat God se Koninkryk deur geregtigheid, die administrasie (toepassing) van God se wet, gevestig en toegepas word. Administrasie beteken die proses van implementering en toepassing van jou wetlike regte. Jou wetlike regte is wat God geregverdiging noem, of wat Hy sê is reg, Sy wet. Om te verseker dat jy dit het wat God sê is reg binne Sy Koninkryk, wat wetlik joune is as burger van daardie Koninkryk, het God jou toegang tot geregtigheid gegee, die proses of waarborg dat jy sal hê wat Hy aan jou belowe het. God het Sy wil aan ons bekend gemaak deur Sy Woord, die Bybel, sodat ons ons regte in Sy Koninkryk sal ken. Dit is goeie nuus! Alles wat jy in die Bybel lees wat God aan jou belowe het, is wetlik joune as burger van Sy Koninkryk!

Twee Korintiërs 1:20 sê duidelik dat al die beloftes – AL DIE BELOFTES – is "ja" en "amen". Dit is reeds besluit; is dus reeds wetlik joune.

> *. . . want al die baie beloftes van God in Christus Jesus is 'n volmondige "ja". Daarom is dit ook deur Christus se toedoen dat ons, om God te verheerlik, daarop "Amen" sê.*
> – 2 Korintiërs 1:20, NLV

Die absolute grondslag van God se Koninkryk is reg en geregtigheid – dit kan nie verander nie. Dink dus só daaraan: "As ek die wet van God se Koninkryk (Sy wil) ken, en ek weet ek het toegang tot geregtigheid, die proses van toepassing wat dit wat die wet sê, waarborg, dan is ek vol vertroue en nie bang nie".

> *En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.*
> – 1 Johannes 5:14–15, 1983-vertaling

Wanneer hierdie vers sê dat Hy ons hoor, praat dit nie van hoorbaarheid soos deur klankgolwe nie; dit praat van Hom wat die saak aanvaar. Dink aan die regter wat 'n saak aanhoor om te verseker dat geregtigheid seëvier. Die hofsaal en die regter is daar om te verseker geregtigheid is aan elke burger beskikbaar. Die regter se beslissing is nie op sy gevoelens gebaseer nie, maar op die wet wat hy bestuur en vir elke burger toepas. Die regter is daar om te verseker dat geregtigheid (toepassing van die wet) volgens die geskrewe wet plaasvind. In die geval van God is Sy troon (plek van gesag) en Sy krag daar om geregtigheid (die toepassing van Sy wil) aan alle mense wat Jesus en Sy Koninkryk aanneem, te verseker.

KONINKRYKE FUNKSIONEER DEUR WETTE EN WETTE VERANDER NIE.

Lees asseblief weer hierdie stelling baie stadig en vergelyk dit met jou huidige siening van God. Die meeste mense voel dat God Sy besluite op 'n individuele basis neem, maar dit is nie waar nie. Hy is die Koning van 'n Koninkryk wat nie verander nie. Hy neem nie, en sal ook nie besluite neem wat buite Sy wet val nie. Daarom kan ons weet wat Sy antwoord is voor ons vra, en ons kan seker wees dat ons het wat Sy wet sê voor ons dit sien, want Hy het die mag om die toepassing van Sy wet uit te voer.

Soos wat ek en Drenda begin leer het van ons wetlike regte in die Koninkryk, het dit dít wat ons van God en die Bybel gedink het, dramaties verander. Die gevolg van ons nuwe begrip het lewens verander. Geen gebedel meer nie. Geen gepleit nie. Ons het geleer wat God sê is wetlik reeds aan ons as inwoners van Sy Koninkryk gegee. Ons moes net aanhou leer hoe om wetlik dit wat wetlik ons s'n was, te eis, en om dit in die aardse ryk vry te stel. Dink aan wanneer jy 'n tjek kleinmaak. Alhoewel jy moontlik baie geld in jou tjekrekening mag hê, is daar 'n

wettige proses waarvolgens jy die geld opeis en die tjek wissel. In enige wetlike stelsel is daar 'n proses waarvolgens jy iets kan opeis, selfs al besit jy dit reeds.

> *Sy goddelike krag het ons immers reeds alles gegee wat ons nodig het vir 'n godvresende lewe, deur die kennis van Hom wat ons deur sy majesteit en goddelike krag geroep het.*
> – 2 Petrus 1:3, NLV

Dit is 'n koninkryk! Dié wat burgers van die Koninkryk is, het dieselfde regte as enigiemand anders wat 'n burger van die Koninkryk is. Dit is belangrik dat ons hierdie punt verstaan: Koninkryke funksioneer deur wette en wette verander nie. Hoekom is dit belangrik? Omdat dit beteken dat wanneer die Koninkryk werk of funksioneer en dit op onveranderende wette gebaseer is, dan is daar geen aanneming van 'n persoon in die Koninkryk nie. In plaas daarvan het enigeen dieselfde reg om die werking van Koninkrykwette te geniet as enige ander persoon.

Dit is hier waar dinge effens verwarrend in die kerk raak. Die meeste Christene dink dat God na willekeur besluit wat Hy in iemand se lewe wil doen. Hulle dink met ander woorde dat God kies om party te seën en party nié. Hulle dink God laat toe dat dinge met mense gebeur waaroor hulle geen beheer het nie. Hulle dink Hy sal een persoon genees en 'n ander nie. Die meeste Christene smeek God om hulle te help, maar Hy het alreeds alles gedoen wat Hy kan om hulle te help. Hy het vir hulle die Koninkryk gegee, die hele Koninkryk!

Toe God met my begin praat oor my finansies en dat ek meer oor Sy Koninkryk moes leer, het Hy vir my hierdie Skrifgedeelte gegee:

"Gelukkig is julle wat arm is, want
die koninkryk van God behoort aan julle."
– Lukas 6:20b, 2020-vertaling

God het my vertel dat die antwoord vir my finansies Sy Koninkryk was en dat jy dit kan vermeerder indien jy weet hoe om hier in die aardse ryk die wette van die Koninkryk te benut net soos Jesus het. Ek moet erken ek het nie aanvanklik geweet wat dit alles beteken nie. Maar soos ek nagedink het oor wat God vir my gesê het, het ek besef dat koninkryke in werklikheid deur wette funksioneer. Die funksie en uitwerking van 'n sekere wet kan geken en op gereken word om elke keer dieselfde te funksioneer want wette verander nie. Ek het nooit voorheen daaroor uit 'n geestelike oogpunt gedink nie. Maar as dit die geval was, en die Koninkryk van God werklik so funksioneer, kon ek daardie wette aanleer, dit toepas en die voordeel trek van hoe daardie wette in my lewe werk.

Ek het besef dat die wette wat hierdie aarde beheer, nie verander nie. Om die waarheid te sê, daar kan op hulle konstante en onveranderende funksie gereken word om iemand maan toe te stuur of om 'n vliegtuig te laat vlieg. Maar die meeste Christene benader God nie met daardie begrip nie. In plaas daarvan smeek en huil hulle wanneer hulle iets nodig het en probeer God oortuig van dit wat hulle benodig asof God moet kies om na hulle om te sien.

Indien ek byvoorbeeld in 'n sekere kerkkonferensie moet gaan preek, sou al die mense van daardie kerk begin bid dat die ligte aan sal wees vir daardie byeenkoms? Sou hulle vas en bid en God smeek: "Here, U weet hoe belangrik hierdie byeenkoms is en hoe belangrik dit is dat die ligte aan is", terwyl hulle in gebed snik en kerm? Ek dink nie so nie.

Om die waarheid te sê, ek twyfel of daar enige bekommernis oor die ligte sou wees en dat dit nie eers 'n gedagte sal wees in die beplanning vir die byeenkoms nie. As dit om een of ander rede sou gebeur dat die ligte nie aan is die aand van die konferensie nie, dink jy hulle sal die kragmaatskappy bel en hulle smeek om die ligte aan te sit? Nee. Indien hulle sou, is ek seker die verteenwoordiger van die maatskappy sal vir 'n oomblik luister, en dan na sy medewerker draai en sê: "Hier is 'n mal persoon op die lyn." Hy sal dan sê: "Dame, die krag is aan; die probleem is aan jou kant."

Wanneer ek by konferensies vir mense hierdie storie vertel, lag almal. Weet jy hoekom? Dit is omdat hulle weet dat om die kragmaatskappy huilend te bel en te vra om die ligte aan te sit, is baie dom; die meeste mense sal presies weet wat om te doen. Hulle sal bloot die skakelaar aanskakel. Dit is hoe eenvoudig dit sal wees! Geen groot emosionele uitbarsting nie, geen spanning nie; hulle sal net die skakelaar aanskakel. Wil jy weet hoekom hulle nie angstig is dat die ligte aan is nie? Dit is omdat hulle VERWAG dat die ligte aan sal wees. Hulle verwag dat die ligte aan sal wees want hulle weet hoe elektrisiteit werk. Hulle verstaan die WETTE wat elektrisiteit beheer, en hulle weet dat die wet nooit verander nie.

Maar as jy 1 000 jaar teruggaan in tyd en iemand vertel het dat jy 'n hele stad met klein gloeilampies gaan verlig, sou hulle gedink het jy is mal. En as hulle dan wel 'n straatblok sien wat deur klein gloeilampies verlig is, sou hulle gesê het dit is 'n wonderwerk. Enigiets wat mense nie kan verduidelik nie, noem hulle 'n wonderwerk. Maar dit is nie 'n wonderwerk nie; dit is eenvoudig die wet van elektrisiteit wat funksioneer net soos dit sal wanneer iemand tyd neem om te leer hoe elektrisiteit werk.

Ons het pas geleer hoe elektrisiteit werk, of jy kan sê ons gedagtes is vernuwe deur die wette wat elektrisiteit beheer. Daarom verwag ons dit sal werk en ons is nie verras wanneer ons dit sien funksioneer nie. Om die waarheid te sê, ons is meer verbaas as ons sien dit werk nie. Wanneer ons die wette wat elektrisiteit beheer, begryp en dit neerskryf, kan ons al die ligte regoor die wêreld dupliseer. Hoe? Ons kan dit doen deur ander te leer hoe hierdie wette werk en hulle toelaat om die voordeel van elektrisiteit ook te geniet. Dit alles word moontlik gemaak deurdat ons die wette begryp wat elektrisiteit beheer. Dieselfde is waar van geestelike wette. As ons dit nie verstaan nie, sal ons nie die vermoë hê om die voordeel daarvan te geniet nie en dit ook nie kan dupliseer as ons dit nodig het nie.

Wanneer ons 'n vliegtuig in die lug sien, sê ons nie: "Sjoe, dit is 'n wonderwerk" nie. Nee, ons verwag dat die vliegtuig weer sal vlieg want, weereens, ons verstaan hoe en hoekom 'n vliegtuig vlieg. En weereens, indien ons 'n 1 000 jaar sou teruggaan en een van die nuwe Airbus 380-stralers vlieg net bo die boomtoppe verby, wat sou mense gesê het? Hulle sou gesê het dit was 'n wonderwerk! Ek stem saam die 380 is indrukwekkend, weeg 545 000 kg, dra meer as 800 mense teen 917 km per uur vir ongeveer 14 500 km. Dit is so asemrowend dat jy dalk sal dink dit ís 'n wonderwerk. Maar dit is nie. Ons kan die ingenieurs wat die 380 gebou het, vra hoe dit werk, en hulle sal ons van elke wetenskaplike wet wat hulle gebruik het om daardie vliegtuig te laat vlieg, vertel, en hulle kan ons ook van elke skroefie en onderdeel wat gebruik is, inlig. Die ingenieurs was nie tydens die eerste vlug op die aanloopbaan en het nie gesê: "Sjoe, kyk net daar; ek kan nie glo die ding vlieg nie". Weereens, ons is vol vertroue om op 'n vliegtuig te klim want ons weet die vermoë om te vlieg is gebaseer op wetenskaplike wette wat nie

verander nie. Solank ons binne die parameters van daardie wette bly, sal die vliegtuig vlieg. Onthou dit: Wette verander nie!

Ons sal nooit op 'n vliegtuig klim as die wet nie konsekwent was nie. As ons 'n vliegtuigkaartjie koop en dit sê iets in die lyn van: "Vervoer op hierdie vliegtuig is op eie risiko want die wet van opstyging werk net sporadies. Die wet werk partykeer en ander kere nie. Niemand weet vir seker nie. Voel jy gelukkig? Geniet die vlug". Wanneer laas was jy bang jy gaan uit jou stoel uit opstyg? Nog nooit nie? Hoekom nie? Want jy weet die wet van swaartekrag verander nooit nie.

Die dinge wat ek genoem het, is wetenskaplike wette van die aardse ryk wat God geskep het. Maar raai wat? Die geestelike wette van Sy Koninkryk werk dieselfde – hulle verander nooit nie! Vóór God met my oor Sy Koninkryk gepraat het, het ek goed verstaan hoe die wetenskaplike wette van die aarde werk, maar ek het gedink die Koninkryk van God was anders. Ek het gedink God doen net wat Hy wil, en wanneer Hy wil. Maar ek het agtergekom dit is nie waar nie. Toe ek sien dat die wette van die geestelike Koninkryk van God verander nie en kan aangeleer, verstaan en toegepas word, het ek verstaan waarom Jesus aanhoudend gesê het: "Die koninkryk van die hemele is soos . . ." Hy sou dan die Koninkryk met iets in die natuurlike ryk vergelyk sodat mense kon verstaan hoe dit werk. Dit was of dit skielik 'n lig in my gedagtes aangeskakel het! Ek het gedink: "As God vir ons die Koninkryk gegee het, en Hy het, en die Koninkryk funksioneer deur wette wat nie kan verander nie, dan kan ek daardie wette aanleer en op my eie lewe toepas".

> *"Moet dus nie bang wees nie, klein kuddetjie. Want dit maak julle Vader baie gelukkig om die koninkryk aan julle te gee."*
> – Lukas 12:32, NLV

Dit is die dag wat ek 'n geestelike wetenskaplike geword het! Ek het die Bybel in 'n heel ander lig gesien. Ek het begin vrae vra wanneer ek die Bybel lees: "Hoekom het daardie visse vermenigvuldig? Waarom is daardie persoon genees? Hoekom het die brood meer geword?" ensovoorts. Toe ek die Bybel op daardie manier benader, en vir God gevra het om vir my die wette te wys wat daar is – SJOE!

Toe die Here daardie dag toe die prokureur gebel het, met my gepraat het en vir my gesê het ek het nog nooit die tyd geneem om te leer hoe Sy Koninkryk werk nie, het ek dadelik afgegaan en aan my vrou bely dat ek nie die Here gesoek het nie en toegelaat het dat ons in die gemors beland, soos ek reeds genoem het. Maar ons het nie regtig geweet wat dit beteken om die Koninkryk vir antwoorde te vertrou nie. Weereens, ons was reeds in die kerk, op pad na die hemel, en ons was lief vir God. Ons het geen konsep gehad van wat God bedoel het toe Hy op daardie tydstip die woord "Koninkryk" genoem het nie. Ons het 'n werklike probleem in die gesig gestaar en ons het nie geweet hoe ons die geld in die hande sou kry wat die prokureur binne drie dae wou gehad het nie. Ook nie hoe om die hofsaak wat teen ons aanhangig gemaak sou word, te hanteer nie.

Dit was dus 'n goeie toets. Dit was my eerste ervaring met 'n geldprobleem, en ek wou hê die Here moes my wys wat Hy met "die Koninkryk" bedoel. Nou kom ek vertel jou wat gebeur het. Onthou, die prokureur het gesê ek het drie dae om die geld aan hom te betaal, en ek het niks gehad nie! Dit is daardie wanhoop wat veroorsaak het dat ek na my slaapkamer gegaan en na die Here uitgeroep het; ek was in die moeilikheid! Dit is natuurlik toe dat Hy met my gepraat het dat die Koninkryk my antwoord was. En weereens, ek het nie 'n idee gehad wat Hy bedoel het nie. Maar ek was definitief bereid om te leer.

Twee dae later, in die aand, was ek op pad na 'n kliënt om oor sy lewensversekering te praat. Terloops, in daardie dae het ek my motor om die hoek van die kliënt se huis geparkeer, nooit voor die huis nie. Die minibus wat ek gery het, het 'n effense probleem gehad. Wanneer ek dit aangeskakel het, het dit die oprit of straat met wit rook gevul, en dit was nie min rook nie. Ek het net altyd gevoel dit sou nie goed vir besigheid wees as ek in die kliënt se oprit parkeer en wanneer ek ry, die hele oprit met rook vul nie. Ek het aangeneem dat my geloofwaardigheid op die gebied van finansies effens bevraagteken sou word as dit gebeur, want ek het hulle gevra om moontlik honderde duisende dollars by my te belê. As ek dan so 'n goeie finansiële bestuurder was, hoekom sou ek 'n voertuig bestuur wat amper nie loop nie? Daardie aand was nie anders nie.

Toe ek by die kliënt se huis wegstap, was ek geskok toe ek sien my kliënt stap saam met my die straat af na my bussie toe. Hy het niks daarby bedoel nie; ons het net gesels. Maar ek was bietjie bekommerd dat hy sou bly staan wanneer ek die bussie aanskakel. Ons het aanhou gesels terwyl ek ingeklim het. Ek het aangehou praat deur die afgerolde venster en gehoop hy groet en dan kon ek maak of ek iets doen terwyl hy wegstap, maar hy het dit nie gedoen nie. Ek het uiteindelik goeienag gesê, maar hy het net teruggetree en daar bly staan. Ek het geweet ek is uitgevang. Ek het die bussie aangeskakel en gehoop dit sou hierdie een keer nie in wit rook ontplof nie, maar daardie wens is nie bewaarheid nie. Die lug is amper dadelik met rook gevul wat ons oë laat traan het.

Die man het vinnig vir my gewys om die bussie af te skakel. Hy het na die afgerolde venster gestap en gevra of ek die enjinkap kon oopmaak. Hy het toe aan my verduidelik hy werk deeltyds as 'n motorwerktuigkundige en wou iets nagaan. Na 'n minuut het hy teruggekom

en gesê: "Nes ek gedink het; jy het 'n geblaasde silinderkop-pakstuk. Ry die bussie huis toe en laat dit onmiddellik herstel." Ek het hom bedank en weggery, maar sy diagnose het niks vir my beteken nie. Ek het nie die geld gehad om die bussie te herstel nie.

My kantoor was sowat 10 km van my kliënt se huis af, en terwyl ek teruggery het kantoor toe, het die bekende depressiekombers oor my kom val. Maar terwyl ek gery het, het ek onthou wat die Here vir my gesê het, en ek het met hom gepraat oor my bussie. Ek het gesê: "Here, ek het nie die geld om hierdie bussie te herstel nie. Ek skuld ook nog geld op die bussie, en ek kan dit nie verkoop as dit gebreek is nie. Ek weet nie wat om te doen nie. Miskien sal dit beter wees as die bussie net uitbrand. Dan kan die versekeringsmaatskappy uitbetaal en ek sal ontslae wees daarvan."

Sowat vyf kilometers van my kantoor af het ek gesien daar is 'n borrel op die enjinkap wat ek nog nie voorheen gesien het nie. Terwyl ek daarna gekyk het, het dit groter en groter geword totdat, toe ek die kantoor se parkeerterrein binnegaan, die borrel in 'n bol vlamme uitgebars het. Ek was in skok; die hele voorkant van die minibus was nou in vlamme gehul wat twee meter bokant die enjin uitgestaan het. Ek het vinnig by die kantoorblok ingehardloop en die brandweer geskakel. Die volgende dag is die bussie deur die versekeringsmaatskappy afgeskryf en hulle het vir my 'n tjek gegee wat die bussie afbetaal het, en daar was genoeg oor om die prokureur te betaal wat my drie dae tevore geskakel het. Ek en Drenda was verstom. Ons het nie geweet wat om te dink nie. Ons het geweet God het vir ons gewerk en dat iets besig was om te verander. Maar ons verbintenis aan die Koninkryk sou binnekort op 'n nuwe manier getoets word wat ons rigting vir die jare daarna sou vasstel.

OP DAARDIE PUNT HET ONS AAN ONSSELF BEWYS DAT GOD SE STELSEL WERK, EN ONS HET VERBIND DAARTOE OM AAN TE HOU LEER EN OM GOD SE KONINKRYKSTELSEL VAN DAARDIE OOMBLIK AF VORENTOE TE GEBRUIK.

Ná die bussie uitgebrand het, was ons natuurlik opgewonde, maar ons het skielik besef ons het nie meer 'n voertuig nie. Alhoewel die bussie nou klaar betaal was en die prokureur van die kredietkaart ook, het ons geen geld gehad om 'n nuwe motor te koop nie. Toe my pa hoor van die bussie wat ons verloor het, het hy gebel en aangebied om ons te help om 'n nuwe bussie te koop. Ons was opgewonde toe ons daardie nuus hoor. Ek en my pa het na 'n plaaslike motorhandelaar gegaan en 'n bussie gevind waarvan ek en Drenda gehou het. My pa het gesê hy sou ons $5 000 van die aankoopprys van $17 000 gee. Dit sou ons met $12 000 oorlaat wat ons moes finansier. Ek het die kredietaansoek onwillig ingevul en my pa het borg geteken. Hulle sou my die volgende oggend laat weet.

Ons kon daardie aand nie slaap nie. Ons het geweet ons kon nie daardie lening aangaan nie. Die Here het pas met my gepraat oor presies dit. Maar met geen voertuig nie, was die druk op my om te buig en in te gee. Ná 'n nag van amper geen slaap nie, het ek en Drenda ooreengekom dat ons bloot nie daardie leningsaansoek kon teken nie. Ek het my pa gebel en hom vir sy goedwillige aanbod bedank, maar vir hom gesê ons gaan dit nie gebruik nie. Ek het toe die motorhandelaar gebel en vir hulle dieselfde gesê. Hulle was ook teleurgestel omdat die lening daardie oggend goedgekeur was en dat die bussie gereed was om af te haal. En alhoewel ons nie 'n idee gehad het hoe God ons sou help met ons bussie nie, het ons albei vrede daaroor gehad.

In daardie tydperk het Drenda 'n paar antieke stukke verkoop wat sy by garageverkopings gekoop het. Sy het 'n boodskap gelaat vir 'n man oor 'n paar kamers se meubels wat te koop was 'n maand voor die bussie uitgebrand het, maar kon hom nog nie in die hande gekry het nie. 'n Paar dae ná die bussie uitgebrand het, het hy gebel en ingestem om drie kamers vol meubels aan Drenda te verkoop vir minder as $1 000. Drenda het 'n ooreenkoms aangegaan met 'n veilingmaatskappy om die meubels vir haar te verkoop en kon haar kommissie op die veiling onderhandel as 'n goeie gebruikte motor wat die maatskappy besit het in plaas van kontant. Nou het ons 'n goeie stasiewa besit wat opbetaal was, die kredietkaart was afbetaal en die lening was betaal.

Sjoe! So, dit is hoe die Koninkryk funksioneer. Op daardie punt het ons aan onsself bewys dat God se stelsel gewerk het, en ons weer verbind om aan te hou leer en om God se stelsel van die Koninkryk van daar af vorentoe te gebruik. Jy vra dalk: "Watter beginsel het julle toegepas?" Die grootste was om nie die skuld te vertrou nie, maar om God te vra wat ons nodig gehad het en om Hom toe te laat om ons te wys hoe om dit te oes.

Die bussie-insident het my nuuskierig gemaak en 'n ander insident wat 'n paar maande tevore plaasgevind het, versterk. Ek het nie toe verstaan wat God my gewys het nie. Die kolletjies was nog nie in my gedagtes as 'n Koninkryk-beginsel verbind nie.

Ek is lief om bokke te jag, maar het vir jare met leë hande teruggekeer. Ek sou uitgaan, in die koue sit en dag vir dag terugkeer sonder sukses. Dit was nie dat ek net lief daarvoor was om te jag nie; ek het babas gehad om te voer en ons kon die wildsvleis definitief gebruik. Alhoewel ek in die verlede sukses gehad het, was dit jare sedert ek 'n suksesvolle jagseisoen gehad het en vleis kon terugneem huis toe. Ek

het op 'n dag aan die opkomende jagseisoen gesit en dink toe ek die stem van die Here hoor. Hy het gesê: "Hoekom laat jy my nie hierdie jaar toe om jou te wys hoe om jou bok te kry nie?" Dit het my onkant betrap. My wys hoe om my bok hierdie jaar te kry? Wat beteken dit? Terwyl ek gebid het oor daardie woorde het ek gevoel om 'n finansiële saad of geskenk te saai met die doel om daardie bok te oes. Ek het gevoel die Here sê vir my dat wanneer ek saai vir my bok, ek moes glo dat ek dit reeds ontvang het voor ek dit in werklikheid verkry, volgens Markus 11:24 (1953-vertaling):

> *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra,*
> *glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*

Alhoewel ek as Christen altyd gegee het en my kerk ondersteun het, was dit 'n nuwe ervaring om soos hierdie te saai met 'n gefokusde doel en te glo dat ek dit reeds ontvang het. Ek het 'n tjek geneem en op die teenblaadjie geskryf: "Vir my 1987-bok". Ek het my hande daarop gelê en dit aan 'n bediening waarin ek vertroue gehad het, gepos. Terwyl ek dit gepos het, het ek verklaar dat ek reeds my bok ontvang het. Omdat ek in daardie tyd in Tulsa, Oklahoma in die stedelike gebied gewoon het, het ek nie regtig 'n plek gehad waar ek kon gaan jag nie, maar 'n vriend van my van die kerk het my uitgenooi om vir Dankseggingsdag na sy ouma se huis op die platteland te gaan. Hy het gesê daar is 'n paar bokke op die plaas. Ek en my gesin het op die oggend van Dankseggingsdag gery om 'n wonderlike dag van goeie kos en samesyn te geniet en om my bok te gaan haal.

My vriend het nie regtig geweet waarheen om vir my te sê om te gaan nie, maar daar was 'n weiveld wat deur die woud omring was, en hy het

voorgestel dat ek na die weiveld gaan en langs 'n groot boom te gaan sit wat daar was. Nou wil ek hê jy moet hierdie prentjie sien. Ek het in 'n gesnyde hooiweiveld met een groot boom in die middel gesit. Ek het met my rug teen die boom gesit en na die woud, wat omtrent 120 meter van my af was, gekyk. Nou dat ek terugdink, ek het net daar in die oop veld teen 'n boom gesit, nie wat jy die ideale situasie sal noem nie.

Sowat 30 tot 40 minute later het 'n bok, sonder dat ek dit geweet het, oor die veld agter my gehardloop in die rigting van die woud wat voor my was. Die boom was tussen my en die bok, daarom het die bok my nie gesien nie en ek het dit ook nie gesien nie. Die bok het reguit na die boom gehardloop op sy pad na die woud toe, sonder om my daar te sien sit. Toe die bok naby die boom kom, het hy my geruik en gestop, en gewonder waar ek was. Die bok het om die boom gekyk, en ons oë het op dieselfde oomblik ontmoet met net 5 meter tussen ons. Ek weet nie wie die meeste verras was nie, maar die bok het geen tyd gemors om in die vinnigste rat weg te trek nie. Met 'n harde snork het hy volspoed na die woud se kant toe gehardloop. Ek het nog daar gesit en probeer om die geweer op te lig en om hom in die visier te probeer vind.

Nou, om daardie witstertbok wat teen volspoed hardloop in my visier te kry en vinnig 'n skoot af te vuur, was nie die maklikste om te doen nie. Om jou die waarheid te vertel, ek het nog nooit vantevore na 'n bewegende bok geskiet nie. Ek kan wel onthou dat ek gesukkel om die bok in my visier te hou, want die bok het hoog in die lug in opgespring, soos wat witstertbokke doen wanneer hulle teen volspoed hardloop. Maar toe ek die sneller trek, het bok geval en nie beweeg nie. Ek was geskok! Dit het alles binne 'n sekonde gebeur. Die skoot was teen 100 meter soos ek dit afgetree het.

Toe hy die skoot hoor, het my vriend uitgekom en my gelukgewens met my bok toe hy dit daar sien lê. Ek het nie vooraf vir my vriend vertel wat die Here vir my gesê het oor hoe om my bok te ontvang nie, maar nou het ek na hom gekyk en gesê: "Ek dink nie hierdie bok was as gevolg van my goeie jagvermoë nie". Ek het 'n stukkie papier uit my sak gehaal waarop ek geskryf het die dag toe ek die tjek gepos het. Al wat dit gesê het, was: "Ek glo dat ek my 1987-bok ontvang, in Jesus se Naam". Ek het die dag en tyd asook die gebed neergeskryf. Ek het die papier na my vriend uitgehou om te kyk en hom begin vertel oor wat die Here my aangesê het om te doen.

Hierdie gebeurtenis het my aandag getrek. Ek weet sonder twyfel dat dit God was. Maar om die een of ander rede het ek nie verstaan dat ek 'n Koninkrykwet benut het nie. Om die waarheid te sê, was "Koninkryk" nie iets waaraan ek al gedink het nie. Om die bok te skiet was fantasties, maar sou dit weer gebeur? Sonder die konsep van Koninkrykwette sou ek nie weet hoe of watter wette veroorsaak het dat die bok te voorskyn gekom het nie. Daarom het ek dit aangeteken as 'n God-ding en het uitgesien om dit weer in die volgende jagseisoen te toets. Maar voor die volgende seisoen aangebreek het, het die bussie uitgebrand. Teen die tyd dat die bussie uitgebrand het en die stasiewa volop betaal was, het God my volle aandag gehad. Ek was nou werklik opgewonde om weer die volgende jagseisoen om my bok te gaan haal. Ek wou my teorie toets en meer oor God se Koninkryk leer. Die jagseisoen was nie meer te ver nie!

Ek het daardie eerste bok in Oklahoma in die herfs van 1987 geskiet. Maar in Julie 1988 het ons na Ohio, waar ek grootgeword het, getrek. Alhoewel ek daar grootgeword het, was dit 12 jaar sedert ek daar gewoon het. Terwyl ek daar grootgeword het, het ek nooit sukses

gehad om 'n Ohio-bok te skiet nie. Alhoewel ek heelwat kere probeer het, het ek nooit eers die kans gekry om na een te skiet nie. Ná ons in die dorpshuis wat ons in Ohio gehuur het, gevestig was, het ek besef dat ek nie geweet het waar om te gaan jag nie. As seun het ek hase gejag langs 'n spruit aan die oorkant van my pa se huis. Ek het vir baie jare 'n looplyn daar gemaak, maar nie een keer 'n bok of tekens van bokke in die omgewing gesien nie. Een dag, toe ek op universiteit was, het my broer my opgewonde gebel. Hy het gesê hy het 'n bok langs die spruit naby my pa se huis gesien. Ons was albei geskok.

Ek het daardie gesprek onthou en besluit ek sou na die onderkant van daardie spruit gaan vir die openingsdag van die jagseisoen. Ek het my broer geskakel en hom vir advies gevra oor waarheen om te gaan langs die spruit. Alhoewel hy lank tevore daar was, het hy 'n groot esdoringboom onthou wat langs die spruit was aan die agterkant van die woud, en hy het gedink dit sou 'n goeie plek wees. Omdat ek baie in my kinderjare teen daardie spruit op en af was, het ek elke kromming van daardie spruit geken en ek het presies geweet waarheen hy my stuur.

Ek en Drenda het dieselfde gedoen wat die Here vir ons die vorige jaar in Oklahoma gewys het – saai 'n saad, skryf dit neer, en glo dat ons ontvang wanneer ons bid – volgens Markus 11:24. In daardie stadium het Oklahoma 'n twee-bok-limiet van elke geslag gehad, maar ons het gedink om vir een bok te saai en dat ons later sou uitgaan om 'n tweede een te kry. Ek en Drenda het 'n saad vir die bok gesaai en geglo dat ons dit ontvang het toe ons gebid het. Merkwaardig genoeg het ons, binne 40 minute wat die jagseisoen oopgemaak het, nie een nie maar twee bokke gehad. Sjoe, ons het vir seker iets hier beetgehad!

Ek het 'n maand later 'n droom gehad oor 'n besigheidsidee. Die besigheid het al my finansiële kennis wat ek in die versekeringsbesigheid

opgedoen het, behels, maar dit het 'n ander doel in die droom gehad. Ek het dit nie heeltemal verstaan nie, maar ek was seker God was besig om my te lei om my eie besigheid te begin die firma, waar ek vir 8 jaar gewerk het, te verlaat. Ten tyde van hierdie droom het ek steeds lewensversekering en sekuriteite verkoop.

EK WAS GESKOK TOE EK SIEN DAT HIERDIE GESIN IN MINDER AS 7 JAAR UIT HULLE SKULD KON WEES – DIT HET HULLE VERBAND INGESLUIT – SONDER OM HULLE INKOMSTE TE VERANDER.

In daardie week het ek 'n besoek aan 'n gesin geskeduleer om oor versekering te praat, en alhoewel ons oor lewensversekering gepraat het, het ek geweet dat hulle grootste behoefte of probleem nie lewensversekering was nie. Hulle maandelikse begroting en skuld het hul lewens omgekeer gehad. Die normale beplanning wat ek vir my kliënte gedoen het, het behels dat hulle 'n vorm moes invul wat al hulle finansiële data bevat. Dit het my gehelp om te bepaal hoeveel lewensversekering hulle nodig gehad het. Ek was daardie aand ontsteld oor hierdie gesin. Ek wou hulle help, maar het nie geweet hoe nie. Ek het hulle vorm geneem en het aan 'n paar opsies gewerk. Terwyl ek op my finansiële sakrekenaar gewerk het, het ek afgewyk van 'n lewensversekeringsperspektief en begin kyk of ek enige kontant uit hulle maandelikse begroting kon losmaak. Ek was geskok toe, deur net 'n paar goed rond te skuif en met die sakrekenaar te speel, ek sien dat hierdie gesin in minder as 7 jaar uit hulle skuld kon wees – dit het hulle verband ingesluit – sonder om hulle inkomste te verander.

In hierdie stadium was ek reeds vir 8 jaar in die finansiële veld en ek het nog nooit iemand hoor sê dat dit moontlik was nie. Ek het dit oor en

oor uitgewerk en dieselfde antwoord gekry: 6.2 jaar en hulle sou skuldvry wees. Ek het toe na die staalkabinet gestap en ander kliënte se vorms uitgehaal. Ek het dieselfde berekenings gedoen en dieselfde antwoord gekry: onder 7 jaar en skuldvry. Om eerlik te wees, ek was geskok.

Ek het gedink dit sou my kliënt bemoedig om dit te sien, daarom het ek 'n mooi voorlegging getik en dit wat ek uitgewerk het oor hulle lewensversekeringsbehoeftes, aangebied. Ek het regtig sleg gevoel vir hierdie gesin. Ek het geweet hoe finansiële stres elke area van jou lewe beïnvloed en wou hulle laat weet alles is nie hopeloos nie. Ek het my voorlegging aan my kliënt aangebied en deur die syfers gewerk; hulle was stomgeslaan. Ná ek hulle gewys het hoe vinnig hulle skuldvry kon wees, het die man in trane opgespring en my bedank. Dit was regtig soos 'n TV-program waar iemand die lotery of die groot prys op 'n speletjieprogram wen. Hulle kon skaars glo wat ek hulle vertel het. Ons was almal ontroer deur hierdie ervaring.

Terwyl ek oor daardie aand nagedink het, kon ek nie die feit afskud dat ek, deur eenvoudig die kliënt se bates en syfers te herrangskik, hulle kon wys hoe om skuldvry in minder as 7 jaar te wees nie. Ek het die impak en die hoop gesien wat dit hulle gee. Ek het deur meeste van my kliënte se lêers gewerk om te sien hoeveel van hulle in die "skuldvry-in-onder-7-jaar"-kategorie sou val. Ek was verstom om te sien dat 85 persent van hulle het. Maar wie het mense daarvan vertel? Ná daardie aand met my kliënt en ná ek deur al my ou kliëntlêers gewerk het, het ek besef dat ek moontlik 'n besigheid kon begin waar ek mense wys hoe om uit die skuld te kom met my plan.

Nou, alhoewel ek nog nie self uit die skuld was nie, het ek beslis empatie gehad met mense wat finansieel gestres was, en hierdie missie was vir my baie aantrekliker as om net lewensversekering te verkoop.

Ek het aan al my kliënte dieselfde soort rekenaardrukstuk gewys, en hulle almal, sonder uitsondering, was geskok.

Maar as besigheidsmodel was daar 'n paar probleme wat ek eers moes oplos. Die eerste was dat dit te lank geneem het om die berekenings per hand te doen en dit dan in 'n voorleggingformaat te tik. Tweedens, hoe sou ek 'n inkomste hieruit genereer? Ek het uiteindelik 'n ooreenkoms met 'n sagteware-ontwikkelaar aangegaan wat vir my 'n program geskryf het wat die plan vinniger sou uitwerk. Oor my tweede probleem: Ek het geweet ek kan nie regtig vir mense geld vra om uit die skuld te kom as hulle nie geld gehad het nie. Ek het begin om hieroor te bid.

Op 'n dag het ek hierdie idee gekry. Ek het regtig gevoel hoe God my 'n idee gee oor hoe om my besigheid te bedryf; om mense te help sonder om hulle geld te vra, en terselfdertyd geld vir myself te genereer. In my plan sou ek soek na iets wat ek "verlore geld" genoem het, geld wat die kliënt reeds gehad het, maar nie kon sien nie. Ek sou byvoorbeeld 'n vergelyking tussen motor-, huis-, lewens- en gesondheidsversekeringstariewe doen en vir besparings soek. Ek sou verbandkoerse vergelyk om te sien of herfinansiering enige sin sou maak. Ek sou na baie soortgelyke dinge kyk, alhoewel ek nie persoonlik elke besigheidsarea gehanteer het wat ek nagevors het nie. Wanneer ek by my kliënt se huis was, sou ek hierdie besparings aan hulle wys en hulle op hulle eie uitstuur om 'n verteenwoordiger te vind wat 'n maatskappy hanteer wat goedkoper vir hulle sou wees. Ek het skielik besef dat hierdie kliënt selfs 'n verwysingsfooi vir daardie maatskappye werd sou wees.

In wese het ek reeds al die werk gedoen om my kliënt met hulle maatskappy en produk te verbind. Al wat hulle moes doen, was om hulle eenvoudig te laat teken. Ek het begin om die verteenwoordigers en professionele mense wat ek aan my kliënte voorgestel het, te kontak

en hulle gevra of hulle gedink het dit was 'n verwysingsfooi werd. Hulle almal het "ja" gesê. Dit is dus wat ek gedoen het. Ek het bedank by my ou maatskappy en het my eie besigheid begin waar ek mense gehelp het om uit die skuld te kom. Die besigheid het vinnig gegroei en in die proses het dit genoeg geld gegenereer om my en Drenda in twee en 'n half jaar uit die skuld te kry! Ons was só opgewonde! (Sou jy belangstel om 'n gratis plan te laat opstel, skakel 1-800-815-0818. Ons doen dit steeds vandag – 28 jaar later!)

Elke dag was 'n nuwe dag soos God ons meer en meer gewys het hoe Sy Koninkryk funksioneer. Terwyl ek 'n ander kliënt besoek het, het God met my gepraat daaroor dat ek mense moet aanstel en my klein besigheidjie in 'n werklike besigheid te bou. Soos wat ek mense aangestel het, het ons besigheid begin floreer na hoër en hoër vlakke. Ek het jou in die inleiding vertel hoe ons begin het om kontant vir ons motors te betaal en hoe ons ons droomhuis gebou het. In my maandelikse besigheidsvergaderings met my nuwe werknemers het ek hulle van die Koninkryk van God vertel. Mense is aangetrek na my maatskappy omdat hulle meer wou hoor oor die Koninkryk en hoe om dit in hulle eie lewens toe te pas, net soveel soos hulle wou hoor oor die besigheidsgeleentheid self.

Die lesse wat God vir my geleer het, was merkwaardig en, natuurlik, het ek baie van daardie lesse geleer terwyl ek op die jagveld was. Die stories wat ek gesien het, was absoluut verstommend, om die minste te sê. Ek sou dit nie geglo het as ek dit nie met my eie oë gesien het nie. Elke storie het my iets nuuts oor die Koninkryk geleer wat ek nog nooit voorheen gesien het nie. Ek het gedink om 'n paar van hierdie stories in hierdie boek met jou te deel, maar as jy regtig my jagverhale wil lees, kan jy 'n kopie van my boek, *Faith Hunt*, op my webtuiste kry.

Hierdie storie het 'n paar jaar gelede in my ontdekking van bokkejag gebeur en ek het my nuutgevonde kennis van die Koninkryk gebruik. Soos ek reeds met jou gedeel het, het God my geleer om te saai vir my bok en dit te ontvang as reeds gedoen wanneer ek gebid het – en sonder uitsondering, het ek my bok binne 30 tot 45 minute elke jaar ontvang. Terloops, dit gebeur nou al vir 28 jaar. In elk geval, ek het hierdie spesifieke jaar soos gewoonlik uitgegaan, hierdie keer ten volle verseker dat my bok sou verskyn. En sowaar, binne 'n paar minute het ek 'n bok gesien wat wegloop voor my, op pad om my buurman se eiendom, wat ongeveer 200 meter weg was, binne te gaan. Ek het geweet dat sodra die bok die woud ingaan, hy weg sou wees. Maar tog het ek geweet dit was my bok. Dit was in die dae voor ek enigiets geweet het van boogskiet, hoe om snorkgeluide te maak of ratelgeluide te gebruik om die bok te lok. Ek het geweet die bok was my oes, maar het hulpeloos toegekyk hoe die bok op pad was na my buurman se woud. Eweskielik het ek in my gees gehoor: "Sê vir die bok om na jou toe te kom". "Wat? Sê vir die bok om na my te kom; wat beteken dit?". Ek was nie seker nie, daarom het ek hardop, maar nie hard genoeg vir die bok om te hoor nie, gesê: "Bok, ek beveel jou om te stop, om te draai en onder hierdie boom te kom staan". Ek het met 'n boog gejag en het die laaste gedeelte bygevoeg want ek wou gehad het die bok moet baie naby wees. Ek het gereken dat as geloof daardie bok na my toe gaan bring, dan kon dit netsowel onder die boom kon wees waar ek 'n goeie skoot kon inkry.

En wonderbaarlik genoeg, toe ek daardie woorde spreek, het die bok dadelik gestop, omgedraai en reguit na my boom toe gestap. Ek was in skok dat die bok die 200 meter direk in my rigting stap en onder my boom, ja, direk onder my boomstellasie, gaan staan. Dit was net

4 meter bokant hom. Ek het nie kamoefleerdrag aangehad nie, niks gehad om my reuk mee te verberg nie, geen snorkgeluide gemaak nie. Dit was net ek en God. En tog het die bok nou reg onder my gestaan. Ek dink nie enigeen sou daardie skoot kon mis nie. Ek het daardie bok met groot vreugde teruggeneem huis toe, maar ek kon nie vergeet wat ek pas gesien het nie. Het daardie bok regtig na my toe gekom omdat ek gepraat en hom beveel het om dit te doen? Dit het so gelyk.

Die plaas wat ons in Ohio gehuur het, het 36 hektaar beslaan en het bestaan uit woude, 'n beboste gebied met 'n paar strome en landerye. In die wintermaande, veral as daar sneeu op die grond was, het ons graag hase gaan jag. Ohio het ook 'n ringnek-fisant-seisoen gehad wat saam met die haasseisoen geval het, maar ons het baie selde 'n fisant op ons plaas gesien.

Op hierdie spesifieke dag was ons uit om hase te jag aan die onderkant van die spruit toe 'n mannetjiesfisant skielik opvlieg. Ek het dadelik na die voël gemik en geskiet. Ek het die oomblik toe ek die sneller trek, geweet ek net die voël se vlerk gekwes. Die fisant het geval; maar die oomblik toe hy die grond tref, het hy baie vinnig weggehardloop. 'n Fisant kan tot so vinnig as 56 km per uur hardloop, en hierdie een het sy bes probeer om dit te bewys. Daar was vars sneeu op die grond, en die voël het in die oop weiveld, wat effens opdraande geloop het, gehardloop, en ek kon maklik elke tree wat die voël geneem het, dophou terwyl hy probeer ontsnap.

Vir 'n oomblik het ek hulpeloos gestaan en gedink die voël sou wegkom, maar in my gees het ek 'n skielike salwing gevoel. Ek het onthou wat gebeur het toe ek die bok beveel het om te stop en in my rigting te draai. Ek het gevoel ek moes dit op daardie oomblik probeer, en daarom het ek uitgeroep: "Fisant, in die naam van Jesus, STOP!" Ek

het die voël dadelik uit my sig verloor. Ek kon die hele veld duidelik voor my sien, en die fisant het dadelik gestop toe ek uitgeskree het. My seun, Tim, was by my en het gesê: "Pa, die fisant het dadelik gestop toe jy uitgeroep het". Maar waar was hy? Ek en Tim het sy spoor tot in die veld gevolg en daar het die fisant gesit in die sneeu. Sy kop was omtrent halfpad in die sneeu begrawe, maar die res van sy lyf het net daar in die oopte op die sneeu gesit. Dit was effens agter 'n stukkie gras, en dit is waarom ons dit nie kon sien nie. Was hy dood? Ek het die voël opgetel en dié het dadelik sy vlerke begin klap en geskree. Die voël was nog lewendig! Toe ek die voël later ondersoek toe ons dit slag, het ek gesien ek het sy regtervlerk net effens gekwes. Ek en Tim het in verwondering na mekaar gekyk. Niemand sou glo wat ons pas gesien het nie. Niemand nie.

Soos ek voorheen genoem het, het Ohio 'n twee-bok-limiet van elke geslag gehad, maar net een bok kon per jaar geoes word. Ohio het probeer om die bokbevolking in die staat uit te dun deur meer ooie te teiken. Ek het nou my saad gesaai vir 'n ram en 'n ooi, en sonder uitsondering het die ram binne 30 tot 40 minute die eerste keer wat ons uitgegaan het, te voorskyn gekom, en die ooi die volgende keer wat ons uitgegaan het. Dit het my een dag getref: "Wag so 'n bietjie; die bokke kom uit in die volgorde wat ek dit neergeskryf en ek my saad gesaai het". Kon dit waar wees? Wat sou gebeur as ek die volgorde verander? Ek sou gewoonlik vir 'n ram en 'n ooi saai, en hulle sou in daardie volgorde verskyn. Hierdie keer het ek vir 'n ooi en 'n ram gesaai in plaas van 'n ram en 'n ooi; weer het die bokke gekom, maar hierdie keer het die ooi eerste gekom en toe die ram. Ek het dit vir 'n paar jaar omgeruil om my teorie te toets, en dit het elke keer gewerk. Ek het hierdie dinge sien gebeur, en ek was verstom oor die Koninkryk en het besef hoe min

ek daaroor weet. Een ding was seker, die Here het my gewys ek het baie meer gesag oor hoe my lewe verloop as wat ek ooit gedink het.

'n Synota hier: Dit is tans die 2015 bokseisoen. Ek het gesaai vir 'n ram van vier punte of groter, 'n jaaroud-ooi, en 'n jaaroud-rammetjie, vir die pot. En jou waarlik, 'n sespunter het reguit na my boom toe gekom; die volgende keer het ek 'n jaaroud-ooi geskiet, die enigste een wat na my boom toe gekom het. Ek weet die jaaroud-rammetjie sal verskyn wanneer ons weer uitgaan. Ek weet dit klink te goed om waar te wees; ek vertel jou net wat ek sien gebeur.

Maar daar is een jagseisoen wat dit alles so duidelik gemaak het dat dit my bang gemaak het. Ek het my saad gesaai vir 'n ram wat se horings 4-punt of groter was en ook vir 'n jaaroue ram (wat tel as 'n ooi want sy horings is onder die pels en net klein ronde puntjies). Ek het soos gewoonlik uitgegaan en het my 8-punter ram binne 15 minute gekry. Toe ek die volgende keer uitgaan, was ek seker ek sou die jaaroue ram sou daar wees.

Ek het twee weke later weer uitgegaan, en terwyl ek daar in my boomstellasie gesit het, het ek 'n mooi 8-punter oor die weiveld, omtrent 270 meter van my af, in my rigting sien loop. Hy het direk na my boom toe geloop. Hy het nie van koers af gewyk nie en het direk uit die veld tot onder my boom geloop en vir 20 sekondes daar gestaan. Toe het hy omgedraai en terug na die veld geloop op presies dieselfde pad wat hy gekom het. Onthou, net een bok was in Ohio wettig, en ek het reeds 'n 8-punter gehad. Ek moes dus net daar sit en kyk na die bok en mag nie geskiet het nie. Ek was nou heeltemal verward. Dit was die eerste keer dat ek gaan jag het en wat 'n bok so naby aan my gekom het, en dit was nie die bok waarvoor ek my saad gesaai het nie. Die manier wat die bok opgetree het – reguit na my boom toe uit die veld uit, en

toe omgedraai en teruggeloop het op dieselfde pad as wat hy gekom het, was net vreemd. Dit was asof die bok 'n opdrag gehad het. Ek het die hele oggend gesit en wag, maar die jaaroud-ram het nie gekom nie.

Al hierdie dinge het my daardie aand in my kantoor gepla. Iets was verkeerd; die jaaroud-rammetjie moes gekom het. En hoekom het die agt-punter net so opgedaag? Terwyl ek daar gesit het, het ek in tale begin bid en God gevra om my te wys wat gebeur het. Ek het gehoor hoe Hy vir my sê: "Kyk na jou saad". Kyk na my saad? Ek weet waarvoor ek gesaai het. My bank maak afskrifte van my tjeks, daarom het ek my staat uitgehaal en gekyk na die tjek wat ek uitgeskryf het om te saai vir my bok. Ek het gedink ek het gesaai vir twee bokke, een bok 'n 4-punter of groter en die ander een vir 'n jaaroud-ram, wat tel as 'n ooi, soos ek voorheen gesê het. Maar dit is wat op my tjek gestaan het: "twee bokke, 4-punt of groter, een jaaroud-ram". Alhoewel ek bedoel het twee bokke, een 4-punter of groter en een jaaroud-ram, is dit nie wat daar gestaan het nie. Dit het gesê: "two bucks, four point or bigger, one button buck." Hoeveel bokke was dit? Drie, en die tweede een was 'n 4-punter of groter, net soos die eerste een. Toe ek dit sien, het ek verstom bly sit. Die 8-punter het 'n opdrag uitgevoer. Hy was veronderstel om daar te wees as gevolg van 'n Koninkrykwet. Ek het opgespring, begin skree en deur die huis gehardloop. SJOE!!

Maar dit het my terselfdertyd bang gemaak. Wat ek gesien het, was hoe presies en spesifiek die Koninkryk funksioneer, en dat ek versigtiger moet optree. Ek het onbewustelik gebeurlikhede in plek gesit wat ek nie wou gehad het moet gebeur nie, tog het dit wel plaasgevind want ek het dit volgens 'n geestelike wet vrygestel. Ek het nou besef dat baie mense, myself ingesluit, ervaar dinge wat hulle nie regtig wou laat gebeur nie, maar hulle het dit wat hulle ervaar, self in werking gesit.

Onthou Jesus het, met Sy woorde, 'n vyeboom doodgemaak en op 'n ander keer vir Lasarus uit die graf geroep. Albei hierdie gevalle het dieselfde wet vir verskillende doelwitte gebruik. Die volgende keer wat ek uitgegaan het om te jag, het die jaaroud-ram te voorskyn gekom soos wat ek daarvoor gesaai het.

Hierdie reeks gebeurtenisse het my onkant gevang en het 'n groot impak gehad op my siening van die Koninkryk. Ek het nou, sonder voorbehoud, geweet die Koninkryk was inderdaad baie spesifiek. En tog is ons verras daardeur? Elke wetenskaplike wet in die aardse ryk is so spesifiek. Ek skat ek het net nooit besef dat geestelike wette net soos die wetenskaplike wette werk wat die geestelike tot stand gebring het nie. Ek moes, maar ek het nie. Maar nou weet ek die Koninkryk is spesifiek, baie spesifiek.

Oraait, so julle het gevra, daarom sal ek nog een jagstorie vertel. (Ek hou baie van hierdie lesse wat ek geleer het, daarom sal julle my maar moet verskoon.) Toe ek sien hoe spesifiek die Koninkryk was, het ek besluit om 'n eksperiment uit te voer wat selfs meer spesifiek was. In dié jaar het ek besluit om vir 'n 7-punter-bok te saai. Bokke het gewoonlik dieselfde hoeveelheid punte aan albei kante. 'n Vier-punter het twee punte aan elke kant; 'n 8-punter het vier aan elke kant, ens. Maar baiekeer sal 'n bok se horings nie ewe aan elke kant wees nie, om verskeie redes, en hulle het dan verskillende hoeveelhede horings aan elke kant. Maar, soos ek gesê het, het hulle normaalweg eweveel horings aan elke kant.

Ek wou my geloof vrystel vir iets wat spesifiek was en nie die normale nie, omdat ek besig was met 'n "eksperiment". Ek het reeds geleer dat hoe meer spesifiek jy is, hoe langer gaan jy dalk moet wag, en hoe meer spesifiek sal die instruksies van die Heilige Gees wees om dit te

laat gebeur. Daarom het ek geweet om nie op die openingsdag van die boogskietseisoen uit te gaan nie; ek het geweet die bok is nie daar nie. Om die waarheid te sê, ek het regdeur Oktober gewag en ek het in my gees geweet: "Nee, hy is nog nie hier nie". Dit was frustrerend; die herfskleure, die woude – ek wou regtig graag uitgaan. Maar tog het ek gewag.

Toe gebeur dit. Een aand toe ek in die sitkamer met my vrou se ouers, wat vanuit Georgia kom kuier het, gesit en gesels het, het ek dit gehoor. Die volgende oggend sou die dag wees. Die 7-punter sou daar wees. Ek het vir die hele familie vertel dat ek my bok die volgende dag sou kry. Ek het opgewonde wakker geword en was al voor donker uit. Ek het met my kruisboog gejag vanuit 'n boomstellasie wat op 'n 4-hektaar-moeras uitgekyk het aan die grens van die woude. Dit was 'n pragtige plek. Die eende kom ingevlieg terwyl jy daar sit; muskusrotte en selfs wesels het teen die grens beweeg. Die moeras was begrens met bosse, en dit was een van die top slaapplekke vir die bokke op my eiendom. Terwyl ek op die stellasie gewag het, het niks gebeur nie. Ek het vyf-en-veertig minute gewag, toe 'n uur, en steeds niks nie.

EK HET NOU SONDER TWYFEL GEWEET DIE KONINKRYK WAS INDERDAAD BAIE SPESIFIEK.

Ek het gehoor hoe motordeure oop en toe gaan oorkant die veld by my huis, en ek het geweet dit was Drenda se ouers wat op pad Georgia toe was. Ek het beloof om saam met hulle ontbyt te eet voor hulle ry, en ek was die kok. My oorspronklike plan was om die bok vroeg te skiet en dan huis toe te gaan vir ontbyt. Maar die bok was nog nie daar nie, en ek het onwillig afgeklim uit die boomstellasie en huis toe gestap. Ek het uit ondervinding geweet dat die bokke later die oggend in die moerasgebied sou inkom, want dit was een van hulle primêre slaapgebiede, soos

ek genoem het. O wel, ek het geweet die bok sou enige oomblik daar wees, maar ek kon nie langer daar bly nie. Ek sou maar net op 'n ander oggend moes uitkom.

Ek het almal by die huis gegroet en begin met ontbyt. Ek is die een wat altyd ontbyt maak by my huis en doen dit al langer as wat ek kan onthou. Ek het my eie spesiale resep vir volgraanwafels wat absoluut heerlik is, al sê ek self so. Die spyskaart bestaan uit eiers, wors en kaas-mieliegruis, maar die een item wat my ontbyt so spesiaal maak, is die egte esdoringstroop. Ohio is esdoringstroop-wêreld, en mense van die omgewing maak en verkoop almal esdoringstroop. Ek het geen onegte stroop in my huis toegelaat nie, net die egte stroop. So, hier maak ek ontbyt gaar, en ons kombuisvenster kyk uit op die woude en die moeras. Skielik sien ek 'n bok wat oor die veld stap in die rigting van die moeras. Ek skree: "Daar is my bok!" Ek het my gesin gevra om voort te gaan met die ontbyt want ek wou agter die bok aangaan!

Ek het presies geweet in watter rigting hy gaan; en om daar te kom sou hy direk onder my boomstellasie verbygaan. Ek het gereken dat indien ek die stellasie van die agterkant benader en hopelik kan opklim vóór die bok daar kom, ek moontlik 'n pyl sou kon afskiet. Maar om daar te kom en in die boom te klim voor die bok daar kom, sou moeilik wees en ek sou NOU moes gaan! Ek het by die deur uitgehardloop en my boog op die pad uit gegryp. Ek het om die veld gehardloop en toe, so stil as wat ek kon, tot by die stellasie beweeg. Ek het stadig opgeklim. Tot dusver het dit goed gegaan, en ek het die bok nog nie gesien nie.

Ek het tot bo-op die stellasie geklim en gaan sit, en net toe het die bok deur die moeras gekom, direk in die rigting van die boom waar ek was. Die bok het nie aandag gegee aan enigiets behalwe die ooi wat hy gevolg het nie en het my nie gesien of geruik nie. Die ooi het onder my

stellasie deur getrippel die moeras in, en die ram het gevolg. Ek kon dit nie beter bestel het nie. Nou dat die ram by die 25-meter-merk was, het ek versigtig gemik met my kruisboog en die pyl afgeskiet. Ek het besef die tweede pyl, wat ek afgeskiet het, is vrygestel. Kom ons wees eerlik; ek was amper uitasem gehardloop soos wat ek voor die bok by die boom wou kom.

Ek was teleurgesteld om te sien die pyl tref baie laag, en ek het geweet ek het enige lewensbelangrike areas gemis. Toe die pyl tref, het die bok by die digte bos ingespring en buite sig verdwyn. Wat ek in vorige jagte gesien het, was dat 'n bok nie altyd besef het hy is deur 'n pyl getref nie. Baiekeer loop hulle net weg, solank hulle jou nie gesien of geruik het nie. Ek het ook geweet dat 'n gekweste bok in die bos sal gaan lê en gewoonlik nie ver loop nie. Omdat hierdie ram my nie gesien het nie, het hy dit presies so gedoen. Ek het baie saggies uit die boomstellasie geklim en na die huis beweeg op die paadjie wat ek vroeër tot daar geneem het. Ek het die lang pad geneem want ek wou nie die bok afskrik nie.

Toe ek by die huis kom het almal my gevra wat gebeur het en of ek die bok gekry het. Ek het almal vertel wat gebeur het en my seuns gevra om my te kom help om die bok uit die bos te jaag. Ek het gehoop om nog 'n skoot in te kry. Ons het die beboste gebied omsingel en stadig deur beweeg. Skielik het ek gesien hoe een van my seuns die bok opgejaag het en die bok het deur die hoë bosse gespring. Die bok was sowat 60 meter voor my, en het van links na regs gespring.

Skielik het die bok my ander seun aan die kant van die veld gesien. Toe die bok besef dit was nie dieselfde mens wat hom opgejaag het nie, het hy nie geweet watter kan toe dit veilig was om na te hardloop nie, en hy het gestop om sy opsies te oorweeg. Ek het geweet dit was my

enigste kans indien ek die bok wou skiet. Hy het my nog nie gesien nie. Hy het 60 meter skuins voor my gestaan en na my seun gestaan en kyk. 'n Kruisboog het baie energie om 'n bok teen 'n afstand dood te maak, maar die pyl sal minder trefkrag hê op 60 meter. Ek het nog nooit voorheen 'n boog teen daardie afstand geskiet nie, en hierdie was nie een van die nuwer 85-kg-trekboë wat 'n pyl teen 120 km per sekonde kon skiet nie. Die boog se akkuraatheid was maar tot 30 of 35 meter beperk.

Omdat die bok skuins voor my was en stilgestaan het, het ek besluit om die skoot te neem. Ek het die kruisboog opgelig, na die bok gemik en die pyl afgetrek. Ek het gekyk hoe die pyl in die bok se rigting trek, en het verras gesien hoe dit die bok in die nek tref. Omdat die pyl halfpad deur die bok se nek gegaan het (jammer vir al die detail), het die pyl aan albei kante uitgesteek toe die bok opspring. Die bok het in die bos ingespring maar ek kon nie sien waarheen nie. Ek het stadig na die bos geloop waar die bok ingegaan het. Daar is hy! Die pyl het sy werk gedoen en ek het my bok gehad.

Toe my seun Tim by my aansluit, was ek meer geïnteresseerd in die bok se horings as enigiets anders. Ek het nie regtig tot nog toe kans gehad om hulle te tel nie, maar toe ons dit tel, was daar sewe punte. Toe ons nader kyk, het ons gesien hy het eintlik agt punte gehad, maar een van die punte was afgebreek, wat die bok 'n 7-punter gemaak het. Ek en Tim het net daar in verwondering gestaan en die Here geprys. Die Koninkryk was absoluut wonderbaarlik! Terwyl ons daar gestaan het, het ons ook besef: "Wie gaan ons glo? Weet enigiemand ooit die Koninkryk werk so?"

Ek dink jy verstaan my punt. Die Koninkryk funksioneer deur baie spesifieke wette wat vasgestel is en jy kan altyd daarop staatmaak dat

dit elke keer dieselfde werk. Ek was in die begin so opgewonde toe ek besef het hierdie wette kan vir alles werk, ook vir geld. Ek kon hierdie wette leer. Ek sou 'n geestelike wetenskaplike word, en ek sou uitvind hoe hierdie Koninkryk werk. God sou my help.

HOOFSTUK 2

DIE BLOU WASIGHEID

Toe ek en Drenda begin sien hoe die Koninkryk in ons lewens opereer en funksioneer, het ons heeltemal skuldvry geraak, en ons wou almal vertel wat ons geleer het. Ons het dit aan almal wat wou luister, vertel terwyl ons ons kerk gestig en ek my besighede bestuur het. Maar ek het in my gees gevoel daar was nog iets; ek het nie geweet wat nie, maar ek het geweet daar is meer waarna God my lei om die Koninkryk met mense te deel.

Regdeur 2005 het ek 'n behoefte in my gees gehad om 'n finansiële rewolusie-konferensie te hou, 'n reeks van vyf byeenkomste waar ek gevoel het ek moet sommige van die Koninkryk-finansiële beginsels wat my lewe verander het, uitlê. Ek het in 'n Metodiste-kerk grootgeword en ons het partykeer weeklange herlewings gehou. Dit was hierdie soort model wat ek in my gees gesien het – vyf sessies waar ek die tyd sou hê om mense te lei deur die konsepte en beginsels wat God my in die finansiële ryk geleer het. Tot op daardie tydstip het ek nog nooit hierdie beginsels bymekaargevoeg op 'n sistematiese manier nie. Maar in my gees het ek aanhou sien hoe ek 'n vyf-sessie byeenkoms oor finansies aanbied.

Terwyl ek daaroor gebid het, het ek in Larry vasgeloop, 'n vriend wat ek vir 'n rukkie lank nie gesien het nie. Hy het my vertel van 'n opkomende konferensie wat hy sou aanbied in Albanië, en hy het my uitgenooi om

daar te praat. Larry was al vir amper 12 jaar in die sendingveld in Albanië en het 'n groot impak in daardie land gehad. Die gedagte daaraan om so ver te reis, was iets nuuts vir my. Ek het nie veel gereis nie, was nog nooit in Albanië nie en ek was nie eers seker waar Albanië was nie. Larry het my bemoedig en gesê hy doen 'n landswye byeenkoms waar baie van die land se pastors sou wees, en hy het gedink my insig in Koninkryk-finansies sou die mense help. Larry het gesê ek sou twee of drie sessies by die konferensie hê om te praat. Alhoewel dit nie vyf sessies was nie, het ek steeds uitgesien om lering te gee oor die onderwerp vir die tyd wat ek wel gehad het. Daarom het ek ingestem om te gaan.

Toe ek in Albanië van die vliegtuig afklim, het Larry my gegroet met hierdie wonderbaarlike stelling: "Gary, een van my sprekers het op die laaste minuut gekanselleer en jy gaan vyf sessies doen!" My hart het gespring. Dit is dit! Ek het geweet dit is 'n God-afspraak en ek sou nou sien wat ek in my gees sien afspeel het. Ek het my notas by my gehad, maar het dit nie in 'n vyf-sessie-formaat saamgestel nie. Ek het toe elke dag lering gegee, teruggegaan en in die gees gebid en my notas vir die volgende sessie uitgeskryf. Die salwing in elke sessie was absoluut fenominaal.

Voor ek verder gaan, moet ek jou vertel Albanië was in daardie tyd 'n baie arm land. Die gemiddelde salaris was ongeveer $500 per maand en omkopery was vir die mense 'n manier van lewe. Terwyl ek gedink het oor hoe ek die mense sou leer oor finansies, was ek nie seker hoe hulle dit sou ontvang nie. Ek het geweet die Woord werk vir almal, maar hierdie was 'n nuwe ervaring vir my. Toe ek die eerste sessie aanbied, kon ek aanvoel daar is aanvanklik 'n muur op. Teen die tweede sessie kon ek voel hoe die mense se geestelike honger my trek, en ek kon op hulle gesigte sien hoe geloof groei terwyl hulle die goeie nuus van die Koninkryk

aanhoor. Die mense het gelukkiger en gelukkiger geraak elke dag wat ek gepraat het, en ek kon sien hulle is opgewonde oor die Koninkryk.

Die aand voor ek die laaste sessie sou aanbied, het die Here met my gepraat dat ek 'n offergawe moes opneem vir die plaaslike kerke. Ek was onseker hieroor want, eerstens was dit nie my byeenkoms nie; en tweedens het ek nie geweet hoe die mense sou reageer nie. Ek en Larry moes die meeste van die vervoer en behuisingsuitgawes vir die plaaslike pastors betaal net om hulle by die byeenkoms te kry. Ek het met Larry daaroor gepraat en hy het my aangemoedig om die offergawe op te neem.

Tydens die laaste sessie het ek die offergawe vir die konferensie opgeneem en die salwing was so sterk dat ek amper nie kon staan nie. Almal in die vertrek het gedans en geskree terwyl hulle hul geld na vore gebring het vir die offergawe. Die helpers wat die sakke vasgehou het, het gehuil en het ook gesukkel om te staan. Ek het nog nooit voorheen so iets gesien nie, ten minste nie terwyl die offergawe opgeneem word nie. Nou, terwyl ek toegekyk het hoe die mense dans en van vreugde skree terwyl hulle gee, was ek oorweldig deur die salwing en ook die opregte geloof van dié wat hierdie kosbare saad gegee het.

Ná die diens was Larry opmerklik aangedaan oor wat hy gesien het. Hy was ook verras deur die twee volgestopte sakke wat ons saamgeneem het na sy woonstel toe ná die aanddiens. Larry het my vertel dat daar gewoonlik net een offergawesak sou wees wat net gedeeltelik gevul sou wees na 'n byeenkoms waar hy 'n offergawe opgeneem het. Ons het vinnig beweeg en die sakke geld weggesteek toe ons deur die besige straat na Larry se klein woonstel gegaan het.

Toe ons by Larry se woonstel aankom, het ons in sy sitkamer gaan sit en die sakke oopgemaak om die geld te tel. Terwyl Larry besig was om die inhoud van die sakke op die tafel uit te gooi, het iets gebeur wat ek

tot vandag toe sukkel om in woorde om te sit. Eweskielik het 'n ligblou wasigheid die kamer gevul en God se teenwoordigheid het ons oorweldig. Ons het teruggesit onder die salwing wat daardie plek gevul het. Dit was anders as enige ander salwing wat ek nog ooit gevoel het terwyl ek vir mense gepreek of gebid het. In plaas daarvan het hierdie salwing 'n teenwoordigheid gehad. Dit was heilig en dit het my laat voel ek is in die absolute teenwoordigheid van God Homself. Terwyl ons daar gesit het, het die salwing sterker en sterker geraak. Al wat ons kon doen is om net daar te sit en huil. Toe sien ek, in die middel van die hoop geld wat op die tafel gelê het, 'n man se trouring. Ek was oorval deur die feit dat iemand, wat nie geld gehad het nie, daardie aand die enigste ding wat vir hom kosbaar was, gegee het. Die Here het op daardie oomblik met my gepraat en gesê:

> *"Ek roep jou tot die nasies om hulle hierdie beginsels wat ek jou oor die Koninkryk en finansies geleer het, te leer. Hierdie ring was vanaand in die offergawe geplaas in groot geloof. Maar ek wil hê jy moet dit neem en hou as herinnering aan hierdie aand. Weet ook dat net soos 'n troupand praat van 'n verbond, verklaar jy my verbond van voorsiening aan my mense. En weet dat enige plek waarheen ek jou stuur, ek die geld sal voorsien om daarvoor te betaal."*

Ek kon die hele aand nie slaap nie. Ek het daardie aand in Larry se woonstel oorgebly en die salwing was die hele tyd daar. Ek kon ook nie slaap op pad huis toe oor die Atlantiese Oseaan nie. Ek kon net by die venster uitstaar en het vir die volle 8-uur-vlug gehuil. Ek kon ook nie vir 46 uur ná die Here met my gepraat het daardie aand, slaap nie. En vir maande ná daardie aand wanneer ek ook al daaraan gedink het, het ek dieselfde teenwoordigheid ervaar en begin huil.

Ek het nie vir Larry gesê wat die Here vir my oor daardie ring gesê het nie. Die geld in die offergawe het aan die kerke van Albanië behoort en ek het geweet die ring kon ook verkoop word vir addisionele geld – maar ek het geweet wat die Here vir my daaroor gesê het. Daarom was ek so bly toe Larry my bel en vir my sê die Here het met hom gepraat om vir my die ring te gee. Ek het daardie ring geraam en dit hang nou in my kantoor. Dit het al baie gebeur dat ek na die ring gekyk het en herinner is aan God se woorde daardie aand wanneer ek oor die jare deur groot finansiële uitdagings in die gesig gestaar is. En sonder uitsondering was God getrou om alles wat ek nodig gehad het, te voorsien om sy rigtinggewing te kan volg. Daardie aand in Albanië het my lewe verander, maar daar was nog baie meer wat God my in die dae vorentoe sou wys.

Toe ek van Albanië terugkeer, het ek 'n sterk gevoel gehad om hierdie Koninkryk-boodskap oral te neem waar ek kon. Ek het so 'n sterk passie gehad om hierdie inligting uit te kry, en ek was angstig om dieselfde vyf sessies weer te leer en te sien of dieselfde sal gebeur. Ek moes nie te lank wag nie. Ek is deur 'n pastor in Utah genooi om daardie selfde vyf sessies te kom aanbied. Hy het by Larry gehoor dit is lewensveranderend, en hy wou gehad het ek moes kom. Hy was 'n pastor van 'n klein Indiaanse kerk wat baie arm was. Hulle het finansiële hulp nodig gehad en as dit wat Larry hom vertel het, waar was, het hy gevoel dit sou help.

Ek het toe uitgevlieg soontoe en byeenkomste die Sondagoggend en -aand, regdeur tot Woensdagaand gehou. Daar was net soos in Albanië vyf sessies, en ek het dieselfde reaksie gekry. Die mense het gegil en gedans op die laaste aand van die konferensie en het hulle offergawe onder 'n baie sterk salwing gegee. Ek het nie die keer die blou wasigheid gesien nie, maar ek het 'n sterk salwing regdeur al vyf sessies ervaar. Ná die sessie was ek, net soos Larry in Albanië was, geskok oor die groot offergawe wat

net 17 paartjies gegee het. Ek het die offergawe in 'n geslote offergawesak toegesluit en na my kantoor geneem om die volgende dag te prosesseer.

Later die volgende oggend het ek 'n oproep van my kantoor ontvang. My sekretaresse was op die lyn en ek kon agterkom dat iets aan die gang was. Haar stem het gebewe en dit het geklink of sy gehuil het. Haar eerste woorde was: "Pastor, daar is iets omtrent die geld wat jy gebring het". "Wat bedoel jy, Tracy?" het ek gevra. Sy het my toe vertel dat sy die sak oopgemaak het om te tel en te gaan bank, maar die oomblik toe sy dit doen, het die salwing baie sterk in haar kantoor ingekom en sy het op die vloer neergeval. My ander sekretaresse, wat die lawaai gehoor het, het om die draai gekom en sy het ook onder die salwing begin bewe. Tracy het gevra: "Wat het met die geld daar in Utah gebeur?" Ek het vir haar gesê ek weet nie.

Ek het 'n paar weke later dieselfde beginsels in 'n klein kerkie in die suidelike deel van Ohio geleer. Ek het vir hierdie kerk die eerste vier sessies op DVD gestuur en hulle het dit die vorige vier weke gekyk. Ek het die Sondagaand deurgegaan om die vyf sessies klaar te maak. Die salwing sou ons weer omslaan. Toe ek die offergawe daardie aand opneem, het ek dieselfde reaksie gehad as in die vorige byeenkomste. Die mense was baie opgewonde om te gee. Tydens die offergawe het die kerk een mandjie op die verhoog geplaas vir die mense om hulle offergawe in te plaas. Hierdie keer het ek weer die blou wasigheid gesien. Daar was

MAAR JESUS HET NIE NET VIR ONS REG OM HEMEL TOE TE GAAN, BETAAL NIE, HY HET DIT OOK MOONTLIK GEMAAK OM AS SEUN OF DOGTER VAN GOD TE LEEF OM DIE VOORDELE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD HIER IN DIE AARDSE RYK TE GENIET.

'n sfeer van ongeveer 1,5 meter in diameter om die mandjie terwyl die mense gegee het. Die salwing was so sterk dat iemand my na my motor toe moes help ná die tyd omdat ek nie op my eie kon loop nie.

Soos hierdie dinge gebeur het, het ek nie regtig geweet wat aangaan nie, en ek het nog nooit voorheen daarvan gehoor nie. Ek het voortgegaan om konferensies aan te bied, en die salwing was steeds baie sterk. En ja, die blou wasigheid het weer verskyn in 'n paar van die konferensies. Maar die gedeelte wat my die meeste dronkgeslaan het, was die feit dat die salwing op die geld self was. Ná elke konferensie was dit moeilik vir my personeel om die offergawe te tel. Onthou toe die salwing in daardie woonstel in Albanië gekom het toe Larry dit op die tafel uitgegooi het? As jy 'n geldstuk wat in hierdie offergawes gegee is, sou optel, sou jy onmiddellik die salwing voel en begin bewe. Ek weet dit klink waansinnig, maar dit is eenvoudig wat ek gesien het.

As geestelike wetenskaplike was ek dronkgeslaan hierdeur en het die Here daaroor uitgevra. Hy het met my gepraat en vertel hoekom hierdie sterk salwing oor die offergawe gekom het. Hy het vir my gesê dat meeste mense uit 'n pligsgevoel of wettisme gee. Party gee volgens 'n formule, maar hulle doen dit nie werklik in geloof wanneer hulle gee nie. Baie gee want hulle dink God sal kwaad wees as hulle dit nie doen nie. Sommige gee asof dit 'n rekening is wat hulle betaal. Hy het my vertel dat terwyl ek Sy Koninkryk vir die mense leer en aan hulle die verskuilde finansiële beginsels van die Koninkryk openbaar, geloof in die mense se harte verrys. As hulle dan gee, doen hulle dit waarlik in geloof, en die Koninkryk-konneksie is daar, en daarom die vloei van die salwing.

My lewe het so baie verander sedert daardie reis na Albanië in 2005. My begeerte om mense met die goeie nuus van die Koninkryk te bereik, het veroorsaak dat ek en Drenda TV gebruik het om die nasies met

die goeie nuus te bereik. Ons spandeer nou letterlik miljoene elke jaar om mense van hierdie Koninkryk wat ons jare gelede ontdek het, te vertel. Maar miskien het jy nog nie die goeie nuus van die Koninkryk gehoor nie. Ons is maar so – gelowiges wat op pad is hemel toe, maar ons weet nie hoe om die hemel hier op aarde vry te stel nie. Maar Jesus het nie net vir ons reg om hemel toe te gaan, betaal nie, Hy het dit ook moontlik gemaak om as seun of dogter van God te leef om die voordele van die Koninkryk van God hier in die aardse ryk te geniet. Nog belangriker, daar is miljoene wat bereik moet word met die goeie nuus van die Evangelie, maar dit kos geld om dit te doen. Mense kyk na ons. Ons lewens moet anders lyk!

Wat was dit wat ek geleer het in Albanië wat die salwing aangebring het? Wat was dit wat God vir my gesê het wat ek aan die nasies moet leer? Dít is wat die doel is van hierdie boek, en ek glo dit gaan jou lewe net soos myne verander.

HOOFSTUK 3

ASSEBLIEF HERE, WEES GENADIG!

Jerry het my kantoor gebel en gevra of hy kon inloer om saam met my middagete te geniet terwyl ek in sy gebied was. Ek sou 'n onderhoud doen by 'n televisiestasie in 'n dorp naby aan hom, en hy wou my vertel hoe sy lewe as gevolg van my hulpbronne en TV-uitsendings verander het. Ek het Jerry nog nooit voorheen ontmoet nie, maar ek het al een of twee keer met hom oor die foon gesels. Ek het gesê: "Ja, seker". Ek het gedink: Ons moet tog middagete eet, en terwyl ek daar was, sou dit wonderlik wees om hom te ontmoet en sy storie aan te hoor.

By die ete het ek Jerry en sy seun ontmoet en Jerry het sy storie vertel. Jerry was 'n pastor wat al vir 30 jaar in die bediening was, maar hy moes die bediening verlaat as gevolg van 'n beroerte wat hom verlam het. Sy lewe het na die beroerte uitmekaar geval. Omdat hy nie kon werk nie, het die familiewoning se betalings agterstallig geraak en dit was op veiling gesit. Dit was ook 'n groot uitdaging om dienste te betaal en kos te koop. Jerry het my vertel dat dinge so erg geraak het dat hy een dag met 'n gelaaide .45 in die een hand en 'n Bybel in die ander gesit en dink het daaraan om sy eie lewe te neem.

Dit was midde in hierdie hopeloosheid wat Jerry ons TV-uitsending gesien het en 'n paar van my hulpbronne bestel het. Hy het verder verduidelik dat toe hy die eerste keer die hulpbronne ontvang het, het hy 'n drukkende behoefte aan sowat $2 000 gehad om basiese rekeninge en kos te dek. Hy het oor en oor na die hulpbronne begin luister totdat hy gevoel het hoe geloof in sy hart verrys. Hy het besluit om God te vertrou vir die $2 000 wat hy nodig gehad het. Hy het gedoen wat ek en Drenda gedoen het met die eerste bok wat ek ontvang het. Hy het 'n saad vir die $2 000 gesaai, op 'n stuk papier die datum en tyd gegee wat hy geglo het hy het die geld ontvang, volgens Markus 11:24, en die tjek aan ons bediening gepos.

Ek het dit nie geweet nie omdat ek nie met Jerry gepraat het nie. Hy sê dat binne omtrent 'n week en 'n half, 'n man na die voordeur gekom het en gevra het om met hom te praat. Jerry het die man uit die verlede geken, maar het vir 'n geruime tyd nie met hom gepraat nie. Hulle het vir 'n rukkie gesels en toe het die man gesê hy het eintlik gekom om vir Jerry 'n tjek vir $2 000 te gee. Hy het verder verduidelik dat hy omtrent 'n week en 'n half terug op 'n sekere dag en sekere tyd gevoel het die Heilige Gees sê vir hom om vir Jerry $2 000 te bring.

Jerry het verstom gestaan. Hy het vinnig sy beursie uitgehaal waar hy die stukkie papier ingesit het met die dag en tyd wat hy vir die $2 000 geglo het. Die datum en tyd op Jerry se papier was presies dieselfde tyd waarna die man verwys het toe hy gevoel het hy moet vir Jerry $2 000 gee. Jerry het geweet hierdie is nie toevallig nie; hy het geweet dit was 'n direkte reaksie van die Koninkryk van God, meer spesifiek die wette van die Koninkryk.

Hy het voortgegaan met sy verhaal en my vertel hy het sewe kinders, almal getroud behalwe vir 'n 16-jarige seun (wat saam met ons was),

wat basies weggedraai het van God af toe hy sien waardeur hulle pa gaan. Die seun was kwaad vir God want sy pa was vir 30 jaar getrou, en die seun het gevoel dat God sy pa verlaat het.

Jerry wou 'n manier vind om sy seun te bereik en hy het 'n idee gehad. Ek praat baie oor bokjag in my hulpbronne en vertel hoe God my geleer het om met geloof te jag. Om bokke te jag was sy seun se passie, daarom het Jerry aan sy seun verduidelik hoe om sy bok daardie herfs te kry op die Koninkryk-manier. Die seun het daaroor gedink en uiteindelik ingestem. Hy en Jerry het hulle geloof vrygestel, net soos Jerry vir sy $2 000 gedoen het. Die seun het 'n mooi bok in agt minute gekry. Terwyl Jerry en sy seun die bok na die slagter toe geneem het, was een van my CD's in die CD-speler. By die slaghuis wou die seun in die motor bly en nog bietjie luister. Toe Jerry uitkom, het sy seun gesê: "Pa, ek dink het al hierdie jare iets gemis. Ek weet die bok was 'n resultaat van die Koninkryk van God."

Sy seun het opnuut sy lewe aan die Here gegee en vir sy pa gesê dat as God die $2 000 en die bok kon bring, dan kon Hy ook die $17 000 bring wat hulle nodig gehad het om die huis van beslaglegging te red. Dit is op hierdie punt dat ek my eerste bekendstelling aan Jerry gehad het. Ek onthou Jerry se brief met hom en sy seun se saad om die huis van beslaglegging te red. Ek onthou die brief was kort en het eenvoudig net uiteengesit wat hulle behoefte was. Niks anders is genoem nie, net dat die huis van beslaglegging gered moet word. Ek onthou ook hoe ek my hand op daardie brief gelê het en saam met hulle gestem het. Ek kan die presiese oomblik in tyd onthou wat ek dit gedoen het.

Op hierdie punt het Jerry my vertel dat in omtrent twee weke 'n ander man na die voordeur gekom het. Dit was weereens iemand wat Jerry uit sy verlede geken het. Die man het gesê hy het gesien die huis

was op die lys veilings en het Jerry gevra hoeveel hy nodig het om uit die beslaglegging te kom. Jerry het hom die bedrag gegee, meer as $17 000. Die man het 'n tjek vir die hele bedrag uitgeskryf en geloop. Jerry het na die tjek gestaar. Op hierdie punt het Jerry sit en huil aan die oorkant van die tafel in die restaurant en my bedank dat ek mense van die Koninkryk van God geleer het. Jerry het ook gesê hy was so bly sy kinders kan almal God se hand sien, en dit het vir hom die geleentheid gegee om die Koninkryk met hulle te deel. Ek hou daarvan! Dit is die realiteit van die Koninkryk van God, en ek is so geseënd om dit met mense te deel en om hulle stories te hoor. Jy sien, Jerry het nie jammerte nodig gehad nie. Hy het antwoorde gesoek, en het dit in die Koninkryk gevind.

Nou voel ek ek moet iets hier byvoeg by Jerry se storie. Selfs al lyk dit of mense net na Jerry se voordeur gekom het en vir hom geld gegee het, wil ek nie hê jy moet die verkeerde idee kry dat jou finansiële antwoord net gaan opdaag terwyl jy sit en koeldrank drink nie. Nee, jy moet jou deel doen om te oes wat jy nodig het. In Jerry se geval was hy vir 30 jaar 'n pastor. Hy het vir baie lank in hierdie mense se lewens gesaai. En tweedens, Jerry kon nie sy huis verlaat as gevolg van die beroerte nie. Jerry het geoes waar hy gesaai het, van die mense in sy kerk in wie hy vir al daardie jare gesaai het.

"... VOORWAAR EK SÊ VIR JULLE, AS JULLE GELOOF HET SOOS 'N MOSTERDSAAD SAL JULLE VIR HIERDIE BERG SÊ: GAAN WEG HIERVANDAAN DAARNATOE! EN HY SAL WEGGAAN, EN NIKS SAL VIR JULLE ONMOONTLIK WEES NIE."
– MATTEUS 17:20B, 1953-VERTALING

Ek moet jou ook vertel dat Jerry totaal genees was van die beroerte, en dat hy meer as 30 kg verloor het

toe ek hom daardie dag vir middagete ontmoet het. Prys die Here, hy verstaan die Koninkryk. Jy sê dalk: "Wel, Jerry was 'n pastor; sekerlik het hy alles van die Koninkryk geweet?" Klaarblyklik nie, en ek is seker hy is nie die enigste een nie uit wat ek al gesien het. Ongelukkig weet baie kerkmense ook nie hoe om by die Koninkryk van God in te skakel en antwoorde te kry nie. Daar is 'n storie in Matteus wat illustreer hoe baie mense dink.

> *En toe hulle by die skare kom, gaan daar 'n man na Hom en val voor Hom op die knieë en sê: Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. En ek het hom na u dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. Toe antwoord Jesus en sê: o Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My. Daarop bestraf Jesus hom; en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af. Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.*
> – Matteus 17:14–20, 1953-vertaling

In hierdie verhaal sien ons 'n man wat desperaat is; sy seun word deur bose geeste geteister, amper tot die dood toe. Toe hy hoor van Jesus se bediening en dat Jesus die mag het om demone uit te dryf, het hy planne gemaak om sy seun na Jesus te bring sodat Hy hom kon genees. Maar toe

hy daar kom, was Jesus nie daar nie en het drie van sy dissipels geneem om op die berg te gaan bid. Die ander dissipels wat daar was, het gesê dit is nie 'n probleem nie; hulle het duiwels uitgedryf omdat Jesus hulle die gesag gegee het om dit te kan doen, in Sy naam, en dat hulle na die seun kan omsien. Maar toe hulle vir die jong man bid, het die demoon nie uitgegaan nie. Hulle het probeer, maar die demoon het gebly. Die vader was ontsteld en die skare wat Jesus gevolg het, was verward.

Op daardie oomblik het Jesus en sy drie dissipels op die toneel opgedaag, terug van die berg af. Jesus, toe hy dit sien, vra wat aangaan. Die pa van die seun verduidelik hoe hy die seun na die dissipels gebring het, maar hulle kon nie die demoon uitdryf nie. Die pa doen dan iets wat baie, indien nie die meeste mense nie, sal doen in 'n krisissituasie wanneer dit lyk of daar geen antwoorde is nie. Hy roep na Jesus uit vir genade. Alhoewel jou uitroep vir genade na 'n goeie ding lyk wanneer jy desperaat is, was dit nie hierdie man se antwoord nie, en dit is ook nie joune nie. Die pa, wat Jesus se deernis vir sy situasie wil opwek, vertel dan vir Jesus hoe die demoon sy seun geteister het, hom in die vuur gegooi het en hom probeer dood maak het. Jesus maak die man stil. Hy het nie nodig om te hoor watter teistering die seun deurgegaan het nie. Uit frustrasie roep Jesus uit: *"o Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My".* In net twee sinne verduidelik Jesus hoekom die demoon nie uitgegaan het nie.

Maar voor ons induik in die implikasies van wat Jesus gesê het, moet ons die fondasie waarop ons rus, herbevestig. Dit is dat God nie 'n God is wat lieg nie. Wat Hy sê is waar. Noudat ons dit vasgestel het, kan ons die situasie met hierdie stelling assesseer: "Demone is VERONDERSTEL om uit te gaan!" As hulle dit nie doen nie, dan is daar iets verkeerd, en dit is nie by God nie, maar by ons.

Onthou dit, die probleem om van God te ontvang is altyd aan ons kant. Jesus vertel ons duidelik hoekom die demoon nie uitgegaan het nie – perverse denke en ongeloof. Ons sal hierdie twee redes binnekort bespreek. Maar op hierdie punt in ons bespreking wil ek fokus op die pa en seun in die storie.

Die vader was duidelik desperaat. Toe niks wou gebeur toe die dissipels gebid het vir hom nie, was daar niks oor nie. Daar was nie 'n seker antwoord nie. Die enigste antwoord wat hy gedink het sou help, het nie. Daar was net een ding wat oor was om te doen en dit was om om genade te smeek. Die frase om te "smeek vir genade" impliseer dat iemand die mag of gesag het om te help, maar kies om dit nie te doen nie. Daarom is die enigste ding wat oor is om te doen om 'n lang verduideliking te gee van die teistering wat die seun deurmaak, en om te probeer om Jesus se deernis vir sy situasie op te wek.

Om heeltemal eerlik te wees, dit is hoe meeste mense bid. Hulle weet God het die mag om te help, maar omdat hulle onseker is van sy reaksie, smeek hulle om genade. Hulle lê die detail van die pyn en omstandighede in lang gebede met baie woorde uit. "Vader, U weet ek het daardie geld teen Vrydag nodig; asseblief Here, help my". Of: "Here, asseblief, as U my kind genees, sal ek U al die dae van my lewe dien. Asseblief, Here". Ek onderspeel nie die situasies wat mense in die gesig staar nie, maar let asseblief op hoe vinnig Jesus die krag van God gebring het oor daardie situasie en die seun bevry het. Dit is God se hart, Sy begeerte. Daar is nie 'n tekort aan medelye, krag of outoriteit nie. Dit was ook nie die probleem in die verhaal nie. Jesus lê die probleem uit as perverse denke en ongeloof. Met ander woorde, verkeerde denke en ongeloof het die Koninkryk se jurisdiksie in hierdie geval verhinder.

Oraait, daar is baie meer waarons hier kan praat, baie sleutels tot die

Koninkryk en hoe dit werk. Ek wil nie heeltemal ingaan in party dinge wat jy hier moet weet nie, maar ek sal hulle ten minste noem, en ons sal die wette wat ons hier sien funksioneer, later bestudeer.

Ten einde 'n basiese begrip van Koninkrykwette te verkry, moet ons hierdie primêre en fundamentele punt verstaan: God het aan Adam algehele jurisdiksie oor die aarde gegee. Hy moes daaroor regeer.

> *En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*
> – Genesis 1:26, 1953-vertaling

Ek dink Hebreërs 2:7–8 (1953-vertaling) maak dit baie duidelik:

> *U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie.*

Verstaan, ten minste vir nou, dat God nie Sy gesag in die aardse ryk (die koninkryk van mense) kan uitoefen tensy 'n man of vrou wat wetlike jurisdiksie daar het, die hemelse outoriteit vrystel nie.

Dit is hoekom Jesus aan Sy dissipels in Matteus 18:18 (NLV) gesê het:

> *"Dít verseker Ek julle: Watter dinge julle ook al op aarde bind, sal in die hemel gebind wees. En watter dinge julle ook op die aarde losmaak, sal in die hemel losgemaak wees."*

Weereens, die hemel het geen jurisdiksie hier in die aardse ryk nie, tensy dit deur 'n man of vrou hier losgemaak word nie. Dit is hoekom Jesus hier sê dat indien 'n man of vrou die hemelse outoriteit hier losmaak, die hemel dit sal ondersteun. As ons dit nie doen nie, kan die hemel nie. As hierdie gedagte vir jou vreemd klink, moet asseblief nie hier stop nie. Ek sal daardie onderwerp later in groot detail verduidelik. Maar, vir nou, aanvaar dat daardie waarheid die rede is dat die demoon nie uit die seun uit gegaan het nie – **hy hoef dit nie te gedoen het nie!** Dit het in sy wettige reg opgetree om daar te bly. Weereens, Jesus het gesê die rede hoekom die demoon nie uitgegaan het nie was oor die tekort aan geloof, of die tekort aan jurisdiksie. God het Sy jurisdiksie oor die menslike aangeleenthede verloor toe Adam God basies uitgeskop het weens sy rebellie. Dit is ook hier waar Satan sy jurisdiksie oor die mens verkry.

MAAR DIT IS NIE JY NIE, MY VRIEND; JY HET TOEGANG TOT GEREGTIGHEID IN DIE KONINKRYK. DAAR IS ANTWOORDE OP JOU PROBLEME.

> *Daarna bring die duiwel Hom (Jesus) op 'n hoogte en wys Hom in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld. Toe sê die duiwel vir Hom: "Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee (deur Adam), en ek gee dit aan wie ek wil. Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid."*
>
> – Lukas 4:5–7, 1983-vertaling, klem bygevoeg

God het gevolglik Sy wetlikheid in die aardse ryk verloor net soos hy die mens verloor het wat dit gedra het – Adam. Weereens, ek sal meer oor hierdie spesifieke wette later dek, maar die hoofrede dat ek hierdie

verhaal uitgelig het, was om die gesindheid en desperaatheid van die vader uit te wys en hoe hy steun daarop om te smeek vir genade. Lees asseblief die volgende sinne baie noukeurig.

Indien daar geen gesag of wet en 'n stelsel om geregtigheid te administreer en oplossings vir 'n persoon in nood is nie, dan is al wat oorbly om te smeek om genade. Kom ek stel dit anders. As 'n persoon geen wetlike regsmiddel tot 'n probleem het en geen toegang tot 'n proses waar geregtigheid geskied nie, dan is daar geen versekering of antwoorde nie. Al wat oorbly, is om te smeek.

Maar dit is nie jy nie, my vriend; jy het toegang tot geregtigheid in die Koninkryk. Daar is antwoorde op jou probleme. Onthou, die Koninkryk is 'n regering, en dit funksioneer deur wette wat onpartydig is en beskikbaar is aan enige burger wat onder die jurisdiksie van daardie koninkryk leef. Soos ek vroeër in hierdie boek gesê het, die Koninkryk is gebou op geregtigheid (die wetlike proses wat toegang het tot God se gesag om toe te pas wat Sy wet sê is reg) en regverdigheid. Daar was 'n rede hoekom die demoon nie uitgegaan het nie, en dit was nie God se swakheid of 'n verandering in Sy wil nie. Jesus toon ons dit deur hoe vinnig hy die dissipels bestraf en dan die demoon uitdryf.

Die meeste Christene, wanneer hulle nie 'n demonstrasie van die Koninkryk sien nie, verander hulle doktrine en sê: "Alle demone gaan nie uit nie". Hulle weet God het al die mag, daarom neem hulle aan dat God kan doen wat Hy wil in die aardse ryk. As die demoon dan nie uitgaan nie, dan moes God gekies het dat dit nie uitgaan nie. My vriend, hierdie begrip is heeltemal verkeerd. Jesus het gesê dit is HULLE perverse denke en hulle ongeloof wat die hemel se jurisdiksie in hierdie geval gekortwiek het. Kom ek stel dit anders. Die rede dat die demoon nie uitgegaan het nie, was 'n wetlike kwessie. Punt. Dit hoef nie uit te gekom het nie,

want niemand daar het die hemel se gesag en wetlike jurisdisie gebring oor daardie situasie nie. "Maar Gary, hulle het probeer om hom uit te dryf." Ja, maar soos ek gesê het, dit hoef wetlik nie uit te gekom het nie. Hoekom nie? Weereens, die hemel het nie die jurisdiksie gehad om die demoon uit te dryf nie.

Kom ek omskryf wat ek pas gesê het. Hulle denke was pervers; hulle het iets wat verkeerd of verkeerdom was, as goed en aanvaarbaar beskryf, in teenstelling met dit wat God oor die kwessie sou sê. Ongeloof was ook 'n groot kwessie, omdat geloof vereis word sodat die hemel jurisdiksie in die aardse ryk kan hê. Die dissipels as nie absoluut oortuig dat die demoon sou uitkom nie. Hulle was bang.

OMDAT DIE MENSE WETLIKE REG HET OOR DIE AARDSE RYK, KAN GOD SE REGERING EN SY GESAG NIE BEWEEG TOTDAT 'N MAN OF VROU, WAT JURISDIKSIE IN DIE AARDE HET, TEN VOLLE OORTUIG IS VAN WAT DIE HEMEL SÊ NIE, EN DAN DIE GESAG HIER VRYSTEL.

Omdat die mense wetlike reg het oor die aardse ryk, kan God se regering en Sy gesag nie beweeg totdat 'n man of vrou, wat jurisdiksie in die aarde het, ten volle oortuig is van wat die hemel sê nie, en dan die gesag hier vrystel. Terloops, vir ons harte om ten volle oortuig te wees van wat die hemel sê, is geloof, en niemand het daardie dag geloof gehad nie. Hulle was dubbelhartig en vol ongeloof; en het dus daarmee die hemel se jurisdiksie in hierdie situasie afgesny. Maar Jesus het geloof gehad en het geweet hierdie demoon sou uitgaan. Jesus het gesag geneem en dit het uitgegaan. "Maar Gary, die rede hoekom die demoon uitgegaan het toe Jesus dit bestraf het, is omdat Hy Jesus is." Regtig? Kom ons kyk na Markus 6:5 (1983-vertaling) toe Jesus in sy tuisdorp bedien het.

Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het (klem bygevoeg).

Jy moet saamstem dat Jesus die mag gehad het om te genees, reg? Dan moet jy in staat wees om te antwoord hoekom Hy nie alles kon doen wat Hy wou in hierdie verhaal nie. Die behoefte was daar, maar iets het Hom gekeer. Hy antwoord hierop in vers 6: *"Hy was verbaas oor die ongeloof van die mense."* Geloof (in ooreenstemming met die hemel) gee die hemel wetlikheid in die aardse ryk. Jy kan hierdie beginsel byvoorbeeld sien in die manier hoe jy gered is en Christus aangeneem het.

Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos.
– Romeine 10:10, 2020-vertaling

Jy glo in jou hart (wat die hemel sê) en jy word regverdig verklaar. Dit is 'n wetlike term, wat die administrasie van die wet beteken en impliseer dat die hemel nou wetlikheid in die aardse ryk het. As 'n eenvoudige oogpunt van hierdie beginsel, kom ons onthou dat die wetlike gesag hier op aarde aan Adam gegee is, en die mens het steeds daardie posisie. Dit moet nie verwar word met die mens se onvermoë om geestelik te heers nie, wat aan Satan gegee is in die tuin van Eden. God kan nie die wetlike posisie wat die mens nou in die aardse ryk hou, skend nie. Daarom moet God 'n man of vrou vind wat met die hemel sal saamstem om wetlik toegang te verkry en uitdrukking te gee in die aardse ryk.

In Romeine 10:10 sal jy sien dat twee dinge moet plaasvind voor die hemel se gesag en krag hier in die aardse ryk vrygestel kan word.

Die eerste het ek reeds genoem: Ons moet ten volle oortuig wees en in ooreenstemming wees in ons harte met dit wat die hemel sê; dit word geloof genoem. Tweedens moet ons verstaan dat om net in geloof te wees nie die hemel hier sal vrystel nie. Is jy verras? Kom ek verduidelik. Dink aan 'n ligskakelaar. Die krag is aan, maar jy moet steeds die skakelaar druk om die lig aan te sit. Wanneer ons in ons hart glo wat die hemel sê, maak dit die konneksie met die hemel wettig of geregverdig. Maar dan moet ons daardie gesag hier vrystel. Net soos in my voorbeeld, moet die skakelaar aangesit word. Ons doen dit wanneer ons die Koninkryk se gesag bely en daarop reageer.

Ek weet ek herhaal myself, maar om hierdie wet van die Koninkryk te verstaan is LEWENSBELANGRIK vir jou om dit wat die hemel vir jou het, te kan ontvang. Jy sal alles ontvang wat jy ooit van die hemel sal ontvang op dieselfde manier as wat jy gered is – deur te glo wat die hemel in jou hart sê, en om dan dit wat die hemel sê, te spreek of te doen.

Die Koninkryk, soos wat Jesus dit geleer en gedemonstreer het, was vir die dissipels heeltemal vreemd. Ons sien baiekeer dat die dissipels verward was oor dit wat hulle gesien het. In die vorige Skrifgedeelte wat ons gelees het, glo ek die dissipels was bang vir die demoon se manifestasie en hulle het dubbelhartig geword, wat hulle geloof gekanselleer het. Ek neem aan dat toe hulle die demoon probeer uitdryf het, dit gemanifesteer het, heel moontlik die seun op die grond neergegooi het en 'n groot demonstrasie gegee het. Dit kon hulle bang gemaak het. Ek kan maar net spekuleer, maar daar is een ding waaroor ek seker is. Iets het gebeur wat veroorsaak het dat hulle harte nie meer saamgestem het met die hemel nie en dat hulle in ongeloof verval het.

Aan die ander kant was Jesus ten volle oortuig van wat die hemel sê oor so 'n situasie en het die demoon beveel om uit te gaan. Daarom,

soos ons kan sien, is die probleem dat die demoon nie uitkom nie in die aardse ryk en nie in die hemelse ryk nie.

"DAAROM SÊ EK VIR JULLE: ALLES WAT JULLE IN DIE GEBED VRA, GLO DAT JULLE DIT AL ONTVANG HET, EN DIT SAL VIR JULLE SO WEES."
– MARKUS 11:24, 1983-VERTALING

As ek net een Skrifgedeelte moes uitkies wat die funksie van die Koninkryk hier in die aardse ryk beter as enige ander vers illustreer, sal dit Markus 11:22–24 wees. Om die weg voor te berei, moet ons 'n paar verse teruggaan, en ons sal sien Jesus het met 'n vyeboom gepraat, en dit het doodgegaan. Nadat Hy geen vrugte aan die boom gekry het nie, vervloek Jesus dit. Die volgende dag wanneer die dissipels weer verby die boom stap, sien hulle dat die boom dood is. Petrus is verstom deur dit wat hy sien en roep geskok na Jesus uit.

> *Jesus sê toe vir hulle: "Julle moet geloof in God hê! Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.*
> – Markus 11:22–24, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Let op dat Petrus verstom was oor wat gebeur het. Hoe het dit gebeur? Jesus het eenvoudig met die boom gepraat. Tog het die boom sonder twyfel gereageer op Jesus se woorde en doodgegaan. Jesus vertel dat aan Petrus 'n "waarheid", 'n wet van die Koninkryk van God. Jesus se verduideliking gee ons meer insig in hoe die Koninkryk met die aardse ryk interaksie het. Weereens sien ons in hierdie voorbeeld hoe

dieselfde wet funksioneer soos wat ons gesê het: 'n man of vrou op die aarde, ten volle oortuig oor wat die hemel sê (nou geregverdig) spreek of stel die hemel se gesag vry. Natuurlik is die man in hierdie verhaal Jesus Homself, maar Jesus maak dit baie duidelik in Sy verduideliking aan Sy dissipels dat "elkeen" kan doen wat Hy pas gedoen het.

Ek is seker jy sal saamstem dat as mense hierdie wet wat Jesus hulle geleer het, werklik ken en verstaan, dit 'n dramatiese impak op hul lewens sal hê. Ek het die impak van die Koninkryk in my eie gesin se lewens gesien, maar dit was ook asemrowend om te sien hoe die Koninkryk ander gesinne impakteer soos wat ek hulle geleer het wat ek geleer het. Kom ek vertel 'n verhaal wat in my eie kerk gebeur het waar hierdie wet gedemonstreer is. Baiekeer kan die kennis van die Koninkryk en sy funksie die verskil tussen lewe en dood beteken. Dit was in hierdie verhaal so.

Jennifer het my kerk begin bywoon en gehoor van geloof en die Koninkryk. Sy was opgewonde om te leer van haar outoriteit en regte in die Koninkryk omdat sy swanger was met haar tweede kind, en sy het 'n tuisgeboorte begeer. Sy het toe begin om die Woord van God te bestudeer oor wat dit oor kindergeboorte sê en watter beloftes in die Koninkryk op haar kind van toepassing sou wees. Sy was oortuig dat sy 'n gesonde tuisgeboorte kon hê. Sy het 'n vroedvrou gekry en een van die vrouens van ons kerk, wat self al 'n paar tuisgeboortes gehad het, gevra of sy haar met die geboorte sou help.

In die tyd wat die geboorte vooraf gegaan het, was sy by elke diens en het die beginsels van die Koninkryk soos 'n spons ingesuig. Vir Jennifer was hierdie konsepte nuut, en sy het daarvan gehou om te leer dat daar werklike antwoorde in die Koninkryk van God was. Ongelukkig moes haar man in hierdie tyd Sondae werk en kon nie gereeld kerk saam met

haar bywoon nie. Uiteindelik het dit tyd geword dat die baba gebore moes word. Die vroedvrou en die kraamvrou was geskakel.

Dit was ongeveer 02:00 of 03:00 toe die foon langs my bed gelui het. Jennifer se kraamvrou het in die foon in geskree: "Pastor, bid asseblief; die baba is doodgebore!" Die nuus het my wakker geskok. Die kraamvrou het toe gesê die baba is pas weg in die ambulans na die hospitaal. Sy het my vertel dat die mediese span die baba by hulle aankoms as dood verklaar het.

Ek en Drenda het opgespring en aangetrek. Ek het in die Gees begin bid, en geluister of daar iets is wat ek moes doen. Ek het geweet die duiwel sou mal wees daaroor om ons kerk sleg te maak deur hierdie gebeurtenis. Ek kon al die opskrifte sien: "Baba sterf omdat kultuskerk tuisgeboortes voorstaan". Ons het regtig nie 'n standpunt gehad oor hoe babas gebore moes word nie, of dit nou tuis was of nie, maar baie van die vrouens het tuisgeboortes verkies; dit was so. Ek en Drenda het aanhou bid in die Gees terwyl ons hospitaal toe gery het, 'n 20-minuut rit. Omtrent halfpad soontoe het ek skielik gevoel hoe God se Gees oor my kom en ek het geweet die baba sou oorleef. Op daardie spesifieke sekonde het my vrou na my gedraai en gesê die Here sê dat die baba sou oorleef.

Ek het geweet wat die Here vir my en my vrou gesê het en was daarom nuuskierig om te sien wat ek sou vind toe ek by Ongevalle inloop. Daar het ek 'n groep van sowat sewe of agt verpleegters gesien wat om 'n heeltemal normale, pienk, skreeuenda baba staan. Ek het noukeurig na hulle gesigte gekyk. In die meeste gevalle waar 'n groep vroue om 'n baba staan, sal jy glimlagte sien. Maar hierdie keer was daar nie. In plaas daarvan was daar geskokte uitdrukkings op hulle almal se gesigte.

Ons het die vrou wat ons gebel het, daar gekry. Sy het ons weer in kennis gestel dat die baba as dood verklaar was by die huis, wat 20 minute weg was. Die baba is ook deur die hospitaal dood verklaar maar het skielik, net so, wakker geword. Prys die Here! Ek en Drenda was opgewonde om te sien die baba lewe en was gesond net soos wat die Heilige Gees vir ons gesê het.

Intussen het 'n ander ambulans die baba se ma, Jennifer, na die kraamsaal geneem. Sy het gevolglik nie geweet oor die status van haar babadogtertjie nie. My vrou, Drenda, het na die kraamsaal gegaan om te sien hoe dit met haar gaan. Toe Drenda by die kamer inloop waar Jennifer gerus het, het sy gesê: "Jennifer, jou baba is gesond, en sy is pragtig". Die verpleegster wat langs Jennifer gestaan het, het haar onderbreek en kortaf gesê: "Nee, daardie baba is in 'n lyksak!" My vrou het die verpleegster baie empaties gekorrigeer. Vandag is daardie babadogtertjie, wat Hayley genoem is, 'n pragtige jong dame met geen breinskade of enige gesondheidskwessies nie – alle glorie aan God! Omdat ek verstaan het hoe God se Koninkryk funksioneer gebaseer op 'n geestelike wet, het ek geweet die uitslag was nie toevallig nie. Daarom, geestelike wetenskaplike (nie Christelike wetenskap nie, maar iemand wat bestudeer hoe die Koninkryk van God werk) wat ek is, wou ek uitvind presies wat het gebeur.

Ek het geweet baba Haley is amptelik deur die ambulanspersoneel dood verklaar by hulle aankoms by die huis. Ek het ook geweet die baba is deur die hospitaal as dood verklaar toe sy daar aankom. So wat het gebeur? Ek het met die kraamvrou gepraat wat daar was en haar gevra om my alles in detail te vertel oor wat gebeur het. Ek het na leidrade gesoek. Sy het gesê dat alles met die geboorte goed gegaan het tot die baba gebore is. Sy het geen tekens van lewe getoon nie en was 'n diepblou kleur.

Die vroedvrou het probeer om die baba by te bring, maar kon nie. Die kraamvrou het verder gesê dat baie van Jennifer se familielede daar was en paniekbevange geraak het. Maar Jennifer het hulle kalm gesê om stil te bly. Sy het toe haar vinger op haar man se gesig geplaas en vir hom gesê: "Moenie 'n woord sê nie – hierdie baba sal lewe!"

Ek het die kraamvrou se storie net daar kortgeknip en gevra dat sy herhaal wat Jennifer vir haar man gesê het. Sy het dieselfde gesê, dat Jennifer haar vinger op haar man se gesig geplaas het en gesê het: "Moenie 'n woord sê nie – hierdie baba sal lewe!" Sjoe! Dit was dit! Dit was die oomblik, die verklaring wat baba Haley se lewe gered het. Ek het soos 'n speurder gevoel wat pas 'n groot saak opgelos het! Ek was uit my vel uit. Dit was so eenvoudig, tog so groots. Jennifer het eenvoudig 'n geestelike wet toegepas in die midde van die situasie, en dit het haar baba se lewe gered! Toe ek mediteer oor wat ek pas geleer het, het alles sin gemaak.

Jennifer het geweet dat, as gevolg van sy werkskedule, haar man nie so in geloof opgebou was soos wat sy in die voorafgaande maande was nie. Sy het ook geweet dat, as hoof van die huis, sy ooreenstemming met die aaklikge situasie by die geboorte die baba se lot sou seël. Dit is waarom haar eerste reaksie was om met haar man te praat en hom nie toe te laat om in ooreenstemming te kom met die dood van haar kind nie. Jennifer was oortuig dat die kind sou leef en gesond wees, en sy het dit met krag en geloof verklaar.

Toe Jennifer uit die hospitaal ontslaan is, het sy na die ambulanspersoneel gegaan en hulle gevra wat hulle daardie aand vir die baba gedoen het op pad na die hospitaal. Hulle het haar met beteuterde gesigte aangekyk.

"Niks nie," het een van hulle uiteindelik gesê.

"Wat bedoel jy, niks nie?" het Jennifer gevra, "Het julle KPR toegepas?"

"Nee," het hulle gesê.

"Het julle enigiets vir die baba gedoen?"

"Nee," het hulle weer gesê.

Hulle het vir haar gesê die baba was dood, en daar was geen hoop om haar te red nie. Maar die baba het net "wakker geword" toe hulle by die hospitaal aangekom het! Die ambulanspersoneel het eerbetonings van die hospitaal en brandweer ontvang vir die reaksie van die jaar, 'n jaarlikse toekenning gebaseer op die uitkoms van 'n moeilike situasie. Maar hulle het erken hulle het niks gedoen nie.

Ons het Hailey en Jennifer onlangs op ons TV-uitsending gehad, en almal van ons, met trane in ons oë, het die Koninkryk van God gevier. Ons het die feit dat daar iemand op die toneel was wat geweet het hoe om binne die geestelike wet en outoriteit van die Koninkryk te funksioneer.

In hierdie verhaal sien ons Jennifer, ten volle oortuig oor wat die hemel sê en dan daardie gesag in die situasie vrystel met haar eie woorde. Die wet werk!

Nog 'n familie in my kerk het die volgende ondervinding met dieselfde wet van die Koninkryk van God gehad. Twee sussies het besluit om saam middagete te geniet. Dit was nie 'n maklike taak nie, want hulle het 12 tot 13 kinders tussen hulle gehad. Terwyl hulle geëet het, het hulle opgemerk dat Joel, die vierjarige, was nie daar nie. Hulle het die hele huis deursoek en kon hom nie kry nie. Tina, sy ma, het skielik 'n verskriklike gedagte gehad. Wat van die swembad in die agterplaas? Sy het by die agterdeur uitgehardloop, met haar 13-jarige niggie, Courtney, op haar hake. Tina was oorweldig deur vrees. Hulle het Joel gesien op die bodem van die swembad, hy het nie beweeg nie. Niemand het geweet hoe lank hy al daar was nie. Tina het geskree hulle

moet 911 bel en by die swembad ingeduik en Joel uitgehaal. Hy het nie asem gehaal nie, was reeds blou en het nie beweeg nie.

Die 13-jarige, wat in ons kinderbediening grootgeword het, het vir haar tannie gesê: "Nee, tannie Tina, ons hoef nie 911 te bel nie; ons het die outoriteit hier. Ons moet bid". Hulle het al twee begin bid, maar steeds het niks gebeur nie. Tina het weer geskree: "Bel 911!" Courtney het toe vir haar tante gesê: "Tannie Tina, ons moet lewe in hom spreek". Courtney het toe gesê: "Joel, in die naam van Jesus, word wakker!" Skielik het Joel gestik, water opgebring en sy bewussyn herwin, heeltemal normaal.

Wanneer ek aan hierdie storie terugdink, is ek altyd verwonderd. Nie verwonderd dat die seun gesond was nie, maar verwonderd dat die 13-jarige op daardie oomblik die teenwoordigheid van gees gehad het. Sy was in staat om, in 'n lewe-en-dood-situasie, te assesseer wat gedoen moes word sonder om in te gee vir vrees. Courtney het herbevestig dat om te weet hoe die Koninkryk van God funksioneer, soveel meer is as 'n mooi preek; dit is lewe of dood!

Let op hoe die wet van die Koninkryk geopereer het. Courtney het eerstens gesê hulle moet bid, wat hulle gedoen het, en niks het gebeur nie. Dit is omdat ons nie die gesag en mag van God vrystel wanneer ons bid nie. Maar ons bid vir rigting. Dit is presies wat hulle in daardie oomblik nodig gehad het. Jy sal sien dat Courtney dan sê hulle moet lewe in hom spreek. Toe hulle dit doen, het hy wakker geword en was heeltemal gesond, tot vandag toe. Weereens sien ons die hart wat ten volle oortuig is van wat die hemel sê, maar niks gebeur totdat daardie outoriteit in die aardse ryk in geloof vrygestel word deur 'n man of vrou nie.

Kom ek vertel nog een verhaal, een wat ons familie raak. Drenda se broer het sy vrou, Candy, hospitaal toe geneem vir hul vyfde kind se

bevalling. Ek en Drenda het die oggend by die hospitaal gestop om die nuwe aankomeling in die familie te ontmoet. Ons het gedink die bevalling het reeds vroeër gebeur, maar weens 'n paar vertragings, het die geboorte toe eers plaasgevind. Toe ons by die kraamsaal inloop, is baba Holland pas in die babakamer ingebring. Soos jy weet, is die babakamer in 'n hospitaal se mure hoofsaaklik vensters, sodat jy die pasgebore babas kan sien soos hulle inkom.

ONTHOU, DIE WETTE VAN DIE KONINKRYK WERK ELKE KEER, VIR ENIGEEN!

Toe hulle klein Holland inbring, kon ek onmiddellik sien dat sy amper wit gelyk het. Al Johnny se kinders het amper wit, blonde hare; en aanvanklik het ek gedink dat haar kleur normaal is vir sy kinders by geboorte. Maar tog was iets nie reg nie. Skielik het die dokters begin rondhardloop. Die verpleegsters het dadelik die gordyne toegetrek sodat ek nie in die babakamer kon inkyk nie, en ek het geweet dit is nie 'n goeie teken nie. Selfs al was die gordyne toegetrek, was daar 'n gleufie waardeur ek kon sien wat aangaan. Die verpleegsters het toerusting begin uithaal en die dokter het KPR op Holland begin toepas.

Ek het na die ander deur van die babakamer geloop waar ek duidelik kon hoor wat die dokters sê. Terwyl ek geluister het, was ek geskok om te hoor hulle sê die baba het geen hartklop nie en hulle kon nie die hartjie aan die gang kry nie. Ek het aangehou luister en kon hoor hoe die hartmonitor net elke nou en dan biep. Ek het een biep gehoor, dan 15 tot 20 sekondes wat verbygaan, en dan nog 'n biep. Holland het nie 'n hartklop gehad nie!

Die dokter het uit die kamer gekom en na Johnny toe gestap: "Dit lyk nie goed nie, Johnny; ek is jammer, maar ons hou aan probeer". Ons was nie in die babakamer toegelaat nie, daarom het Drenda en Johnny

hulle hande op die een deur aan die een kant van die babakamer gelê, en ek het my hande op die deur aan die anderkant van die babakamer gelê. Ons het begin bid en verklaar dat Holland sou lewe en nie sterf nie, en dat sy gesond sou wees. Ons het haar hart beveel om te klop, in die naam van Jesus.

Skielik het die dokter wat met Johnny gepraat het, vinnig uit die babakamer gekom. Hy het verby ons gehardloop sonder om 'n woord te sê. Binne 'n paar minute het hy teruggekom, en 'n verpleegster het agter hom aangehardloop. Sy het hard gepraat: "Dokter, ons kan dit nie doen nie. Ons het nie in hierdie hospitaal die toestemming om daardie prosedure te doen nie. Ek kan nie toelaat dat jy daardie bloed gebruik nie". Hy het haar geïgnoreer en in die babakamer ingegaan. Hy het 'n handleiding gegryp, en ek kon sien hy bestudeer hoe om 'n prosedure toe te pas. Ek het nou deur 'n gleufie in die gordyne gesien hoe hy opstaan en 'n lang buis by die baba insit. Ek het besef dat hy besig was om vir die baba bloed te gee.

Skielik het ek gehoor hoe die hartjie begin klop. Dit het vinniger geklop en teen die normale hartklop van 'n pasgeborene gestabiliseer. Die dokter het uitgekom en gesê: "Daar was engele daarbinne; God het my met hierdie baba gehelp!" Ons kon sien hy was in skok. Ons het later uitgevind hy was nie aan diens nie en was ook nie betrokke by Candy se bevalling nie. Hy het net hospitaal toe gekom om 'n ander pasiënt te besoek, toe hierdie alles gebeur het. Ek kon sien die dokter was nog in verwondering oor wat gebeur het. Hy het ons vertel Holland het vir 36 minute lank nie 'n hartklop gehad nie!

Vandag is Holland 'n pragtige, normale vierjarige. Ek glo dit was ons begrip van die Koninkrykwette wat antwoorde vir daardie situasie gebring het. Ek kan nog onthou hoe ek, toe ek my hande op die babakamer

se deur gelê het, gedink het: "Ons gaan nie 'n begrafnis vir Drenda se kleinniggie hou nie! Daar is nie 'n manier nie!"

Terwyl ons nou stil staan en dink oor hoe die Koninkryk elkeen van hierdie verhale wat ek pas gedeel het, geïmpakteer het, wil ek hê jy moet onthou dat die wette van die Koninkryk elke keer werk, vir enigeen! Soos ek aan die begin van hierdie boek gesê het, die natuurlike wette van die aardse ryk werk met dieselfde resultate, elke keer. Hulle is onpartydig, en werk vir enigeen wat die tyd sal neem om dit te leer en toe te pas. Elektrisiteit werk dieselfde in die VSA as wat dit in Afrika werk; dit maak geen verskil nie.

Toe ek begin besef die Koninkryk van God is 'n Koninkryk met baie gedefinieerde, dog versteekte wette, het ek geweet ek het die antwoord op my probleme gevind. Ek het besef dit was nooit God wat my ontneem het nie, wat gekies het om my nie te seën of te help in tye van nood nie. Nee, ek het nou besef dat God my alles gegee het wat ek ooit in my lewe sou nodig hê deur Jesus Christus, wat my deur Sy opoffering toegang gegee het tot alles wat die hemel het. Ek verstaan nou dat die Koninkryk funksioneer deur vasgestelde wette wat ek kan aanleer en in my lewe kan toepas.

Ek het elke verhaal in die Bybel met 'n ander ingesteldheid begin lees, en gesoek na leidrade wat nog 'n wet van die Koninkryk onthul. Ek het myself verbind om 'n geestelike wetenskaplike te wees sodat ek kon leer hoekom dinge in die Bybelstories wat ek so gereeld gelees het, gebeur. Hierdie Skrifgedeelte in 1 Johannes klink vir baie mense snaaks en vreemd. Ek weet ons het die vroeër gelees, maar kom ons lees dit weer want dit weerklink die waarheid wat jou antwoord is.

Dit is die vrymoedigheid wat ons voor God het, dat wat ons ook al volgens sy wil vra, Hy na ons luister. As ons dan met die wete leef dat Hy na ons luister (die saak aanvaar), na wat ons ook al vra, WEET ons ook dat Hy die versoek wat ons gevra het, toestaan.
– 1 Johannes 5:14–15, NLV, klem bygevoeg

Ek is baie lief vir hierdie Skrifgedeelte want dit praat van 'n wet, 'n wet wat ons die vertroue gee dat ons geregtigheid kan kry. Dit is ons vertroue – as ons enigiets vra volgens God se wil (die wet wat God reg noem), hoor Hy ons. Weereens, die frase "hoor ons" praat nie daarvan dat God ons hoorbare woorde hoor nie, alhoewel Hy wel doen. Dit praat van God wat die saak aanneem. As jy aan 'n regter dink wat 'n saak neem en volgens wet uitspraak lewer, nie volgens sy eie gevoelens nie (dit is ten minste hoe ek dink dit werk), dan sal jy hierdie Skrifgedeelte verstaan. Hy hoor ons – Hy neem die saak of hoor die saak aan, en ons kan vertrou dat ons geregtigheid sal ontvang, dit wat wettig ons s'n is.

My vriend, ek dink jy moet hier stilstaan en dit weer lees – stadig. As dit wat jy pas gelees het, waar is, en dit is, dan is jou lewe op pad om in vreugde te ontplof! Mense wat nie met hierdie kennis bid nie, het geen vertroue nie; hulle babbel net wanneer hulle bid. Jesus het hiervan in Matteus 6:7–13 gepraat.

"Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik."
– Matteus 6:7, 1983-vertaling

Die frase "'n stortvloed van woorde" is wanneer jy 'n betekenislose verwarring van woorde of geluide uiter. Dit is hoe die meeste mense bid. Hulle het geen idee van hulle reg tot geregtigheid of selfs wat God hulle reeds wetlik in die Koningkryk gegee het nie. Jy hoef nie te smeek of huil oor iets wat jy reeds het nie!

Kom ons neem aan 'n polisiebeampte staan in die pad en beveel 'n trok om te stop, en hy begin huil en smeek dat die trok moet stop. "Asseblief, trok, stop. Wees my genadig. Asseblief, groot asseblief, stop." Dit sal darem die jammerlikste en skandaligste belediging vir die VSA en sy wetlike stelsel wees. Nee, daardie polisiebeampte staan regop en sê duidelik vir die trok om te stop, en die trok stop. Dit is gegrond in die wet van die land en die polisiebeampte se posisie as verteenwoordiger van die land se regering.

Mense wat God smeek, het geen idee van die wet van hulle land of hulle posisie nie. Die rede hoekom dit 'n belediging vir die land is as die polisiebeampte die trok smeek om te stop, is omdat dit 'n land voorstel wat sonder wet of gesag is. Al wat jy in só 'n land sal hê, is anargie. Wanneer Christene smeek en aangaan, stel dit God se Koninkryk as swak voor, met geen antwoorde nie. Dit veroorsaak dat mense God se gewilligheid of Sy vermoë om hulle te help, bevraagteken waar hulle reeds die reg het tot dit waarvoor hulle vra. Jesus gee ons 'n duidelike antwoord oor hierdie sopperige soort gebed – "STOP DIT"!

"Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra. "So moet julle bid: 'Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig

word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.'"

– Matteus 6:7–13, 1983-vertaling

Onthou, Jesus leer ons in hierdie verse hoe om te bid. Ongelukkig het baie mense hierdie verse in pragtige portrette in hulle huise opgesit, maar hulle verstaan nie die betekenis van hierdie verse nie. Die gedeelte word die "Ons Vader" genoem, maar Hy was besig om Sy dissipels te leer hoe om te bid met daardie woorde. Hy het dit nie letterlik gebid soos wat ons dit in kerkdienste doen nie. Daardie woorde is net 'n handleiding oor hoe om te bid en resultate te kry – nie 'n vers om te onthou en te kwoteer nie.

"*. . . laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel"* is 'n instruksie hoe om te bid. Ons moet bid en daarmee God se wil, wat in die hemel is, na die aardse ryk en in ons situasies inbring. Wat is jou antwoord? Glo dit wat God sê is joune, en gebruik jou gesag in die Koninkryk van die hemel om die hemel in die aardse ryk in te bring en voorsien in jou eie nood of behoeftes en ook in dié van die mense om jou.

Stop vir 'n oomblik en dink hieroor. As jy sonder twyfel weet jou gebed is doeltreffend en die hele hemel is agter jou, sal dit jou versekerd maak wanneer jy bid? JA!!! Wanneer jy presies weet wat jou wetlike reg as burger van die hemel is, reeds weet wat vrylik aan jou gegee is en die proses verstaan om te ontvang, en die voordeel van daardie wette geniet, kan jy in 'n hele nuwe manier van lewe beweeg – die Koninkryk-manier. Wat sal met vrees gebeur? Wat sal met onsekerheid

gebeur? Hoe sal daardie kennis sekerheid aanspoor ten opsigte van die toekoms en sekerheid in die middel van die storm? Dit is die impak wat die Koninkryk om my en Drenda gehad het toe ons dit begin ontdek het. Ons word dikwels verstom deur dit wat ons sien. Nee, kom ek stel dit anders. Ons word konstant verstom en verras! Meer nog, ons is verwonderd deur die outoriteit wat God aan die kerk gegee het om namens en deur daardie regering hier in die aardse ryk te funksioneer.

> *Want DIE WET van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die WET van die sonde en die dood.*
> – Romeine 8:2, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Dit was oorweldigend om uit te vind ons was vrygemaak van die "wet van die sonde en die dood," en dat die Koninkryk en toegang tot die "wet van die Gees van die lewe" aan ons gegee is. Weereens, dit was meer oorweldigend om te kyk hoe daardie wet die geregtigheid van die Koninkryk in ons lewens produseer.

Die Koninkryk het toegelaat dat ek fisiek en ook emosioneel genees is met nuwe hoop, en om vry te kom van die antidepressante. Dit het toegelaat dat ek uit armoede, waar ek gesukkel het om $300 se huurgeld vir 'n stukkende 1800's plaashuis te betaal, gaan na waar ek geheel en al vir 'n 7 000 vkm huis op 24 pragtige hektaar kon betaal. My vrou het ook baie meer van my gehou! Om met motors te ry wat nie daagliks breek nie, was kosbaar. Net 'n paar jaar tevore was die idee om honderde duisende dollars weg te gee vir die Evangelie, totaal onmoontlik. Lewe, die lig van die Koninkryk, het die duisternis ingesluk; en net soos God in Genesis gesê het toe Hy oor sy voltooide skepping uitgekyk het en gesê het: "Dit is goed", het ek ook in verwondering teruggestaan en gesê: " Dit is goed, so baie goed".

Ek en Drenda was so opgewonde dat ons vir almal wat wou luister, vertel het van die Koninkryk en ons het ons verhaal gedeel. Die mense in ons kerk het dit gesnap en het dieselfde resultate as ons gekry. Een van daardie mense was ons eie 12-jarige dogter. Sy het gesien hoe God soveel doen en het oor en oor gesien hoe die onfeilbare wette van die Koninkryk in ons lewens werk. Ek het geweet sy het gekyk en geleer van hierdie wette, maar een verhaal het my gewys presies hoeveel sy geleer het.

Ek het een aand na haar slaapkamer toe gegaan om nag te sê, en iets was anders. Daar was 'n prentjie van 'n dwergkeeshond op haar muur. Nou, vir enige ouer wat kinders ken, was so 'n prentjie 'n seker teken dat daar binnekort vir 'n hondjie gevra sou word. Wel, ek het besluit om dit te ignoreer, want ek wou nie nog 'n binnenshuise hond hê nie. Kirsten se suster, Polly, het reeds 'n binnenshuise hond gehad, en hulle het 'n slaapkamer gedeel. Polly se hond sou dus altyd daar wees by hulle al twee.

Ek het sagmoedig vir Kirsten gesê hoe mooi die prentjie was, maar dat ek nie nog 'n binnenshuise hond wou hê nie. Indien sy nog 'n troeteldierhond wou hê, moes sy meer tyd met haar sussie se worshondjie spandeer. Kirsten het daardie aand niks gesê nie, net erken wat ek gesê het. Ek het gedink die saak is afgehandel, maar die dwergkeeshond is 'n paar keer in die geselskap opgebring met: "Sou dit nie wonderlik wees om a dwergkeeshond te hê nie?" of "Hulle is so sag en wollerig". En dan sou Kirsten natuurlik vir my 'n prentjie wys wat sy aanlyn gekry het. Ek het eenvoudig "Nee" gesê. Ek was die gesag in die huis, en ons gaan nie nog 'n hond in die huis hê nie.

Ek het weereens gedink die saak is afgehandel tot omtrent 'n maand later toe ons tuis kom ná kerk. Kirsten het vol selfvertroue na my toe

gekom en met 'n glimlag op haar gesig gesê: "Pappa, ek het vandag 'n dwergkeeshond in geloof ontvang, net soos jy ons leer". Ek het haar weer aan my vorige stellings herinner dat ons nie nog 'n hond sou kry nie. Sonder om haar glimlag te verander, het sy gesê: "Maar Pappa, Mamma sê God kan die harte van konings verander". Haar stelling aan my was nie rebels nie. Sy het eenvoudig saam met haar ma gestem en gebid dat God my hart sou verander. Ek was uitgevang. Ek het nou geweet sy en haar ma het gepraat, en haar ma het haar aangemoedig dat God inderdaad my hart kon verander.

Sy het daardie oggend in die kerk haar geloof, gegrond in daardie aanmoediging, vrygestel deur te saai en te verklaar dat sy die hond in geloof ontvang. Ek het vasgeskop en haar van my liefde verseker, maar steeds vir haar gesê: "Ons gaan nie nog 'n hond in die huis kry nie". Ek het gesê ek is jammer, maar dit gaan nie gebeur nie. Dit het gelyk of sy nie omgee wat ek sê nie; sy het met 'n glimlag weggestap. Weer ek het gedink die saak is afgehandel.

Maar omtrent 'n maand later is ek uitgenooi na 'n klein kerkie in Mississippi om lering te gee. Dit was 'n baie klein landelike kerkie wat omring is deur kilometers oop grond. Aan die einde van die eerste aand het die pastor na my toe gestap en gesê die Here het met hom tydens die diens gepraat. Hy het gesê: "Ek weet nie of jy dit weet nie, maar ek maak dwergkeeshonde in my vrye tyd groot, en die Here het vir my gesê om vir jou een van die klein hondjies, wat ses weke oud is en gereed is vir 'n nuwe huis, te gee". Ek het net daar gestaan met 'n mond wat oophang. Ek was steeds nie van plan om die hond te neem nie en het gesê: "Ek sal jou laat weet". Ek het nie geweet hy teel met honde nie en het vir seker nie vir hom iets gesê oor Kirsten wat 'n klein hondjie begeer nie.

Ek het uiteindelik ingegee en vir Drenda gesê wat gebeur het en dat ek nie die hond wou neem nie. Sy het na my gekyk en gesê: "Gaan jy jou dogter se geloof ontken?"

Drenda wou ook nie 'n tweede hond in die huis gehad het nie, maar sy was liewer vir Kirsten as enige ongemak wat nog 'n hond sou veroorsaak. En nou dat God die hond as 'n gevolg van Kristen se geloof gebring het, hoe kon ons nee sê? Ek het dus vir die pastor gesê ons sal die hond neem.

Ons het nie vir Kirsten vertel nie, maar het vir haar sussie gesê om Kristen lughawe toe te bring wanneer sy ons kom oplaai. Kirsten het lughawe toe gekom, en ons het die klein drasakkie wat ons vir die hond gekoop het, gegee. Toe Kristen die klein dwergkeeshond sien, het sy in trane uitgebars. Alles het gestop. Elke mens rondom ons het gestop en die toneel voor hulle aanskou. Dit was nie lank nie, of 'n skare het om ons gevorm. Drenda het vir almal vertel hoe die hond vir ons gegee is en hoe Kristen God vertrou het vir daardie hond.

Dit is toe dat ek besef dat mens 'n herlewing in 'n lughawe kan hou deur eenvoudig 'n klein hondjie in jou hand te hou. Die mense wou almal die hondjie sien, en die skare het almal saam met Kristen gehuil, selfs die TSA-beamptes. Dit was hier waar ek soos 'n verskriklike pa gevoel het. Toe ek die vreugde sien wat die hond vir my dogter gebring het en hoe God die hond as 'n gevolg van my dogter se geloof gebring het, het ek gewonder hoe ek teen iets kan wees wat so kosbaar was vir haar. Shakespeare, soos sy hom genoem het, was net te oulik. Hy het werklik deel van die gesin geword. Alhoewel hy 'n onafhanklike outjie was, het hy Kirsten dag en nag oral heen gevolg.

Alhoewel hierdie 'n aandoenlike verhaaltjie is, moet ek 'n vraag vra wat beantwoord moet word en wat die eintlike doel van hierdie boek is.

Hoe het daardie hond opgedaag? Niemand het my nog ooit 'n hond aangebied nie. En hoe was dit die spesifieke hond waarvoor my dogter haar geloof vrygestel het? Was dit toevallig? Nee, duidelik nie. Dit was 'n direkte resultaat van die Koninkryk en die wette wat dit bestuur wat in my gesin se lewe geproduseer het. Dit het geproduseer net soos wat dit elke keer sal vir enigeen wat geloof het en die Koninkryk se gesag hier in die aardse ryk vrystel. Ons kan erken dat dit die Koninkryk van God is wat daardie hond geproduseer het. Maar hoe? Wat was die wette wat gefunksioneer het om dit te laat gebeur? Hopelik, soos wat ons deur hierdie boek werk, sal ons 'n paar duidelike antwoorde kry wat jou sal help om te weet hoe om God se Koninkryk te geniet. Jy is per slot van rekening 'n burger van daardie Koninkryk en wetlike regte en voordele. Maar kom ek gee vir jou nog 'n voorbeeld van die Koninkryk uit ons gesinslewe.

HOOFSTUK 4

DIE GROOT VIS

Namate ek en Drenda meer oor die Koninkryk van God en die gesag wat ons in die aardse ryk het, geleer het, het ons meer en meer bewus geraak van die feit dat dit onsself is wat bepaal hoe ons lewe. Die Koninkryk van God het 'n impak op elke gebied van ons lewens, maar onsself moet die voorsiening wat ons benodig of in ons lewens wou hê, vrystel. Dit gebeur nie vansself nie. Nes ons dogter se hondjie, is niks te klein of onbelangrik om onder die Koninkryk se heerskappy te bring nie. Toe ons dit besef, was daar eintlik niks wat onmoontlik of buite moontlikheid was vir ons nie. Vir die meeste van my lewe het ek nooit regtig verstaan dat God vir ons die Koninkryk, die HELE Koninkryk gegee het om te geniet nie. Daarom was dit pret om te sien hoe die Koninkryk elke area van ons lewens impakteer, selfs die klein, minder belangrike gebiede. 'n Voorbeeld hiervan word in die volgende verhaal geïllustreer. Ek noem dit die storie van die groot vis.

Dit het gebeur toe ons gesin in Alaska met vakansie was. Net die feit dat ons daar was, was vir my 'n droom. Ons het in Anchorage geland en 'n woonwatipe-voertuig vir 3 weke gehuur om die weskus te verken. Dit was absoluut pragtig! Op 'n dag was ons rondom Kenai Peninsula en ons het 'n groot vis gesien wat op 'n rak buite 'n gehuurde boot gehang het. Meeste van die gehuurde bote het pas ingekom, en regoor

die hawe het dieselfde groot visse gehang. Vir my het dit soos 'n groot platvis gelyk. Ek het nog nooit voorheen 'n heilbot gesien nie en ek het nie geweet wat dit was nie, maar hulle was baie groot. Ons was verstom soos wat ons verby die boothuurmaatskappye gery het, dat almal vir 'n dag se visvang vir heilbot geadverteer het. Skielik het my vrou vir my gesê: "Ek wil graag 'n heilbot vang, en ek wil dit graag vang saam met daardie maatskappy daar". Sy het na 'n advertensiebord gewys waarop daar 'n Christelike vis-teken was.

Eerstens, ek was geskok! "Jy wil 'n heilbot vang?" Sy wou nog nooit visvang nie. Maar sy het aangedring, daarom het ons gestop en na die kantoor gestap. Die personeel was besig met 'n ander kliënt, so ons het eers net rondgekyk, en die items op die bulletinbord gelees. Ons het 'n kennisgewing gesien dat daar tans 'n heilbot-kompetisie aan die gang was, maar wat binnekort sou eindig. Omdat ons self nie geweet het wat dit is nie, is daar 'n kans dat jy ook nie gaan wees nie. Laat my dus verduidelik: Die heilbot-kompetisie was en is 'n kompetisie vir wie ook al die grootste heilbot vir die maand onder al die maatskappye kan vang. Die wenner sou 'n foto in die koerant en 'n tjek ontvang. Ek en Drenda het gepraat daaroor om in te skryf, aangesien ons in elk geval sou uitgaan. Dit was net 'n paar dollar om in te skryf. En dit is toe dat dit gebeur het.

Drenda, my lieflike, baie vroulike vrou draai na my en sê sy het besluit sy gaan die kompetisie wen sodat die besigheid se kaptein die erkenning onder al die ander besigheidskapteine sal kry, want hy is 'n Christen en God sal die eer kry. Toe dit dus ons beurt was om bedien te word, het Drenda onbeskaamd verklaar dat sy die heilbot-kompetisie gaan wen sodat God die eer sal kry en sodat hulle besigheid erken sal word omdat hulle 'n Christen-besigheid was. Jy kan jou natuurlik

indink wat die besigheidskaptein gedink het. Natuurlik wil almal die heilbot-kompetisie wen; en ek is seker hy het dit by amper almal wat hy uitgeneem het, gehoor. Maar ek is nie seker dat baie mense verklaar het dat hulle vir God se glorie gaan wen nie.

Wel, hy het nie veel oor Drenda se kommentaar oor die kompetisie gesê nie. Toe ons uitgaan en begin visvang, het ons heilbotte gevang. Drenda het die kaptein, wat ook die eienaar was, gevra hoe groot die heilbot moet wees wat die kompetisie sou wen. Hy het net gesê dit moet groter wees as die een wat sy pas gevang het, wat veroorsaak het dat sy elke keer gevra het nadat sy een gevang het. So, toe sy 'n 40-ponder vang, het hy gesê dit is nie groot genoeg nie. Toe sy 'n 70-ponder vang, was dit nie groot genoeg nie. Almal weet natuurlik hoe lekker 'n heilbot is om te eet, dus het ons beplan om die visse huis toe te stuur. Die limiet was twee per persoon, daarom het ons die 70-ponder gehou.

Die dag het aangestap en dit was nou besig om skemer te word. My seun Tom, dogter Polly en ek het almal al ons twee-heilbot-limiet bereik. My ander twee kinders, Amy en Tim, was nie daar nie, want hulle het vroeg teruggekeer huis toe om 'n konferensie by te woon. Drenda, natuurlik, het haar 70-ponder gehad, maar nie een van die visse wat ons gehad het sou die kompetisie wen nie. Omdat dit vinnig donker begin raak het, het die kaptein ons aangesê om ons visstokke in te trek sodat ons kaai toe kon terugkeer. Drenda het die instruksie geïgnoreer terwyl die kaptein ons ander gehelp het om die visstokke te bêre. Sy het gesmeek vir net 'n paar ekstra minute en begin verklaar dat sy die heilbot-wennervis gaan vang. Die kaptein het so 'n paar minute gewag en toe na haar gestap en gesê: "Ek is jammer, maar ons moet regtig nou gaan."

Net voor hy haar stok kon neem, het dit skielik afwaarts geswaai. Dit was duidelik 'n groot vis want die stok het gebuig en die katrol het begin

skree. Die kaptein het die stok opgelig om 'n idee te kry hoe groot die vis was en saamgestem dat dit 'n groot vis was, maar dat dit 'n haai was. Hy het gesê hy kon dit sien uit die manier hoe die vis die lyn trek. Wel, dit het Drenda 'n hele ruk geneem om daardie vis gevang te kry. Dit het al haar krag geneem om die vis op te trek van die bodem af, wat 100 m ondertoe was. Soos die vis na die oppervlak gekom het, kon almal sien dat dit inderdaad 'n baie groot heilbot was, een wat groter as Drenda self was.

Soos sy die vis na die boot toe ingekatrol het, het die kaptein gesê die vis was te groot om net te gaffel en lewendig op die boot getrek te word, want dit sou flapper; omdat dit so groot was, kon dit iemand seermaak of die boot beskadig. Hy het 'n spesiale steekpaal gehad wat vir so 'n groot vis gemaak was. Die paal het 'n klein toestelletjie aan die punt gehad wat, wanneer dit in die vis se kop ingesteek word, af sou gaan en die vis doodmaak. Toe die kaptein die punt teen die vis se kop druk en die punt ontplof, het die vis geruk, wat veroorsaak het dat die toestel die vis gemis het.

Die geluid het veroorsaak dat die vis met sy hele krag reguit terugswem na die bodem toe. Die hele pad af, die hele 100 m, het die lyn teen die katrol geskree. Ons was bang die lyn gaan nie hou nie, of dat die hoek sou uittrek soos die vis vinnig na die bodem geswem het. Drenda moes dus weer daardie groot vis inkatrol. Sy het gesukkel om dit te doen omdat sy dit reeds een keer moes doen. Daarom het ek my arms om haar geplaas, my hand saam met hare om die katrol geplaas en saam het ons die vis stadig weer na die oppervlak gebring. Hierdie keer kon die kaptein dit in die boot inkry en ons almal het die grootte van die vis bewonder.

Ons het die heilbot na die dorp geneem waar hulle 'n skaal gehad het wat groot genoeg was om dit te weeg. Die vis het 123 pond geweeg

en was langer as wat Drenda was. Die man wat dit geweeg het, het gesê dit was, op daardie tydstip, die grootste vis wat in die kompetisie ingeskryf was; maar daar was nog twee weke van die kompetisie oor, en hy was nie seker of die vis sou wen of nie. Maar jou waarlik, 'n tjek, met Drenda se naam op, het 'n paar weke later by ons aangekom asook 'n kopie van die nuusberig met haar foto wat in die koerant verskyn het. Ons was baie opgewonde.

Die Koninkryk het weer gewerk! En weer moet ek die vraag vra: "Hoe het sy daardie vis gevang?" Ek weet net van twee keer wat sy visgevang het vandat ons getroud was, en sy het nie van visvang gehou nie. Ek is steeds geskok dat sy in die eerste plek 'n heilbot wou vang. Maar sy het haar redes gehad; sy sou die kompetiesiewenner vang! En sy het. Ons kon daar in Alaska die Koninkryk van God met daardie kaptein deel, en aan hom verduidelik hoe ons daardie vis gevang het. En alhoewel dit in daardie stadium nog nie die amptelike wenner was nie, was die vis groot genoeg dat dit die kaptein se aandag getrek het. En natuurlik was die vis uiteindelike die wenner van die kompetisie.

Jy dink dalk dat ons, of sal ek sê Drenda, se groot vis-storie hier eindig. Ek weet mense sal dink sy was net gelukkig, maar wat van twee keer?

Wel, omtrent vyf jaar later is ek en Drenda deur 'n pastorvriend van ons genooi om in Alaska te gaan salm vang. Ons was nog nie weer terug in daardie rigting sedert die vorige toer nie en het na verskonings gesoek om weer soontoe te gaan. Ons het weer 'n woonwatipe-voertuig gehuur en het beplan om salm te gaan vang omdat die jaarlikse salm-migrasie aan die gang was. Toe ons dus besig was om salm te vang, het die geselskap gedraai na heilbot-visvang en Drenda se vis. Ons vriend het nog nooit vantevore heilbot gevang nie, daarom het ons gesê: "Nou kom ons gaan". Ons het besluit om na dieselfde plek terug te gaan, by dieselfde

huurbootmaatskappy-kaptein, as hy nog steeds die besigheid gehad het.

Toe ons daar aankom, sien ons dat hy nie meer daar is nie en ons het gedink ons sou 'n ander plek moes gebruik. Maar voor ons dit gedoen het, het ons net eers die internet nagegaan om te sien of ons sy naam kon kry, want ons kon nie sy boot of sy maatskappy se naam onthou nie. Ná ons 'n rukkie gesoek het, het ons 'n afskrif van die koerant-artikel oor Drenda se vis en 'n foto van haar van vyf jaar tevore gekry. Die artikel het die boot en maatskappy se naam gehad, en ná 'n vinnige oproep kon ons dinge reël. Die maatskappy het steeds geopereer, maar het sowat 8 km verder die pad af geskuif.

Toe ons by die kantoor instap, het die vrou by die toonbak, wat die kaptein en eienaar se vrou was, opgekyk en gesê: "Die heilbot-wenner!" Ons het vinnig gesels oor die groot heilbot en wat die afgelope vyf jaar gebeur het. Dit was tydens die ekonomiese resessie en besigheid was nie goed nie. Sy het gesê mense het nie meer gereis nie en ook nie hulle geld op visvang gespandeer nie, en haar man was ontmoedig. Ons het haar herinner aan die Koninkryk, en sy het gesê haar man het nie belanggestel om God te dien nie.

Toe ons by die boot inklim, het hy ook vir Drenda en die groot vis onthou. Drenda het na hom toe geloop en gevra hoe die visvang was, en hy het gesê hulle het maar kleintjies gevang in vergelyking met die een wat sy vir die kompetisie gevang het. Maar hy het gesê dat die grotes nie in dié gebied gewoon het nie, want dit was te vlak. Hy het verder verduidelik dat die rede hoekom hy sy besigheid geskuif het, was dat die plek waar hy visgevang het en waar Drenda haar kompetisiewenner gevang het, baie dieper was, maar dat daar baie haaie was. Die haaie het die aas geëet vóór dit die bodem kon tref, en dit het net te duur geraak om aas te koop, en het net te veel tyd in beslag geneem.

Ons het toe gevra watter grootte hulle in hierdie nuwe gebied vang, en hy het gesê hy het nog nie 'n vis groter as 20 tot 30 pond gesien in 'n maand se tyd nie. Drenda het na hom gekyk en gesê: "Wel, ek gaan vandag 'n groot een vang, die grootste een wat jy in 'n hele ruk gesien het, net sodat jy kan sien God is getrou". Maar hy het haar net gespot. Ons het regdeur die dag 20-ponders gevang, nes die kaptein gesê het, en die kaptein het Drenda heeldag gespot oor die "groot vis" wat sy gaan vang. Dit was 'n herhaling van die vorige keer.

Aan die einde van die dag het die kaptein ons aangesê om al die visstokke in te trek. Drenda het hom weer geïgnoreer en gesê sy het so 'n minuut of twee nodig om die groot vis te vang. Weer het die kaptein 'n rukkie gewag en haar toe gesê dis tyd om te gaan. Dit is toe dat haar stok weer afswaai, en om 'n lang storie kort te maak, het sy 'n 70-ponder gevang. Die kaptein was weer verras.

Toe ons na die tyd na 'n restaurant gaan, het ons met 'n kaptein gepraat wat ook daar geëet het. Toe hy hoor Drenda het 'n 70-ponder uitgetrek, kon hy dit nie glo nie. Waar het jy gevang; hoe ver uit? Hy wou geweet het waar ons die groot vis gevang het. Ná ons die restaurant verlaat het, moes ons nog een keer terugkeer na die bootmaatskappy waar ons was om te reël dat die vis huis toe gestuur word.

Maar voor ons weg was, het ons nog 'n kans gekry om met die kaptein te deel oor God se Koninkryk. Ek het na die hom gekyk en gesê: "Jy moet regtig uitvind hoe sy daardie twee visse gevang het. Die wette van die Koninkryk werk vir geld ook". Hierdie keer het ons sy aandag gehad en hy het ten minste belang gestel. Ons het vir hom my boek, *Fixing the Money Thing*, gelos en gery.

Was hierdie twee visse die resultaat van toeval of was dit die resultaat van 'n Koninkryk-wet? Besluit jy, maar ek en Drenda het lank terug al

besluit. Van visvanguitstappies, om uit die skuld te kom of genees te word, ons ondervinding met die Koninkryk van God was opwindend en lewensveranderend. Ander ervaar ook die Koninkryk van God. Hier is 'n brief van 'n vrou wat van Drenda se verhaal gehoor het.

Beste Gary en Drenda

Ek het gedink dat ná ek jou boek gelees het waar Drenda die heilbot-wenner gevang het, ek ook my visstorie met julle moet deel. Ons het onlangs 'n gesinsvakansie na Cocoa-strand/Cape Canaveral, Florida onderneem. My man, Robert, wou gaan visvang op 'n diepseeboot en hopelik 'n paar visse terugbring huis toe, in Colorado. Ons het die uitstappie al vir 'n paar maande beplan, so toe hy vir my sê hy wil gaan visvang, het ek opgewonde geraak en gesê: "Kom ons doen dit! Ek kom ons vertrou God vir 'n groot vangs!" Ek het Robert gevra watter soort vis in Florida, waar ons sou visvang, beskikbaar was. Van al die visse wat hy opgenoem het, het ek gekies om te bid en te glo vir die "giant red snapper".

Die dag het gekom en ons het gewag vir instruksies van die bootkaptein en bemanning. Ek het verklaar dat ek 'n "giant red snapper" gaan vang, dus het my opgewondenheid gegroei terwyl die kaptein gepraat het. Ek was teleurgesteld toe ek hoor die kaptein sê dat, in daardie stadium, die enigste visse wat ons nie sou mag hou nie die baars, platvis en die "red snapper" sou wees! Ugh, het ek gedink; wat anders is daar om voor te glo?

Wel, ek was nie van plan om hierdie kans om my geloof op te bou, te laat verbygaan nie. Ek het gesê: "Here, ek glo vir die "giant red snapper" en so is dit, ek gaan een vang en ook ander vis huis toe bring!"

Op die boot het ek na my 8-jarige dogter, Rachel, gedraai en gesê: "Onthou dat jy kan bid en God vertrou dat jy vandag 'n vis gaan vang.

Glo jy?" Sy het geglimlag en haar kom instemmend geknik. Ek het dieselfde woorde van bemoediging aan my 21-jarige dogter, Jordan, gesê. Sy het my verras aangekyk en toe saamgestem. Ek het na Robert gekyk en gesê: "Kom ons vertrou vir 'n groot vangs!"

'n Paar uur het verbygegaan en ons het nog niks gevang nie. Toe skielik het Rachel se lyn begin spring en sy was so opgewonde. Sy het haar pa geroep om haar te kom help. 'n Paar minute later het hulle 'n Atlantiese haai uitgetrek! Sjoe, Rachel het die geloof-ding verstaan! Ons het haar gelukgewens. Wat 'n staatmaker!

Ek onthou dat ek begin dink het dat ek dalk nie iets sou kry nie, maar het die gedagte gestop en verklaar dat ek reeds my vis het. Ek het gaan sit en ontspan, en toe hoor ek God sê: "As jy net ontspan en my toelaat om die vis na jou te bring, sal jy dit kry". Wel, ek het geweet ek is nie 'n visserman nie, dus kon ek in elk geval nie op my eie vaardighede staatmaak nie. Ek het gaan sit en 'n diep asemteug van Goddelike vertroue ingeasem, en gewag. Sowat 20 tot 30 minute later was daar 'n geruk aan my lyn; ek het gedink dit is niks nie, maar uiteindelik was dit wel 'n vis.

My man het my vertel wat om te doen, en toe het die kaptein ook gekom om te help. Hy het vir my gesê aangesien dit 'n groot vis aan die lyn was, dit heel moontlik 'n "giant red snapper" aan die lyn was. Ek was so verras dat hy geweet het wat dit was nog voor die vis sigbaar was! En waarlik, soos ek dit ingekatrol het, het my 20-pond "giant red snapper" na die oppervlak gekom! Ek het God met soveel vreugde en opgewondenheid geloof. Ek weet ek het 'n deurbraak in my geloofsoortuiging gehad. Ek het net die heeltyd Drenda se vertroue onthou en gedink ek was ook tot dieselfde geloof en vertroue in staat. Ek het deurgedruk en dit was lonend.

Dankie vir julle bediening en dat julle die boeke skryf, ook The Faith Hunt. *Ek is dankbaar vir God en julle bediening wat my gehelp het om na*

groter seëninge te beweeg. Ek sien uit na die toekoms met selfs meer geloof en opgewondenheid. Ek weet hoeveel hierdie ervaring ook ons gesin bedien het!

Vriendelike groete,
S. T.

HOOFSTUK 5

WIE SE KEUSE WAS DIT?

In die voorafgaande stories het ons gesien hoe die Koninkryk van God ’n hond, ’n vis, die geld om ’n beslaglegging te keer, geld om te betaal vir motors en huise wat ons benodig en meer hier in die aardse ryk produseer en ook hoe die lewens van drie kinders gered is. Al hierdie stories is deur die Koninkryk van God geproduseer, of kom ons maak dit meer persoonlik – die Koninkryk van ONS God! Ons hoef nie verras te wees nie want Sy Koninkryk is onmeetlik.

Twee Petrus 1:3a sê:

Sy goddelike krag het ons immers reeds alles gegee
wat ons nodig het vir ’n godvresende lewe . . .

Uit al die verhale waarna ons gekyk het, wil ek ’n baie belangrike vraag vra: “Wie se keuse was dit?” Dit is wat ek bedoel: Het God net eweskielik besluit om vir Kirsten die hond te bring, of die vis na Drenda toe? Was hierdie alles net gebeurtenisse wat God in Sy soewereine wil besluit het om vir ons te doen? Of was daar ’n ander rede dat hierdie goed gebeur het? Ek dink die antwoord gaan meeste mense skok. Ek weet dit het my geskok.

Om jou vraag te beantwoord, kom ons kyk na 'n storie in die Bybel in Lukas 8.

> *Daar was 'n vrou in die skare wat twaalf jaar lank aan chroniese bloeding gely het. Sy het alles wat sy gehad het, aan dokters bestee, maar kon nie genees word nie. Sy het van agter na Jesus gekom en die soom van sy kleed aangeraak. Onmiddellik het die bloeding gestop. "Wie het My aangeraak?" het Jesus gevra. Almal het dit ontken, en Petrus het gesê: "Meneer, die hele skare stoot en druk voortdurend teen U." Maar Jesus het vir hom gesê: "Nee, iemand het My opsetlik aangeraak, want Ek het genesende krag uit My voel vloei." Toe die vrou besef dat Jesus weet, het sy begin bewe en op haar knieë voor Hom neergeval. Die hele skare het haar hoor vertel waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. "Dogter," het Hy vir haar gesê, "jou geloof het jou genees. Gaan in vrede."*
>
> – Lukas 8:43–48, NLV

Die Bybel is baie duidelik dat Jesus van alle kante gedruk was, en selfs Petrus was verras deur Jesus se vraag: "Wie het my aangeraak?" As geestelike wetenskaplike wil ek weet, moet ek weet, hoekom hierdie vrou genees is en niemand anders nie. Waarom het die salwing net na haar gevloei en hoekom het dit nie na enigiemand anders gevloei wat aan Hom geraak het nie? Die antwoord is hier, maar vóór ek die vraag antwoord, kom ons vra nog een. Het Jesus haar intensioneel bedien? Het Hy Sy hande op haar gelê? Die antwoord is nee; om die waarheid te sê, Hy het nie eers geweet sy was daar nie. Wie se keuse was dit dan dat sy daardie dag genees is?

Kom ek stel dit anders. Het God gekies om haar op daardie oomblik te genees of was dit haar besluit om van God te ontvang? Dit is 'n

belangrike vraag omdat so baie mense op God "wag" om iets in hulle lewens te doen. Ek glo die feit dat Jesus nie eers geweet het sy is daar nie, bewys dat dit haar besluit was om te ontvang en nie Jesus se besluit om haar te genees nie.

Nou dít open 'n geweldige groot openbaring, en dit is dit – God kies nie om een persoon te genees en 'n ander nie. Hy het ons almal reeds toegang gegee tot genesing deur ons wetlike stand in sy Koninkryk. Daarom, in werklikheid, kies ons. Maar ek wil weet: Hoe het sy toegang tot daardie krag gekry? Hoe het sy "besluit" om te ontvang? Jesus sê vir ons presies hoe sy toegang gekry het tot die Koninkryk se krag en gesag. Hy het gesê: "Dogter, jou geloof het jou genees. Gaan in vrede". Hierdie sin vertel ons alles wat ons moet weet en beantwoord ons vraag oor hoekom sy ontvang het en hoekom niemand anders daardie dag ontvang het nie. As geestelike wetenskaplikes, kom ons kyk van naderby na hierdie verhaal en sien of ons enige leidrade kan optel oor hoekom sy ontvang het.

Eerstens, noem Jesus haar "dogter", wat beteken sy was deel van die nasie Israel. Dit beteken sy het 'n verbond met God gehad. Of jy kan sê sy het wetlikheid voor die hemel gehad as 'n burger van die nasie Israel om van God te ontvang. Hierdie feit kan nie die enigste rede wees dat sy ontvang het nie, want almal wat daardie dag teen Jesus gedruk het, het dieselfde wetlikheid gehad. Daar moes iets anders gewees het wat veroorsaak het dat die krag vloei. Jesus gee dan vir ons nog 'n rede hoekom sy ontvang het. Om die waarheid te sê, Jesus het gesê dat dit die presiese rede is dat sy persoonlik ontvang het. Hy het gesê haar geloof het haar genees.

Nou weet ons die rede hoekom sy kon ontvang. Eerstens was dit wetlik haar reg om te ontvang omdat sy 'n dogter van Abraham was; en

tweedens, haar geloof was die skakelaar wat toegelaat het dat die krag op daardie spesifieke oomblik na haar liggaam gevloei het. Die feit dat sy 'n dogter van Abraham was, wat beteken dat sy voor die hemel gestaan het onder die verbond wat God met Abraham gesluit het, kan vergelyk word met die elektrisiteitsmaatskappy wat die krag aansit en die drade word na jou huis aangelê. Maar dit beteken nie die ligte gaan aan wees nie. Jy moet ook die skakelaar aansit sodat die ligte kan aan gaan. Nou is al wat ons moet uitvind is waar die skakelaar is of wat die skakelaar is. Jesus het dit haar geloof genoem, maar wat is geloof en hoe skakel ek dit aan? Dit is 'n lewensbelangrike vraag wat beantwoord moet word.

Wat is geloof?

Geloof is 'n term wat Christene maklik rondgooi. En ek is oortuig dat baie, indien nie die meeste nie, nie weet wat geloof is nie, hoekom dit nodig is, hoe om te weet hulle is in geloof, en hoe om geloof te vind nie. Indien geloof die skakelaar is wat hierdie vrou genees het, moet ons geloof van baie naby bekyk! Ons vind ons definisie van geloof in Romeine 4:18–21. O, ek weet wat jy dink: "Nee, Gary. Hebreërs 11:1 is ons definisie van geloof".

> *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop,*
> *'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*
> – Hebreërs 11:1, 1953-vertaling

Ja, dit is die tradisionele antwoord, maar as jy na die vers kyk, sê Hebreërs 11:1 vir ons wat die voordele van geloof is, nie wat geloof eintlik is nie. Ek glo ons Skrifgedeelte in Romeine sal ons 'n baie duidelike prentjie gee van wat geloof eintlik is.

Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: "So sal jou nageslag wees." Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het.

– Romeine 4:18–21, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Kom ons verstaan die toneel van hierdie verhaal. Abraham en Sara kon nie kinders kry nie. Ek bedoel nie hulle het gesukkel om swanger te raak en moes aanhou probeer het nie. Ek bedoel hulle was amper 100 jaar oud, en die tyd was verby. Hulle liggame kon nie kinders kry nie; dit was onmoontlik! Tog belowe God aan Abraham 'n kind selfs al was dit in die natuurlike heeltemal onmoontlik. Die Bybel sê Abraham was ten volle oortuig dat God die mag gehad het om te doen wat Hy sê, ten spyte van die natuurlike feite wat 'n ander storie vertel het. Hier is dan ons definisie van geloof: "om ten volle oortuig te wees dat God die mag het om te doen wat Hy belowe het". Ek stel dit so: **om in ooreenstemming met die hemel te wees**, nie net verstandelik nie, maar ten volle oortuig, ons harte gevestig en ten volle oortuig van dit wat God gesê het, ten spyte van die natuurlike ryk wat iets anders aandui.

"DIE GELOOF DAN IS 'N VASTE VERTROUE OP DIE DINGE WAT ONS HOOP, 'N BEWYS VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE."
– HEBREËRS 11:1, 1953-VERTALING

Ons definisie van wat geloof is:
Geloof is om ten volle oortuig te wees van wat God sê! Dit is ons harte en gedagtes wat in ooreenstemming is met die hemel, ons harte ten volle oortuig, verseker en gerus.

Waarom word geloof benodig?
Hoekom kan God nie net almal in die hospitaal gesond maak as Hy wil nie? Hoekom kan Hy nie oorloë stop nie? Hoekom kan Hy nie engele stuur om die Evangelie aan ons te verkondig nie? Ek is seker jy het al al hierdie vrae gehoor. Die antwoord is dat Hy nie kan nie. Dit is nie dat God nie die vermoë het om dit te doen nie, maar Hy het nie die jurisdiksie of die gesag om dit te doen nie. "Gary, sê jy God kan nie doen wat Hy ook al wil nie?" Ek weet dit klink nou baie vreemd vir jou, maar kom ons kyk na die Bybel om die antwoord daarvoor te vind.

> *. . . maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie.*
> – Hebreërs 2:6–8, 1953-vertaling

Ons kan uit hierdie Skrifgedeelte sien dat God aan die mens die algehele wetlike jurisdiksie oor die algehele aardse ryk gegee toe hy daar geplaas is. Daar is niks wat nie onder sy jurisdiksie is nie. Hy het oor hierdie ryk geregeer met absolute jurisdiksie en outoriteit. Sy vermoë

om met outoriteit te heers is gerugsteun deur die regering wat hom daar gestel het. In wese het hy met die gedelegeerde outoriteit van die Koninkryk van God geheers. Hy het die kroon van daardie regering gedra, wat die glorie van God verteenwoordig het, die salwing en die posisie van eer wat hy gedra het.

Om 'n goeie prentjie te kry van hoe dit lyk, dink aan 'n natuurlike koning. Alhoewel hy 'n natuurlike mens is en nie regte mag in sy natuurlike wese dra nie, dra hy 'n kroon wat aandui dat hy in die verteenwoordiging van nie net homself nie, maar ook die hele koninkryk en regering staan. Sy woorde dra gesag net omdat dit gerugsteun word deur al die mag en natuurlike hulpbronne van die regering en koninkryk wat hy verteenwoordig.

Wanneer jy dink aan 'n verkeersbeampte wat verkeer beheer, sal hy 'n massiewe trok stop met 'n bevel: "Stop in die naam van die wet". Ja, die trok is baie groter as die man, en die man, in homself, kan nie teen die trok opstaan nie, maar die trok stop. Dit stop nie as gevolg van die man nie, maar as gevolg van die kenteken, wat die regering verteenwoordig, wat die man dra. In hierdie geval is die regering soveel groter as die man wat die kenteken dra. Daar is vir die trokbestuurder geen vrees vir die mens nie, maar daar is 'n vrees vir die regering wat deur die man voorgestel word, wat veroorsaak dat die trok stop. Dieselfde is hier waar. Adam het oor alles wat in die aardse ryk geskep is, geregeer. God se mag en heerskappy, voorgestel deur die kroon van glorie en eer, het die mens die versekering gegee dat sy woorde namens die Koninkryk van God heers.

Dit is belangrik om daarop te let dat toe Adam sy vermoë verloor het om oor die aarde te heers deur verraad teen God se regering te pleeg, hy sy kroon verloor het. Die aardse ryk het bedorwe geraak en

verander. Dood het die aardse ryk betree, en Satan het nou die wetlike reg van gesag en invloed op die mens se sake gehad. Dit is noodsaaklik dat jy ook verstaan dat die mens steeds die wetlike heerser oor die aardse ryk is, want God het hom daar geplaas, maar hy het nou geen gesag om geestelik te heers soos hy voorheen gehad het nie. Maar selfs in sy gevalle toestand is hy steeds in beheer van die aarde.

Ja, hy het nie meer sy kroon van God se regering om hom te rugsteun nie. Hy het nie outoriteit om met God se mag en glorie te heers nie; hy het sy posisie van eer verloor. Maar hy is steeds die enigste wettige deur na die aardse ryk. Dit is hoekom God Geesvervulde mense moet gebruik om Sy wil in die lewens van mense te laat geskied. Net so gebruik Satan demoongeïnspireerde mense om die aardse ryk te beïnvloed vir sy planne vir die mens. Hierdie beginsel van die mens se jurisdiksie oor die aarde is lewensbelangrik vir jou om die Koninkrykwette te verstaan, en sodra jy dit verstaan, sal dit baie vrae beantwoord wat jy in die toekoms mag hê oor hoekom sekere dinge gebeur, of waarom sekere dinge geestelik gebeur of nie gebeur het nie.

DIT IS HOEKOM GOD GEESVERVULDE MENSE MOET GEBRUIK OM SY WIL IN DIE LEWENS VAN MENSE TE LAAT GESKIED.

Jy sê dalk: "Maar ek het gedink God besit die aarde en die volheid daarvan?" Ja, Hy doen. Ek hoop die volgende voorbeeld sal jou help verstaan wat ek sê. As ek 'n huis wat ek besit aan jou verhuur, gee ek regtens die reg op om op enige tyd net daar in te val soos ek wil, selfs al besit ek wetlik die huis. Daar is in die meeste huurkontrakte 'n klousule wat spesifiseer dat eienaars nie regtens die eiendom kan betree nie – byvoorbeeld in 'n noodgeval of om herstelwerk te doen – en die hoeveelheid

kennis wat gegee moet word. Indien ek die huis inkom buite hierdie ooreenkoms, sal dit as inbraak beskou word, selfs al besit ek die eiendom. Indien ek die wet wat in die ooreenkoms gespesifiseer is, verbreek, kan ek wetlik geforseer word om die eiendom te verlaat, selfs al is dit my eiendom. Dit illustreer hoekom Satan deur Adam moes gaan om toegang tot die aardse ryk te verkry. Net Adam het die sleutel gehad. Satan moes deur die deur gaan en dit was Adam. As Satan sou probeer om om Adam te gaan, sou hy wetlik uitgeforseer word.

> *Daarna het die duiwel Hom na 'n hoogte geneem en in 'n oogwink vir Hom al die koninkryke van die wêreld gewys. Die duiwel het vir Hom gesê: "Ek sal vir jou die glorie en die mag oor al hierdie koninkryke gee, want hulle is myne om vir enigeen te gee vir wie ek wil. Ek sal dit vir jou gee as jy neerbuig en my aanbid."*
> – Lukas 4:5–7, NLV

Jy kan uit hierdie vers sien dat Satan aanspraak maak dat die gesag en glorie (rykdom) van die mens se koninkryk aan hom gegee is. Wie het vir hom hierdie gesag gegee? Die een wat dit gehad het – Adam! God kan dus nie net inbars by die sake van mense sonder om deur 'n wetlike ingang te gaan nie. Indien Hy sou, sal Satan sê dis vuilspel. Nee, God moet deur dieselfde deur gaan wat Satan moet om Sy regering en gesag in die aarde voort te bring, en dit is die mens. Maar is daar so 'n mens?

> *Die Here het vir Abram gesê: "Trek weg uit jou land, weg van jou familie en jou ouerhuis en gaan na die land wat Ek jou sal aanwys. Ek sal jou die voorvader maak van 'n groot nasie. Ek sal jou seën sodat jy geëerd sal wees, en vir ander tot 'n seën sal wees. Ek sal dié*

seën wat jou seën en dié wat jou vervloek, sal Ek vervloek.
In jou sal al die mense op die aarde geseën word."
– Genesis 12:1–3, NLV, klem bygevoeg

Abraham staan bekend as die vader van ons geloof want hy is die mens wat deur vir die aardse ryk oopgemaak het vir God waardeur alle nasies op aarde geseën sou word. Natuurlik, wanneer hierdie vers praat van die nasies wat geseën sal word, praat dit van Jesus Christus, wat later 'n weg sou maak vir die regering van God om weer wetlike reg tot die aardse ryk te kry deur die geloof van Abraham. Abraham se geloof het 'n wetlike deur vir die hemel oopgemaak, wat God permanent oopgesluit het deur 'n wetlike ooreenkoms (verbond) met Abraham en sy saad of erfgename aan te gaan.

"DIE GELOOF IS DUS UIT DIE GEHOOR, EN DIE GEHOOR IS DEUR DIE WOORD VAN GOD."
– ROMEINE 10:17, 1953-VERTALING

Kom ek verduidelik wat ek sê. Die regering van die hemel kan slegs toegang in die aardse ryk kry deur 'n man of vrou op die aarde want hulle het die wetlike jurisdiksie daar. Daardie wetlikheid kan slegs tot stand gebring word indien 'n man of vrou ten volle oortuig is in hul harte van dit wat God sê (geloof).

Nog 'n manier om dit te stel is om te sê dat die hemel 'n man of vrou in die aardse ryk slegs wetlik kan beïnvloed indien hulle kies om onder God se heerskappy en gesag kom. Dit sal dieselfde beginsel wees wat Satan gebruik het om toegang tot die aarde te verkry, en hy het Adam daarvoor gebruik. Hy het Adam oortuig dat God nie vertrou kan word nie en het daardeur Adam se hart uit ooreenstemming met God gehaal. Gevolglik het Adam gekies om Satan te glo en hy het God se gesag verwerp.

Dit is dieselfde beginsel wat God nou gebruik om Sy regering en gesag terug in die aardse ryk deur Abraham te bring. Abraham het God geglo en sy instemming is deur God as geregverdig beskou. Dit beteken dat die vereiste regsooreenkoms daar was. Hierdie ooreenkoms deur beide partye, God en Abraham, het God in staat gestel om 'n wettige kontrak ('n verbond) in plek te plaas wat die hemel se toegang in die aardse ryk verseker het, MAAR dit is belangrik om te let daarop dat hierdie ooreenkoms net vir Abraham en sy erfgename ingesluit het. 'n Teken van hierdie verbond is aan al Abraham se erfgename gegee – die besnydenis. Besnydenis is die afsny van die voorhuid op die manlike penis. Wanneer 'n man sy saad in 'n vrou geplant het, moes sy saad deur daardie besnyde penis gaan, wat aan Satan en die vader en moeder verklaar het dat hierdie kind voor die hemel as 'n erfgenaam van daardie wettige ooreenkoms wat God en Abraham aangegaan het, staan.

Maar, soos ons reeds gelees het, moet elke man of vrou, alhoewel hulle daardie wetlike ooreenkoms beskikbaar het, steeds die wetlike vereistes vervul deurdat hul eie harte ten volle oortuig is van wat God sê sodat hulle die voordele van daardie ooreenkoms wat God en Abraham aangegaan het, ten volle kan geniet. In wese het die verbond die drade na hulle huis geneem, maar hulle moes steeds die skakelaar aansit deur persoonlik die Woord van God te glo en daarop te reageer.

Nou weet ons wat geloof is en hoekom geloof wetlik vereis word. Dit is nou noodsaaklik dat ons weet hoe om geloof te verkry en hoe om te weet ons tree in geloof op.

Hoe verkry ons geloof?

Hier is 'n leidraad: Jy kan nie vir geloof bid nie. Verras? Ek het so gedink.

Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
– Romeine 10:17, 1953-vertaling

Hoe kom geloof deur die hoor van die Woord van God? Is dit al wat dit behels? Wat is die proses? Is die aanhoor van die Woord al wat dit behels dat geloof in die menslike gees ontwikkel word? Om te verstaan hoe geloof ontwikkel en wat Romeine 10:17 van praat, kan ons kyk na Markus hoofstuk 4. Indien jy jou Bybel in die lug sou opgooi en dit val oop by Markus 4; dit is só belangrik! Jesus sê in Markus 4:13 dat as jy nie verstaan wat Hy in hierdie hoofstuk leer nie, jy nie al die ander gelykenisse in die Bybel sal verstaan nie. Ek sou sê dit is redelik belangrik!

Waarom is hierdie hoofstuk so belangrik? Want dit vertel ons hoe die hemel met die aardse ryk koppel, hoe dit wetlikheid verkry en waar dit plaasvind. Niks is belangriker in jou lewe as om te weet waarvan hierdie hele hoofstuk praat nie. Jy vra dalk: "Hoe funksioneer die Koninkryk van God?" Lees Markus 4! In hierdie hoofstuk vertel Jesus ons drie gelykenisse oor hoe geloof in die menslike gees geproduseer word, wat, soos jy weet, 'n vereiste is vir die hemel om die aarde wettiglik binne te dring.

Die drie verhale in hierdie hoofstuk is die gelykenis van die saaier, die gelykenis van die saad en die verhaal van die mosterdsaad.

Kom ons begin eerste by die tweede verhaal wat Jesus in Markus 4 vertel, die gelykenis van die saad.

> *En Hy het gesê: "Die koninkryk van God is soos 'n man wat saad op die land uitstrooi, en nag ná nag gaan slaap, en dag ná dag opstaan, en die saad ontkiem en groei – hoe, weet hy self nie. Die land bring die graan vanself voort: eers 'n halm, dan 'n aar*

en dan die koring vol in die aar. Wanneer die graan ryp is,
steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is."
– Markus 4:26–29, 2020-vertaling

Vóór ons by hierdie stuk induik, kom ons definieer eers ons terme. Wat is die saad waarvan Jesus praat en wat is die grond (land)? Jesus definieer daardie terme in die vorige gelykenis van die saaier in dieselfde hoofstuk. Daarom, in hierdie gelykenis, as ons Jesus se eie definisie van daardie twee woorde gebruik, kan ons sê Jesus sê 'n man saai die Woord van God in sy eie hart. Dan begin die grond of die hart van die man self in die aardse ryk die geloof produseer (ooreenstemming met die hemel).

Vóór ek voortgaan, is dit krities dat jy onthou wat ons definisie van geloof is: die hart van 'n man of vrou wat ten volle oortuig is van wat die hemel sê. Hierdie gedeelte sê dat alhoewel die man nie weet hoe die proses werk nie, begin die Woord wat in sy hart gesaai is groei en produseer dit ooreenstemming heeltemal op sy eie. Dit gebeur of hy slaap of wakker is; dit maak nie saak nie, die proses gaan voort. Namate die man die Woord in sy hart hou, kom sy hart stadig in ooreenstemming met dit wat die hemel sê, en geloof word geproduseer.

Ons Skrifverwysing in Markus 4 vertel ons dat die hart ooreenstemming deur 'n proses produseer. Die verhaal vertel ons dat ons hart eers die Woord ontvang, en geloof begin vorm. Jesus vergelyk daardie fase met 'n halm. Die halm groei en word dan 'n aar. Uiteindelik vorm die aar die volle koringaar, maar selfs op hierdie laat stadium is daar geen vrug, geen ooreenstemming en geen verandering in die natuurlike ryk nie. Dan sê Jesus die proses gaan voort omdat die aar nou volwasse raak en ryp graan produseer. Wanneer dit op daardie punt kom, wanneer die

saad ryp is, is die ooreenstemming daar en die geloof is daar, wat toelaat dat die man of vrou in die aardse ryk dít oes wat die hemel in die mens se hart geplant het.

Let nou op. Kom ons hersien wat eintlik gebeur het. Die hemel saai die Woord van God in die aardse ryk, in die hart van 'n man of vrou waar ooreenstemming nodig is. By daardie punt is die mens se hart nog nie in ooreenstemming met die hemel nie, maar 'n proses begin in die hart plaasvind wat die hart, heeltemal op sy eie, in ooreenstemming bring met dit wat gesaai is. Jesus gebruik 'n goeie illustrasie om ons hierdie proses te wys. Deur die proses te vergelyk met 'n boer wat saad saai en sien hoe die plant volwasse raak, gee Jesus vir ons 'n prentjie van hoe geloof lyk. In die natuurlike ryk, wanneer die saad se kop volwasse is, sal dit **PRESIES** soos die saad lyk wat in die grond gesaai is. Kom ek sê dit weer.

Wanneer die saad se kop volwasse is, sal dit presies – PRESIES – soos die saad lyk wat in die grond gesaai is.

Plant 'n mielieplant en die volwasse saad in die mieliekop sal dieselfde wees as die saad wat jy geplant het. Hulle is dieselfde, lyk dieselfde en proe dieselfde. Jy kan nie die verskil tussen die twee sien nie; hulle is identies.

So kom ek omskryf wat Jesus sê. Wanneer ons die Woord (Romeine 10:17) hoor, saai ons eintlik God se Woord in ons geesmens, ons harte, in. As ons daardie Woord in ons harte hou, sal dit volwasse word; en wanneer dit volwasse is, sal die prente in ons harte (die aardse ryk) dieselfde wees as wat die hemel sê. As ons dit anders stel, kan ons sê dat wanneer jy 'n belofte van die hemel in jou hart saai, dit stadig die vertroue van dit wat God sê, produseer. Uiteindelik sal jou hart ten volle oortuig wees van wat die hemel sê, en die ooreenstemming sal daar

wees. As jy byvoorbeeld siek is, sê die omstandighede in jou liggaam vir jou dat jy siek is. Soos jy die Woord van God saai wat sê dat God die prys betaal het vir jou genesing deur dit wat Jesus gedoen het, begin jou hart stadig op sy eie oortuig raak van dit wat God sê.

Wanneer daardie Woord in jou hart volwasse raak, word die vertroue dat jy genees is wat **jy** glo en sê. Jy kwoteer nie meer net wat die hemel sê nie. Jou hart is nou ten volle oortuig. Wanneer jy sê, "ek is genees" is dit nie 'n formule wat jy kwoteer nie; dit is eerder wat jy glo en as 'n feit weet. Dit wat die hemel sê het nou jou eie persepsie van realiteit geword.

Dit is hoekom Hebreërs 11:1 (1953-vertaling) sê:

> *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Wanneer geloof daar is, is dit 'n bonatuurlike versekering van wat die hemel sê, en tog is daar nog 'n stap in die proses.

Die man moet nou sy sekel neem om te kan oes om dit waarvan hy in sy hart seker is, in sy eintlike bestaansryk in te bring.

> *En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.*
> – Markus 4:29, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Let op dat selfs al is die hart in ooreenstemming met die hemel, en die hemel se realiteit het nou die man of vrou se realiteit geword, het daar nie 'n groot verandering in die fisieke ryk plaasgevind nie. Omdat die mens die een is wat natuurlik die jurisdiksie hier in die aarde het,

is hy die een wat ook daardie outoriteit van die hemel in hierdie aardse ryk moet vrystel. God kan dit nie sonder die man of vrou doen nie. Ek kan jou dit in hierdie bekende Skrifgedeelte wys wat ons vroeër bespreek het.

> *Want met die hart glo ons, en word so **regverdig** verklaar;*
> *met die mond **bely** ons, en word so verlos.*
> – Romeine 10:10, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Met die hart glo die mens die Woord, wat geloof produseer en is geregverdig. "Regverdig" is 'n wetlike term wat beteken die toepassing van die wet. Wanneer 'n mens se hart in ooreenstemming met die hemel is, en sy hart is ten volle oortuig van wat die hemel sê, is hy geregverdig. Dit is nou vir die hemel wettig om in sy lewe en in die aardse ryk in te vloei. Maar om net geregverdig te wees, stel nie die krag van God vry nie. Net soos die huis die krag van die kragstasie af het, is daar nog een stap – sit die skakelaar aan om die krag vry te stel, en die ligte gaan aan. Hoekom? Want, soos Romeine 10:10 dit wys, is daar nog een stap ná regverdiging.

'n Man of vrou wat geregverdig voor die hemel en aarde staan, moet dan bely of op daardie ooreenkoms reageer om die krag en salwing van God in die aardse ryk vry te stel. Lees daardie Skrifgedeelte asseblief weer en weer totdat jy heeltemal verstaan wat ek sê. Dit is hoe dit werk! Dit is hoe die hemel wetlikheid in die aardse ryk verkry, die hart wat die koppeling is tussen die hemel en die aardse ryk, en dan ons woorde en aksies wat die skakelaars is wat die hemel se krag vrystel. Let asseblief noukeurig op na die tweede gedeelte van daardie vers: Ons is die mense wat die hemel se gesag hier moet vrystel.

Die konsep van die hemel wat op 'n man of vrou wag om, eerstens, wetlikheid en tweedens, jurisdiksie in die aardse ryk te verskaf, kan gesien word deur dit wat Jesus in Matteus 16 en 18 geleer het.

> *Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.*
> – Matteus 18:18, 1953-vertaling

Jesus sê hier dat Hy vir die kerk die sleutels (gesag/outoriteit) van die Koninkryk van die hemel in die aardse ryk gaan gee. Hy het gesê dat wat jy ook al op die aarde bind, die hemel sal rugsteun, en wat jy ook al op die aarde los maak, die hemel dit sal rugsteun. Dink weer aan die verkeersbeampte; hy het die outoriteit, maar die regering het die mag. Die verkeersbeampte hou die sleutel of die gesag van die regering want hy is ingesweer om 'n agent van daardie regering te wees. Wat hy sê, rugsteun die regering. Onthou, net 'n man of vrou het hier wetlike jurisdiksie, en daarom kan slegs 'n man of vrou vir die hemel die wetlike jurisdiksie hier gee.

DIT IS HOE DIE HEMEL WETLIKHEID HIER IN DIE AARDSE RYK VERKRY; DIE HART WAT DIE KOPPELING IS TUSSEN DIE HEMEL EN DIE AARDSE RYK; EN DAN ONS WOORDE EN AKSIES WAT DIE SKAKELAARS IS WAT DIE HEMEL SE KRAG VRYSTEL.

Daar is nog een belangrike punt wat jy van geloof moet weet. Laat my weer vir 'n oomblik na ons Skrifgedeelte in Markus 4 verwys.

*Die land **bring die graan vanself voort**: eers 'n halm,*
dan 'n aar en dan die koring vol in die aar.
– Markus 4:28, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Onthou, Jesus het die grond wat in hierdie gelykenis gebruik is, gedefinieer dat dit die hart van die mens, of die gees van die mens verteenwoordig. Let op waar geloof geproduseer is; verras dit jou? Dit is nie 'n produk van die hemel soos meeste mense glo nie, maar dit word hier in die aardse ryk geproduseer en is 'n produk van jou hart. Jy kan nie daarvoor bid of vir God daarvoor vra nie. Geloof is nie nodig in die hemel nie. Ons sal nie nodig hê om saam te stem in die hemel nie. Nee, dit word net hier in die aardse ryk vereis, en dit kan net in die harte van mans en vrouens hier op aarde plaasvind. Soos wat die gelykenis in Markus 4 ons leer, is daar net een manier om dit te kry – deur die Woord van God in ons hart te plaas en die proses van ooreenstemming te laat plaasvind. As ek dus geloof nodig het, wat moet ek doen? Ek sal die Woord van God in my hart saai en dit laat groei totdat die geloof daar is. Dit is die enigste manier hoe dit plaasvind.

Vóór ek Markus 4 verlaat, wil ek weer van die sekel praat wat daar genoem word.

*Wanneer die graan ryp is, **steek hy dadelik***
***die sekel in**, omdat die oestyd daar is.*
– Markus 4:29, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Ek glo die meeste van die kerk nog nie geleer is hoe om die sekel te gebruik nie, wat beteken dat hulle nie geleer is hoe om te oes wat hulle benodig nie. Die kerk is in die algemeen geleer hoe om te gee, maar

nie hoe om die saad wat hulle gesaai het, te bewerk en te oes nie. Jesus is baie spesifiek in hierdie vers en Hy sê hier dat wanneer die oes van ons geloof beskikbaar is, ONS die sekel moet gebruik. Selfs al het ons 'n goeie werk gedoen om ons saad in geloof vry te stel, as ons nie weet hoe om die sekel te gebruik nie, sal daar geen oes wees nie. Om eerlik te wees, ek het ook niks hieroor geweet nie totdat die Here my begin leer het hoe die Koninkryk funksioneer. Kom ek gee 'n paar voorbeelde van hoe dit lyk.

Ek is genooi om by 'n kerk in Atlanta te praat. Dit was 'n Woensdag-aanddiens en die kerk was nie baie groot nie, maar dit was vir my goed so. Ek hou baie daarvan om mense van die Koninkryk te leer. Toe ek by die kerk aankom, was dit vir my vreemd dat die deure gesluit was en dat niemand daar was nie. Dit was tien minute voor die diens sou begin. Ek het 'n lawaaierige trok agter my gehoor; dit het geklink of dit geen knaldemper gehad het nie. Toe ek terugkyk, het ek gesien hoe 'n stukkende, verwaarloosde bakkie in die oprit van die kerk intrek. Ek het niks daarvan gedink nie; ek was tog in die agterbuurtes van Atlanta. Terwyl ek gewag het, het 'n man agter die gebou omgekom en homself as die pastor voorgestel. Hy het verskoning gemaak dat hy laat was, en gesê sy ou bakkie wou nie aanskakel nie. Hy het gesê hy moes die trok aanskakel deur dit teen 'n afdraande te laat afloop en dan die koppelaar te los, want die aansitter het nie gewerk nie. Hy het gesê dit wou baie keer nie eers aanskakel nie, en dan moet hy die 8 km kerk toe loop.

Hy het my van sy kerk vertel en ook gesê dat alhoewel hy die pastor was, die kerk se hooffunksie was om die mense van die middestad te voer. Hulle het meer as 10 000 maaltye 'n maand by daardie ligging uitgegee. Terwyl hy gepraat het, het ek ontsteld geraak. Hier is 'n man van God wat 10 000 mense 'n maand voer en hy het nie eers 'n betroubare

voertuig nie? Hy is die enigste prentjie van God wat baie van die mense wat hy voer, ooit sal sien. As hulle sien hy kan beswaarlik oorleef, wat 8 km kerk toe loop op 'n snikhete somersdag, watter vertroue sal hulle in 'n God hê wat hulle kan help. Ek kon daarmee help. Ek het by die huis 'n redelike nuwe motor met ongeveer 30 000 km op gehad wat ek vir hom kon gee. Ek het hom van my plan vertel en gesê ek sou een van my personeellede na Atlanta stuur met die kar. Hy was natuurlik in ekstase. Ek het daardie aand die Koninkryk van God en hoe dit met betrekking tot geld funksioneer, aan hom en sy kerk geleer.

Toe ek by die huis kom, het ek gereël dat die motor na Atlanta toe bestuur word. Toe my personeellid die motor by my huis kom haal, het ek geweet ek doen 'n geestelike transaksie in die hemel. Ek het geweet dat toe ek daardie kar in die Koninkryk van God vrystel, kon ek God vertrou vir 'n voertuig wat ek self benodig. Ek is nie 'n kar-persoon nie, bedoelende dat ek nie vreeslik in karre belangstel nie. Party mense doen, maar ek nie. 'n Motor is net vir my 'n instrument. Ek hou natuurlik van 'n mooi kar, maar ek ry hulle gewoonlik totdat hulle vervang moet word.

Toe my personeellid daar aankom, het ek na die motorhuis uitgegaan, my hande op die motor gelê en gesê: "Vader, ek stel hierdie motor in die werk van U bediening vry, en soos ek hierdie motor vrystel, ontvang ek weer 'n motor . . ." Ek het geaarsel. Ek weet hoe spesifiek God se Koninkryk is, en ek het geweet die woord "motor" sou nie genoeg wees nie. Ek het ook geweet ek moet spesifiek wees en dat ek en Drenda in ooreenstemming moet wees oor die detail van dit wat ons ontvang. Terwyl ek in die middel van my sin vasgehaak het, het ek ook besef ek het geen idee van watter soort kar ek wou gehad het nie. Ek het van voor af begin: "Here, vandag stel ek hierdie motor vry in U bediening,

en ek glo dat ek 'n baie mooi kar ontvang soos wat ek saai, maar ek sal na U toe moet terugkom oor die soort en model wanneer ek daaroor besluit." En dit was dit; die motor is weg. Ek het regtig nie enige spesifieke motor in gedagte gehad sodat ek kon sê, "Ja, ek wil DAARDIE kar hê" nie.

'n Paar maande het verbygegaan. Drenda was natuurlik in ooreenstemming met my dat ek die motor weggegee het en, nes ek, het sy nie 'n idee gehad oor watter soort kar sy wou gehad het nie. Ons het oor die volgende twee maande oor motors gepraat, tot sy een dag gesê het: "Weet jy, ek dink ek sal nogal daarvan hou om 'n afslaankap te hê". Ek het saamgestem en gesê dit sou pret wees, maar watter soort? Ons het nie eers geweet watter soort afslaankapmotors daar was nie. Maar eendag, toe ons middagete gaan eet het, het my vrou skielik gesê: "Daar's hy!" "Daar is wat?" het ek gesê. "Daar is hy," het sy gesê en gewys na die oorkant van die parkeerarea van die restaurant waar ons pas ingery het. "Wat is dit?" het ek gesê. "Daardie kar, dit is die kar wat ek wil hê!" Ek sien toe 'n baie mooi afslaankapmotor aan die oorkant van die parkeerarea. "Kom ons gaan kyk watter soort dit is," het ek gesê. Ons het soontoe gery en agter die kar gestop.

Wel, geen wonder ons het daarvan gehou nie. Dit was 'n BMW 645Ci, 'n baie mooi afslaankapmotor, en 'n baie duur een ook. Om eerlik te wees, toe ek die maak van die motor sien, het ek gedink: "Here, wys ons wat om te doen". Ek het geweet ek gaan nie $115 000 vir 'n nuwe BMW betaal nie, maar ek het ook geweet God kan wonderlike dinge doen. Ek en Drenda het vir niemand gesê oor die kar nie en ook nie genoem dat ons 'n kar soek nie.

Omtrent twee weke later het Drenda se broer ons geskakel en gesê: "Ek het Drenda se kar gevind!" "Wat bedoel jy, jy het Drenda se kar

gevind?" het ek gesê. Hy het gesê: "Ek het hierdie kar gesien wat te koop is, en skielik het ek gevoel dit is veronderstel om Drenda se kar te wees; en dat ek julle daarvan moet vertel." "Watse soort kar is dit?" het ek gevra. "Dit is 'n BMW 645Ci; en dis perfek, en ek bedoel perfek. Dit is 'n paar jaar oud, lae kilometers en daar is nie 'n skrapie op nie. Dit is perfek. En jy ken die man wat dit verkoop." "Ek doen?" het ek gevra. "Ja, hy het so gesê; jy moet hom bel daaroor." Wel, toe hy vir my die kar se maak en model sê, en omdat dit presies dieselfde kar was wat ek en Drenda van gehou het 'n paar weke terug, het ek geweet God voer iets in die mou.

Ek het die eienaar van die motor gebel. Ja, ek het hom geken. Ons het 'n rukkie oor die kar gepraat en hy het my vertel in watter goeie toestand die kar was. En toe sê hy hierdie woorde vir my: "Weet jy, vandat ek op die foon was en oor hierdie kar praat, voel ek dit moet Drenda se kar wees." Ek het nie eers vir hom gesê ek soek vir Drenda 'n kar nie. Die man het voortgegaan en gesê: "Ek sê jou wat ek gaan doen, ek gaan dit aan jou vir $28 000 verkoop." Ek kon skaars glo wat ek hoor. Die kar was soveel meer werd as dit. Toe ek Drenda daarvan vertel, was sy in ekstase, om die minste te sê. Ons het kontant vir daardie kar betaal en het dit vandag nog. Hy loop nog en lyk baie goed. Daar is steeds nie 'n skrapie op nie, en ons het al baie met die kar rondegery met die dak wat afgeslaan was, die radio wat blêr en die son wat op ons neerskyn.

Ons gunstelingrit is om daardie pragtige afslaankap deur die Colorado-berge te ry met ons kamptoerusting in die trok. Ons dogter Kirsten was saam met ons op daardie toer, en ek onthou hoe ons in die nag deur Kansas op die I-70 met die dak afgeslaan, gery het. Kirsten het op die agtersitplek gelê en slaap. Die sterre het helder bokant ons koppe geskyn en die pad was skoon, behalwe vir 'n trok elke nou en dan. Dit

was een van daardie perfekte aande waar die lug net reg is en alles net wonderlik was. Ons het vir die volgende twee weke deur die Rockies gereis, en ek het uitgevind hoe wonderlik die motor hanteer. Net een woord kan dit beskryf – asemrowend!

Maar hier is die miljoen-dollar-vraag? Hoe het daardie kar daar gekom? Hoekom was dit die presiese kar wat Drenda uitgeroep het, "Daar's hy!"? Ek het geweet die Koninkryk van God het daardie motor in ons lewens ingebring. Ek het dit geweet toe ek die kar aan die pastor gesaai het, ek het daar 'n geestelike wet in plek gestel. Ek onthou ek het gesê dat ek 'n motor sou terug ontvang, nie 'n SNV nie, nie 'n jeep nie, 'n motor; ek onthou dat ek gesê het 'n baie mooi kar. Maar ek en Drenda moes die sekel insit. Daardie kar sou nie opgedaag het tot ons gesê het, "Daar's hy!" nie. Alhoewel ek in geloof was toe ek daardie kar vrygestel het, het ons nog nie die sekel ingesit totdat Drenda gesê het, "Daar's hy!" nie.

Daar het nog 'n insident gebeur wat hierdie beginsel sterker na vore laat kom het. Soos jy weet, is ek lief daarvoor om te jag. Ek woon in 'n land wat goed is vir jag, en ek is geseën om my eie jaglandgoed te besit. Op hierdie 24 hektaar is omtrent 7 hektaar woud en omtrent 4 hektaar moeras. Ek jag elke jaar met groot sukses bokke en eekhorings. Daar was altyd eende en ganse wat rondgevlieg het, maar om die een of ander rede het ek nooit daaraan gedink om hulle te jag nie. O, ek en die seuns het een of twee keer deur die jare 'n paar ganse in die moeras vir die pot geskiet. Maar ons het nooit waarlik eende gejag nie.

'n Paar jaar gelede, toe ek sien hoe duisende en duisende eende in die moeras invlieg, het ek gedink om eendejag te probeer. Sjoe, dit was so opwindend! Ek was verslaaf. Tydens daardie herfs se eendejag, het ek uitgevind ek het ernstige oefening nodig in hoe om eende te skiet. Ek het dit reggekry om 'n paar te skiet en ek het agtergekom hulle is

baie lekker om te eet ook. Ek het opgemerk dat die eende baiekeer net buite of op die grens van my geweer se reikwydte was, wat ek glo bygedra het daartoe dat ek 'n paar mis geskiet het. Ek het my gewone, algemene haelgeweer gehad wat ek vir alles van hase tot bokke gebruik het, 'n Remington 11-87. Moet my nie misverstaan nie, ek hou baie van daardie geweer en dit is 'n wonderlike geweer. Maar ek het gehoor daar was nuwe geweermodelle op die mark wat net vir eendejag gemaak is. Hulle was gekamoefleer en het kamers gehad vir 89 mm magnum-koeëls, wat ek geweet het sou help met die lang skote. Ek het beplan om dit te ondersoek voor die volgende eende-jagseisoen begin.

Die eende-jagseisoen was oor, dit was nou Januarie, en ek was in Cabela's. Ek het gedink om deur die afdeling vir haelgewere te loop om te sien hoe die gewere lyk. Toe ek by daardie afdeling instap, sien ek dat daar 'n hele seksie was wat net haelgewere vir eendejag aanhou. Ek het na 'n paar gekyk en het daaraan gedink om een waarvan ek hou, te koop, maar dit was $2 000 en die seisoen was nog maande weg. "Ek sal wag," het ek gedink. Maar ek het iets ongewoons gedoen net voor ek geloop het. Ek het nie regtig besef ek doen dit nie. Ek het dit gedoen sonder om te dink. Ek het na die haelgeweer wat ek wou gehad het, gewys en hardop gesê: "Ek sal daardie geweer hê, in Jesus se naam". Weereens, ek het nie veel daarvan gedink nie; ek het net 'n verklaring gemaak dat ek daardie geweer sou hê. My hart het 'n duidelike prentjie gehad van die eendgeweer wat ek wou gehad het.

. . . GOD WOU MY NET WYS HY IS LIEF VIR MY. HY HET MY GEWYS HOE LIEF HY MY HET TOE HY JESUS VIR MY GESTUUR HET EN VIR MY DIE KONINKRYK GEGEE HET.

Ek is 'n paar weke later uitgenooi om by 'n besigheidskonferensie te

praat, en iets het daar gebeur wat my aandag getrek het. Ná ek gepraat het, het die eienaar van die maatskappy na my toe gekom en gesê hulle wil graag vir my 'n geskenk gee om my te bedank. Hy het gesê: "Ons weet jy hou daarvan om te jag, daarom het ons vir jou hierdie haelgeweer gekoop". Ek was geskok toe hulle 'n splinternuwe Benelli, 'n semi-outomatiese eendgeweer uitbring, die presiese een wat ek in die winkel gesien het, die een waarna ek gewys het! Kan jy dit sien? Hoe het daardie presiese haelgeweer opgedaag? Ek het oor die jare al baie gewere weggegee maar het nooit die sekel ingesit nie. Met ander woorde, ek het daardie gewere in geloof en vrygewigheid gesaai maar nooit die sekel ingesit nie. Ek het nooit gesê: "Here, daar's hy! Dit is die een wat ek wil hê" nie. Maar die oomblik toe ek dit doen, het die oes verskyn!

Ek het die storie van die haelgeweer aan 'n mede bedieningsvriend van my vertel. Hy het gesê: "Ja, ek veronderstel God doen dit partykeer. Hy sal jou sommer net seën met 'n spesiale geskenk om vir jou te sê Hy is lief vir jou". Toe ek nadink oor wat hy gesê het, het ek besef: "Nee, dit is nie reg nie. Ja, God is lief vir my, maar Hy wou my nie met 'n geskenkie verras nie". Die hond, die vis, die bok wat in die presiese volgorde gekom het, die motors, alles het gekom en dit het nie gekom net omdat God vir my wou wys hoe lief Hy vir my is nie. Hy het vir my gewys Hy is lief vir my toe Hy Jesus gestuur het vir my en aan my die Koninkryk gegee het!

Ek wil jou nog een verhaal vertel oor 'n oes. Soos ek jou reeds gesê het, ek stel nie vreeslik belang in motors nie. Ons ry hulle tot hulle vervang moet word. 'n Voorbeeld hiervan is ons 8-jaar-oue Honda Pilot. Ons hou van die kar, dit is bruikbaar, loop goed, lyk nuut en so hou ons dit. Maar ons het al dikwels gedink om 'n groter SNV wat passasiers en gaste kon vervoer, te koop. Ons het 'n rukkie terug 'n Cadillac

Escalade vir een van ons byeenkomste by die Now Center gehuur, en ek en Drenda het dit oral rondgery. Ons het daarvan gehou. Ons het van die pêrelwitkleur, en ook van die korter weergawe wat ons gehuur het, gehou. Ons het gesê: "Dit is wat ons wil hê, 'n Cadillac Escalade, pêrelwit, in die korter weergawe. Ons moet een van hierdie koop". Die lewe was besig en ons het nie regtig die tyd gehad om rond te kyk en dit te oorweeg om een te koop nie.

Omtrent 'n maand later het ek een oggend by my voordeur uitgestap om die oggendkoerant te kry, toe my selfoon lui. 'n Man het gesê: "Hallo, Pastor, ek wil vir jou 'n Cadillac Escalade koop; watter kleur wil jy hê?" Verbaas het ek gesê: "Sjoe, dit is wonderlik. Ek en Drenda hou van die pêrelwit een". "Okei," het hy gesê, "laat ek kyk en sien wat ek kan vind". In my opgewondenheid het ek vergeet om vir hom te sê ons hou meer van die korter weergawe. Sy bedoeling was om een wat 'n jaar of twee oud was, in 'n perfekte toestand en met baie lae kilometers te vind.

Wel, ons het nie weer van hierdie man vir omtrent 'n maand gehoor nie, tot hy uiteindelik gebel en gesê het: "Ek het jou Escalade; ontmoet my op so en so 'n tyd en so en so 'n plek, en jy kan dit huis toe neem". Ons het hom toe ontmoet en hy het die pêrelwit Escalade in die korter weergawe gehad. Dit was pragtig! "Ek is jammer ek het so lank geneem om terug te kom na julle toe," het hy gesê. "Ek het probeer om die langer weergawe te kry, maar die vraag na hulle is so groot dat niks beskikbaar was nie. Al wat ek kon vind is die kleiner weergawe. Ek hoop dit is oukei?" Oukei? Dit is presies wat ons wou gehad het en presies wat ons gesê het!

Weer vra ek die vraag: Hoe het die presiese Escalade wat ons wou gehad het, opgedaag? Eerstens, ek het agt karre weggegee sonder die kar

wat ek vir die pastor gegee het wat ek vroeër genoem het. Maar ek het nooit: "Daar's hy!" gesê oor 'n kar totdat Brenda dit met daardie BMW gedoen het nie. Ek het reeds gesê dat die kerk vir jare 'n goeie werk gedoen het om te leer oor gee, maar 'n aaklige werk gedoen het om hulle te leer hoe om te oes. Kan jy uit hierdie stories aflei wat die sekel doen? Ek hoop dit is vanselfsprekend. Ek het baie motors in geloof gesaai vir 'n oes, maar ek en Drenda het nooit ooreengestem oor 'n nuwe motor nie. Weereens, ons ry ons karre lank. Maar die oomblik toe ons sê: "Daar's hy!" het te voorskyn gekom. Die sekel is ons woorde!

Dood en lewe is in die mag van die tong, en hulle wat lief is om die tong te gebruik, sal die vrug daarvan eet.
– Spreuke 18:21, 2020-vertaling

Daar was 'n seisoen waar dit gelyk het of die kerk baie oor belydenis leer. Ek was saam met mense, en jy dalk ook, wat iets sou sê, en dan hulle monde toemaak en sê: "Ek moet versigtig wees wat ek sê". Dit klink na 'n edele taak, en ek stem saam dat dit sal help om die Woord in jou hart te hou. Maar om versigtig te wees met ons woorde, het eintlik niks met die sekel te doen nie. Wat? Maar ek het gedink jy het nounet gesê die sekel is in ons woorde. Ja, ek het, maar om net die formule oor hoe om die regte ding te sê, te bemeester, is nie die sleutel nie.

*"Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg **sê**: 'Lig jou op en val in die see,' en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar **glo** dat wat hy **sê**, gebeur, vir hom sal dit gebeur."*
– Markus 11:23, 1983-vertaling, klem bygevoeg

Weereens, die sekel in Markus 4 is jou woorde! Teen die tyd dat Markus 4 die sekel bespreek, het dit reeds die proses van geloof bespreek en ook hoe om dit te verkry. Dit sê wanneer die saad volwasse is, sit jy die sekel in want dit is tyd vir die oes. Die oes het gekom want jy is in geloof, en stem in jou hart met die hemel saam. Die boonste vers in Markus 11 word deur dieselfde beginsel gedra. Jou hart glo die Woord, dan spreek jy en stel die hemel se outoriteit vry. Maar let op die frase, *"maar glo dat wat hy sê, gebeur"*. Die toets van geloof is of jy glo wat jy sê. Om net die Woord van God te sê of bely is nie geloof nie. Tensy jou hart in ooreenstemming met die hemel is, kan jy bely tot jy blou in die gesig is, en niks sal gebeur nie. Moet ons dus die belydenis in ons harte monitor?

"Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor."
– Lukas 6:45, 1983-vertaling

Bewaak jou hart meer as enigiets wat bewaar word,
want daaruit ontspring die lewe. Bly weg van 'n mond wat
valsheid verkondig, en slinkse lippe, hou dit ver van jou.
– Spreuke 4:23–24, 2020-vertaling

Ons kan duidelik sien dat dit wat ons sê uit ons hart kom en wat dit glo. Wanneer ons die proses in Markus 4 volg, weet ons hoe om dit wat ons hart glo, te verander en hoe om dit in lyn te bring met die hemel en in geloof. Dan is ons ten volle oortuig, en ons sit die sekel in met ons woorde en aksies. Verstaan jy? Goed, kom ons gaan voort.

Soos ons ons bespreking oor geloof voortsit, wil ek 'n vraag opbring wat jy moet kan antwoord.

Hoe weet ek of ek wel in geloof is?

Dit is 'n goeie vraag en een wat jy **moet** kan antwoord, aangesien dit onmoontlik is om die gebed van geloof te bid as jy nie in geloof is nie. Daar is baie maniere om te weet of jy in geloof is of nie, baie simptome wat jy moet ken en voor moet uitkyk. Jy kan baie slegte vreesgebaseerde besluite neem wanneer jy nie in geloof is nie. Vreesgebaseerde besluite sal jou altyd gevange hou in die aardse vloek en sal veroorsaak dat jy uitmis op dit wat God vir jou wil hê. Wat is dan die bewys daarvan om in geloof te wees? Die eerste teken is maklik; jy kan terugkyk na ons definisie van geloof en verstaan dat die ware sleutel is om ten volle oortuig te wees. Ons dink baiekeer ons is oortuig, maar ons stem net in ons koppe ooreen met die Woord en nie in ons harte nie. Jy moet in staat wees om die verskil te sien. Wanneer jy ten volle oortuig is, is daar, natuurlik, 'n geestelike ooreenstemming met dit wat die Woord sê, maar ook 'n seker wete, 'n vertroue wat vrede en verwagting bring.

Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word,
'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie.
– Hebreërs 11:1, 2020-vertaling

As jy bewys het dat jy iets gehad het, sou jy steeds gerusstelling nodig gehad het dat jy dit het? Natuurlik nie. Weereens, wanneer jy in geloof is, is daar 'n wete, 'n vrede en 'n vertroue dat jy het wat die Woord van God sê, selfs al kan jy dit nog nie sien nie. Baie mense stel dit so: "Ek weet dat ek weet dat ek weet dat ek weet dat ek dit het".

Hierdie wete is aan die binnekant en nie in dit wat die omstandighede jou vertel nie. Dit is in jou geesmens en jou hart. Vrees is weg, geen verdere neulende gedagtes of bekommernis wat jou gedagtes bombardeer nie; jy weet dit is gedoen.

Nog 'n aspek daarvan om in geloof te wees, is vreugde en verwagting. Jou antwoord is hier. Jy het dit! Geloof is meer as 'n gevoel van vrede of vertroue, alhoewel jy dit wel sal hê. Jy sal ook in staat wees om jou posisie geestelik te verdedig. Wanneer ek dít sê, dink aan 'n hofsaal en jy is die prokureur wat die getuie kruis-ondervra. Hoekom glo jy wat jy glo oor jou situasie? Hoe sal jy jou posisie verdedig? Daar is net een antwoord – die Woord van God!

"GELOOF, EGTER, IS SEKERHEID VAN DIE DINGE WAT GEHOOP WORD, 'N BEWYS VAN DIE DINGE WAT NIE GESIEN WORD NIE."
– HEBREËRS 11:1, 2020-VERTALING

As iemand byvoorbeeld na jou huis toe kom en sê: "Hey, gaan uit my huis uit," sal jy sê: "Ek is jammer, gee ons 'n datum en dan sal ons uit wees"? Nee, jy sal nie; jy sal heel moontlik lag. As die persoon sê: "Nee, dit is my huis; gee pad of ek sien jou in die hof," sal jou antwoord wees: "Ek sal jou beslis in die hof sien!" By die verhoor sal jy kalm vir die regter jou akte wys. Hy sal een kyk daarna gee en die ander persoon vir teistering arresteer, en hom forseer om al jou hofkostes te betaal. Jou vertroue is vasgestel; nie oor hoe jy gevoel het en oor jou emosies nie, maar eerder in die wet en die feit dat jy die huis wettig besit.

Wanneer dit kom daarby om in geloof te wees, het ek gevind dat mense baiekeer nie verstaan wat geloof is nie en hulle word maklik verwar deur hulle vertroue in aksies te sit, in plaas van hulle enigste bron van

geloof, wat die Woord van God is. Dit is maklik om die aksie of formule om op die Woord van God te reageer, te verwar met die ware mag van die Koninkryk, wat kom uit 'n hart wat ten volle oortuig is. As jy byvoorbeeld geld in die Koninkryk van God saai, en ek jou vra waarom jy glo jy 'n opbrengs uit daardie saad gaan ontvang, moet jou antwoord nie wees, "want op so en so datum het ek 'n sekere hoeveelheid geld gegee" nie. Daardie belydenis is om te kyk na jou aksie, die formule, en het geen anker van versekering nie. Jou versekering kan net uit die Woord van God kom.

Ek kan nie die hoeveelheid mense tel saam met wie ek al gebid het en wanneer ek hulle vra hoekom hulle glo hulle sal ontvang, dan staar hulle net na my en het nie 'n antwoord nie. Wanneer ek vra, soek ek na hulle geloof, hulle ooreenstemming met die hemel. Ek wil hoor hulle sê: "Ek weet ek gaan ontvang want God het my in so en so boek en in so en so vers belowe dat dit myne is". Die kans is daar dat indien hulle nie vir my Skrif kan gee nie, hulle nie geanker is nie en hulle het regtig nie 'n idee waar die boot heengaan nie.

Onthou, geloof kan slegs bestaan wanneer jy die wil van God ken. Hoekom? Want geloof kan slegs bestaan wanneer jy in ooreenstemming is met die wil van God. Ek glo baie mense dink hulle is in geloof, maar hulle is nie. Weereens, hulle gedagte stem dalk ooreen dat die Woord van God waar en goed is, maar geloof is slegs daar as hulle ten volle oortuig is. Vir baie stem hulle gedagtes ooreen met die Woord van God, maar hulle harte doen nie.

Hier is 'n goeie illustrasie waarvan ek praat, een wat ek glo sal uitwys dat baie nie in geloof is nie, al dink hulle hulle is. Wat as ek vir jou vertel dat ek onlangs uitgevind het die hemel is nie blou soos mense sê nie, maar dat die kleur blou, soos hulle dit noem, eintlik die kleur geel is? Met ander woorde, ek sê vir jou dat ons ons lewens lank verkeerd

geleer is oor kleure en dat blou nie regtig blou is nie, maar geel. Wat sal jy doen? Sal jy jou asem in skok intrek en vinnig jou selfoon gryp en jou graad 1-onderwyser bel en op hulle gil en hulle beskuldig dat hulle jou lewe opgemors het deur vir jou die kleure verkeerd te leer? Ek dink nie so nie. Daar sal geen emosionele reaksie van vrees wees nie, geen drama nie. Jy sal eenvoudig weet ek is 'n idioot, die stelling as irrasioneel afmaak, en aangaan met jou lewe. Waarom? Want jy is ten volle oortuig blou is blou!

Kom ons vergelyk nou ons voorbeeld met ons geloof-bespreking. Wat as jy ten volle oortuig is oor wat God sê oor genesing, en 'n dokter sê vir jou jy gaan van kanker doodgaan? Jy sal na die dokter kyk en dink hy is 'n idioot want jy weet daar is nie 'n manier dat dit kan gebeur nie. Waarom? Dit is omdat jy ten volle oortuig is van die genesingsvoorsiening waarvoor Jesus betaal het. Sien jy dit? Natuurlik, baie mense bid, maar as dit ondersoek word, het ek gevind dat hulle gebede nie gebede van geloof is nie, maar van hoop, met hulle wat onseker is oor die uitkoms. My vriend, dit is hoekom dit so belangrik is dat ons onself opbou met die Woord van God. Ons moet weet wat God se wil is sodat ons vertroue kan hê in wat Hy sê, en dat ons ook dit wat nie sy wil is nie, kan verwerp. Kom ek gee jou 'n voorbeeld uit my eie lewe wat illustreer hoe belangrik dit is om te voed op dit wat God oor jou lewe sê.

Ek was moeg want dit was 'n paar rowwe weke as besigheidseienaar (dit is voor ek 'n kerk gehad het). My skedule was gepak gewees met afsprake en, natuurlik, die finansiële druk daarvan om op kommissie te leef. Ek was op pad tandarts toe vir 'n roetine-stopsel. Alles was normaal totdat die tandarts die Novacaine wou inspuit. Toe hy die naald in druk, was daar 'n vinnige skokgevoel en toe word my kaak oombliklik gevoelloos, waar dit veronderstel is om stelselmatig gevoelloos te raak.

Ek was verras en het die tandarts vertel wat gebeur het. Hy het gesê: "O, ek het seker 'n senuwee raak gesteek". Ek het vinnig gevra: "Is dit normaal?" Hy het gesê: "Wel, dit word gewoonlik gesond." Wat? Het ek hom reg gehoor? "Dokter, wat bedoel jy met 'dit word gewoonlik gesond'?" Hy het gesê: "Wel in omtrent 80 tot 85 persent van gevalle word dit heeltemal gesond met geen permanente negatiewe effek nie."

Wat? Die vrees het in my opgewel. Wat nou? Gaan dit gesond word? My gedagtes was skielik oortrek deur gedagtes van vrees. Ná my afspraak het my gesig steeds gevoelloos gebly, anders as by 'n normale tandartsafspraak waar die gevoel stadig weer terugkom. Ek was op pad na 'n afspraak met 'n kliënt wat 'n uur ná die tandartsafspraak sou wees, en ek het dus baie tyd gehad om na te dink oor wat pas gebeur het. Maar die hele pad na die afspraak toe was ek in 'n beklemming, nie van enige pyn nie, maar weens onvrede en van vrees wat deur my gedagtes gedraai het.

OP DAARDIE PUNT HET EK GEWEET MY ENIGSTE HOOP WAS DIE WOORD VAN GOD.

Later die dag, op pad terug huis toe ná die afspraak, het ek by 'n vriend se huis gestop. My gesig was nog steeds gevoelloos, en ek wou versekering by iemand kry dat dit gaan genees. Let op my fout: Ek het nie na die Woord van God gekyk vir versekering nie, maar na 'n persoon wat nie eers 'n sterk gelowige was nie. Ek het hierdie persoon vertel wat gebeur het en het gewag vir sy "Dit is niks nie, Gary; dit sal gesond word!" Maar in plaas daarvan het ek gehoor: "O nee! Ek het 'n vriend met wie dit gebeur het, en sy gesig het nooit gesond geword nie; sy gesig is sedertdien verlam". Ek kon nie glo wat ek hoor nie! My gedagtes was nou in 'n vrees-snelrat. Ek het opgetree asof ek weet ek gaan oukei wees en het hom vir sy tyd bedank. Ek het uit desperaatheid

by 'n ander vriend se huis gestop en hom dieselfde vraag gevra, en, in skok, het ek dieselfde antwoord gehoor: "O nee!" het hy gesê, "Ek het 'n vriend met wie dit gebeur het en sy gesig het nooit herstel nie; sy gesig is tot vandag toe verlam."

Ná hierdie besoek was ek heeltemal klaar. Ek weet God genees (in my gedagtes), maar ek kon nie van die vrees ontslae raak nie. My hart was verseker nie oortuig nie. Ek was daardie aand in doodsangs! My gedagtes was vol vrees, en my gesig was nog steeds so gevoelloos soos wat dit by die tandarts se spreekkamer was. Terwyl ek probeer het om aan die slaap te raak, het ek 'n pyn onder my regteroor begin voel. Kan dit wees? My pa het 'n jaar of twee tevore 'n stryd teen Bell-paralise gevoer, en hy het my vertel dit het begin met 'n pyn onder sy ore. Bell-paralise vind plaas wanneer die senuwee wat die gesigspiere beheer, wat deur 'n smal opening in die been net onderkant die oor gaan, deur 'n inspuiting of inflammasie geknyp word.

Terwyl ek daar lê en probeer slaap, was al wat ek kon hoor die volgende: "Jy gaan Bell-paralise hê net soos jou pa." Toe ek die volgende oggend wakker word, het ek volledig Bell-paralise gehad! Nie net was my kakebeen lam nie, maar ook die regterkant van my gesig, en ek kon nie my oë of mond toemaak nie. Ek was 'n gemors.

Ek het na die plaaslike dokter gegaan om my vermoede te bevestig. Ná die ondersoek het hy na my gekyk en gesê ek het beslis Bell-paralise. Ek het toe gesê: "Wat gebeur nou?" Hy het gesê: " Wel, in omtrent 80 tot 85 persent van die gevalle sal dit genees sonder enige permanente verlamming." Het hy gesê wat ek dink hy gesê het?

Op daardie punt het ek geweet ek is in die moeilikheid. Ek het geweet die duiwel sou nie hier stop nie en ek wou nie weet wat volgende sou kom nie. Ek het genoeg van geestelike oorlogvoering geweet om te

besef ek is op pad in die verkeerde rigting. Onthou, hierdie was jare terug vóór ek veel van hierdie soort dinge geweet het. Maar ek het genoeg geweet om te besef ek sou hierdie ding geestelik moes aanvat indien ek enige sukses wou behaal om dit te oorkom. Ek het ook besef dit is 'n demoniese plan om my onverhoeds te betrap toe ek moeg was en nie enige moeilikheid verwag het nie.

Op daardie punt het ek geweet my enigste hoop was die Woord van God. In myself het ek absoluut geen vermoë gehad om die vrees te stop wat my gedagtes oorgeneem het nie. Ek het kaartjies uitgeskryf met genesingsverse op en dit regoor my huis opgeplak. Ek het dit voor die Here bely en die proses begin om geloof in my hart te ontwikkel. Ek het geweet ek moes die Woord in my hart saai sodat geloof kan ontwikkel, en daarom het ek regdeur die dag op die Woord van God gemediteer.

Eers het niks verander nie. My gesig was steeds lam, en ek het die heeltyd teen die gees van vrees baklei. Ná omtrent 'n week, met my gesig wat steeds lam was, het dit gebeur! Net soos in die proses wat ons vers in Markus 4:26 leer, soos ek die Woord van God in my hart gesaai het, het geloof begin vorm, eers die halm, toe die aar, en toe die koring vol in die aar en toe die ryp koring.

Regdeur hierdie hele proses was daar steeds nie ooreenstemming nie en dus geen geloof nie – nog nie. Maar, selfs al het ek nie die verandering gesien of geweet hoe die proses werk nie, het dinge volgens ons Skrifgedeelte in Markus 4 inderdaad begin verander. Die verandering waarvan ek praat was nog nie in die gemanifesteerde natuurlike ryk nie, maar die verandering wat in ons harte plaasvind. As ons aan die Woord vashou, sal die Woord stadig maar seker ons hart se geloofstelsel op sy eie verander vanaf ongeloof tot ooreenstemming met die hemel. Daarom het ek in hierdie geval vasgehou aan die Woord, en ek het geweet dit is my enigste antwoord.

Skielik, op 'n dag, terwyl ek deur die huis geloop het met al daardie kaartjies met die genesingsverse wat oral opgeplak was, het ek "toevallig" na een gekyk wat ek al 'n honderd keer gesien het. Maar dié keer toe ek kyk – Boem! Skielik het die salwing oor my gekom, die vrees het my dadelik verlaat en ek het GEWEET ek is genees. Ja, my gesig was steeds lam. Daar was geen verandering nie, maar ek het geweet ek is genees. Binne 'n paar uur was my gesig heeltemal normaal. Prys die Here! Die Woord werk!

Selfs al het ek toegelaat dat my geestelike lewe verswak as gevolg van verwaarlosing en besigwees, het ek uiteindelik my fout agtergekom en my dwaasheid bely. Dit was lank terug toe ek nog geleer het hoe geloof regtig werk, en ek het nie baie ondervinding hierin gehad nie. Ek kyk terug na wat ek gedoen het, en vandag verwys ek mense reguit na die Woord toe, want enigiets anders is dwaas. Toe ek verstaan het wat aangaan, het ek met vertroue na die Woord van God gedraai. Ongelukkig het die meeste mense nie vertroue in hierdie proses nie want hulle is nooit geleer van geloof en hoe dit ontwikkel nie. Omdat hulle onbewus is van die proses, laat los hulle die Woord wanneer hulle onder druk is, en dink dit werk nie.

Verstaan Satan se teenaanval

Christine het na ons kerk gekom en nie veel van God geweet nie. Sy is in een van ons Sondagoggenddienste wedergebore en haar lewe het radikaal verander. In ons kerk het ons 'n Koninkryk-oriënteringsklas. Een van die areas waaroor ons praat en mense leer, is die wetlike reg om genesing te ontvang. Christine het al vir jare probleme met haar gehoor gehad. Om die waarheid te sê, sy het al vir 40 jaar 'n gehoortoestel gedra en meer as 50 persent van haar gehoor verloor. Haar ma was

doof, en haar broer het dieselfde probleem met gehoorverlies gehad. Toe Christine hoor dat, as 'n gelowige, sy die wetlike reg gehad het om genees te word, was sy baie opgewonde!

My vrou het in die klas hande op haar gelê en gebid dat haar gehoor geopen word, en dadelik, pop, en sy kon perfek hoor. Christine het begin skree en huil en God geprys. Toe my vrou, Drenda, en Christine my die goeie nuus kom vertel, het ek die behoefte gevoel om haar te waarsku teen Satan se teenaanval. Ek het vir Drenda gesê om Christine opdrag te gee dat indien die simptome begin terugkom, sy die kwessie moedig moet aanspreek en dat sy genees was en dat Satan moet wyk. Die toets het die volgende oggend gekom. Haar gehoor het teruggekeer na die onvermoë om behoorlik te kan hoor. Sy het toe presies gedoen wat ons gesê het: "NEE, Satan, ek ontvang dit nie. Ek is genees en en was genees in die naam van Jesus!" Pop! Haar ore het weer oopgegaan en hulle is tot vandag toe nog oop.

Onthou, Satan sal 'n teenaanval loods en weer probeer om die grondgebied te probeer wen. Moet hom nie toelaat om dit te doen nie. Staan op die Woord van God!

Ek het in hierdie hoofstuk tyd geneem om jou 'n basiese begrip te gee van wat geloof is, hoe dit funksioneer, hoe om te weet of jy in geloof is, en waar om geloof te kry. Jy moet dit weet vir die Koninkryk van God om in jou lewe te opereer. Onthou, Jesus het vir die vrou gesê: "Jou geloof het jou gered". En so sal dit vir jou wees: Jou geloof, jou hart wat ten volle oortuig is oor wat die hemel sê, en om die sekel in te sit, sal jou antwoord vir enige probleem of behoefte wat jou in die gesig staar, wees.

HOOFSTUK 6

DIE SEËNING VAN DIE HERE

Ek en my vrou het saam met ’n gasspreker in ’n restaurant gesit. Dit was omtrent 22:00 en ons het pas ’n kragtige aanddiens gehou. Die kelner het nader gekom om ons bestelling te neem en ons het begin gesels. Die gasspreker het hom begin vertel hoe wonderlik die diens was en oor ons kerk. Toe het sy gesê: “ Hou jy van jag?” Hy het gesê hy was baie lief vir jag. My gasspreker was altyd opgewonde oor my jagstories, om die waarheid te sê, ek wou daardie aand vir haar een van my *Faith Hunt*-boeke gegee om vir een van haar vriende te gee. Ek het die boek reg langs my op die vloer gehad.

Die kelner het ons vertel hoe hy altyd gaan jag het, maar nooit die bok kon kry nie. Ek en my gas het begin vertel hoe die Koninkryk van God funksioneer en dat hy kon verwag om elke keer wat hy uitgaan, sy bok te ontvang. Hy het nie regtig geweet wat om van ons te dink nie. Ek het van die boek wat ek saamgebring het, onthou en aangebied om dit vir hom te gee. Ek het vir ons gas gesê ek sou vir haar ’n ander een kry, en sy het ingestem. Die kelner het my bedank en belowe om die boek te lees, maar ek het gedink dit sou seker die laaste keer wees wat ek van hom hoor. Dit was nie.

Dieselfde gasspreker het 'n jaar later weer kerk toe gekom en aangedui dat sy baie van die restaurant waar ons die vorige jaar was, gehou het en gevra of ons weer soontoe kon gaan. Ons het. Toe ons gaan sit, was ons verras dat ons dieselfde kelner as die vorige jaar gehad het. Hy het nader gestap en gesê: "Haai, julle was 'n jaar terug hier en ons het oor bokke-jag gepraat. Ons het gesê: "Ja, ons onthou". Hy het gesê: "Ek het die boek wat jy my gegee het, gelees en ek het gedoen wat dit gesê het. Ek het verlede jaar twee bokke gekry en verwag om hierdie jaar weer my bokke te kry." Ons was opgewonde om sy storie te hoor, maar nie verras nie. Die Koninkryk werk elke keer!

Ek het 'n byeenkoms vir omtrent 25 pastors gehou waar ek die Koninkryk van God verduidelik het en hoe dit funksioneer. Dit was 'n wonderlike byeenkoms. Ek was op pad om die vertrek te verlaat en my personeel was besig om skoon te maak, toe een van die pastors teruggekom het. Hy en sy vrou het na my vrou gestap en gevra of hulle met ons kon praat. Die pastor het ons vertel dat sy verband aan die einde van daardie week opgesê sou word tensy hy $6 900 betaal. Hy het verduidelik dat hy geen geld behalwe $100 by hom gehad het nie. Hy het dit opgehou. "Dit is al wat ek het," het hy gesê, "maar ek wil dit saai soos jy ons vanaand geleer het, en ons wil hê dat jy en jou vrou met ons saamstem vir die geld wat ons aan die einde van die week nodig het". Ons het almal hande gehou en gebid en God gedank vir die geld.

Ek het dieselfde pastor omtrent 'n maand later by 'n ander byeenkoms gesien en hy het opgewonde na my toe gehardloop. "Ek moet jou vertel wat gebeur het," het hy gesê. "Ek het jou nie verlede keer vertel nie, maar ek en my vrou het 'n klein deeltydse syskerm-T-hempbesigheid wat ons uit ons motorhuis uit bedryf. Ons doen nie veel daarmee nie, maar kry so af en toe 'n bestelling. Wel, die dag ná ons

gebed saam met julle, het ons bestellings ter waarde van $8 900 gekry. Ons moes daardie week baie hard werk, maar teen Vrydag het ons die $6 900 gehad wat ons nodig gehad het om ons huis te behou. Dankie!"

Ek was by 'n pastorskonferensie in Noord-Carolina met omtrent 500 pastors. Ek het nie gepraat nie, het dit net bygewoon. 'n Man het na my toe gestap en gesê: "Ek moet met jou praat". Hy was 'n pastor uit Duitsland en het gesê hy het 'n interessante storie om vir my te vertel.

Sy seun, 'n tiener, het op 'n manier van my CD's in die hande gekry. Nadat hy daarna geluister het, het hy besluit hy gaan 'n PlayStation 3 in geloof ontvang, want hy het nie die geld daarvoor gehad nie. Ek glo almal weet wat 'n PlayStation 3 is, maar as jy nie weet nie, dit is 'n rekenaarspeletjie-sisteem. Die pastor het my vertel sy seun het in sy kantoor ingekom en hom gevra of hy saam met hom sou stem vir daardie PlayStation 3. Die seun het aan sy pa verduidelik dat hy van my CD's af geleer het en hoe hy 'n saad wou saai en saam met sy pa hieroor wou bid. Die pastor het gesê hy het nie veel daarvan gedink nie, maar as pastor van die kerk het hy die saad van sy seun ontvang, 'n finansiële offergawe aan die kerk. Hy en sy seun het saam gebid en saamgestem dat die seun nou 'n PlayStation 3 het. Hulle het die saak as afgehandel beskou.

'n Man van hulle kerk het die pastor die volgende dag gebel en gevra of sy seun ekstra geld wou maak, want hy het 'n korttermynprojek gehad waar hy hulp benodig het. Die seun was baie bly en het genoeg geld in daardie twee-dag-projek gemaak om die PlayStation 3 te koop.

Dit het die seun se aandag vasgevang, en 'n paar weke later het die seun weer na sy pa se kantoor gegaan en gevra of hy saam met hom sou stem vir iets anders. Die pastor het ingestem, maar hy was effens verras toe sy seun hom vra om saam met hom te stem dat God vir hom groter spiere gee. Die pastor het vir my gesê hy het nie heeltemal geweet hoe

om sy seun daarop te antwoord nie. Maar uiteindelik het hy vir sy seun gesê dat die seun sy deel sou moes doen wanneer hy vir groter spiere vra, en dat hy met hom sou saamstem indien hy dit verstaan. Sy seun het ingestem. Die seun het toe gesaai vir groter spiere, en hulle het in ooreenstemming hiervoor gebid.

Die volgende dag het 'n motor in die pastor se oprit opgetrek. Dit was 'n gesin in hulle kerk. Toe die pastor uitgaan om met hulle te praat, het hulle gesê hulle is besig om hulle motorhuis skoon te maak en hulle het 'n stel staafgewigte wat hulle gedink het die pastor se seun sou wou hê. Indien nie, het hulle gedink die pastor sou weet wie anders in die kerk dit sou wou gehad het. Die pastor het vir my gesê niemand anders het geweet van sy seun se begeerte na groter spiere nie. Hy sê hy was geskok! Hy het teruggegaan in die huis in en vir sy seun gesê: "Waar is daardie CD's?"

Hierdie soort verhale is algemeen. Ek hoor dit heeltyd, en ek wil hê dit moet in jou lewe ook algemeen wees. Ons het tot dusver 'n paar sleutelaspekte van hoe die wette van die Koninkryk van God funksioneer, vasgestel en bespreek, asook hoe ooreenstemming of geloof vereis word vir die hemel om wetlikheid of jurisdiksie in die aardse ryk te verkry. Kom ons beweeg nou 'n bietjie dieper in hoe hierdie wette van die Koninkryk kan help in ons behoefte aan finansies.

Dit is die seën van die Here wat rykdom bring;
jou geswoeg laat dit nie meer word nie.
– Spreuke 10:22, 1983-vertaling

Toe ek die eerste keer hierdie vers sien, het ek gedink: "Dit beteken tog nie werklik wat dit sê nie, doen dit?" Maar ek het gevind dit

beteken presies wat dit sê! Om te verstaan waarvan hierdie vers praat, moet ons terugkyk na die begin, toe die mens geskape is.

> *Maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie.*
>
> – Hebreërs 2:6–8, 1953-vertaling

Ons het hierdie gedeelte reeds gelees, maar dit is krities vir hierdie bespreking. Om te hersien, toe die mens geskape is, was alles op die aarde onder sy gesag geplaas. Daar was niks wat nie aan hom onderworpe was nie. Hy het oor die aardse ryk uit 'n posisie van gedelegeerde gesag geheers en het die kroon gedra van die regering wat hy verteenwoordig het. Hy het die salwing gedra en is geëer met sy gegewe plek van gesag. Satan, wat teen God gerebelleer het, was reeds uitgewerp na die aarde vóór Adam opgedaag het. Satan het die mens gehaat want hy was onder hierdie mens, wat die kroon van God se gesag gedra het, se heerskappy. Satan moes nou aan hierdie skepsel, wat in sy natuurlike, geskape fisieke toestand baie swakker as hy was, onderwerp. Maar geestelik het elke woord wat Adam gespreek het, dieselfde gesag gehad asof God dit self gespreek het. Adam, as seun van God, het oor die

"DIT IS DIE SEËN VAN DIE HERE WAT RYKDOM BRING; JOU GESWOEG LAAT DIT NIE MEER WORD NIE."
– SPREUKE 10:22, 1983-VERTALING

aarde uit hierdie asemrowende posisie van gesag en grootsheid geheers.

Satan het hierdie mens gehaat en het die gesag wat hy oor die aarde gehad het, begeer. Sy enigste antwoord was om op een of ander manier die kroon, die posisie wat die mens gehad het, van hom weg te vat. Daar was net een klein probleempie. Satan het geen mag gehad om die kroon van Adam af te vat nie; sy enigste hoop was om Adam te mislei om die kroon self af te haal. Deurdat hy Eva oortuig het dat God nie vertrou kon word nie en dat die lewe soveel meer het om aan te bied as wat God hulle wou laat weet, het Adam en Eva gekies om Satan bo God te glo en het hulle verraad teen God gepleeg. Op die ou einde het Adam en Eva hulle wetlike posisie van gesag in God se Koninkryk verloor en Satan het die god van hierdie wêreld geword. Ons sien dit in hoe Paulus hom in 2 Korintiërs aanspreek.

Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.
– 2 Korintiërs 4:4, 1983-vertaling

Vóór Adam gerebelleer het, het hy die voordele van ’n seun geniet. Alles wat God gehad het, was syne om te geniet, en hy het nie ’n dag van gebrek of ’n gedagte van vrees geken nie. Alles wat hy nodig gehad het om op die aarde te leef, was reeds daar geplaas voor hy geskep is.

Wanneer ons die ses dae van die skepping in Genesis bepeins, vind ons dat die mens aan die die einde van die ses-dae-skepping geskep is, die laaste deel van God se kreatiewe plan. Sy lotsbestemming was om in die sewende dag te lewe, wat God as ’n rusdag verklaar het. Dit was nie omdat God moeg was nie, maar omdat Hy klaar was en alles was volledig.

Dink vir 'n oomblik aan wat God voltooi het en die glorieryke plan wat Hy vir die mens gehad het. Dit is hartseer dat Adam dit alles weggegee het en in die proses sy wetlike stand in die Koninkryk verloor het.

Toe God hom nader ná sy besluit om ongehoorsaam te wees, het God vir Adam gesê:

> *". . . is die grond deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef; dorings en dissels sal dit vir jou laat uitspruit, en jy sal veldplante eet. Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."*
> – Genesis 3:17b–19, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Die eerste ding wat jy moet sien is dat God nie die aarde vervloek het nie, Adam het. Hy het algehele heerskappy daaroor gehad. Hy was die opsigter. Adam, met algehele en absolute heerskappy oor die aarde, pleeg verraad teen God se regering en in wese skop hy God uit. Hierdie besluit het nie net gevolge vir Adam nie, maar ook op die hele aarde en elke man en vrou wat van daardie dag af op die aarde sou lewe. Alhoewel hy steeds sy jurisdiksie oor die aardse ryk wat God vir hom gegee het, behou het, was hy nou magteloos om te heers uit die perspektief van die kroon en regering wat hy voorheen verteenwoordig het en wat sy heerskappy gerugsteun het. Omdat hy van lewe geskei is, het die dood, wat vir Adam 'n vreemde konsep was, nou oorgeneem.

God konfronteer Adam oor wat hy gedoen het en sê vir hom dat eerstens, deur sy sonde, hy nou sy wetlike stand in God se regering verloor het. En omdat Adam daardie regering se verteenwoordiger op planeet Aarde was, het die hemel sy wetlike verteenwoordiging waarvolgens hy

jurisdiksie in die aardse ryk verkry het, verloor. Tweedens is die aarde nou beïnvloed en sou dit nie voorsiening produseer soos dit vroeër in die tuin van Eden gedoen het nie. Adam se eie pynlike geswoeg en gesweet sou nou nodig wees vir die aarde om te produseer wat hy (Adam) nodig gehad het om te oorleef. Dorings en distels neem nou die veld oor, die lewe word moeilik; oorlewing word 'n manier van lewe.

Ek noem hierdie moeilike lewe en die oorlewingsmentaliteit, besmet met die aroma van vrees en dood wat op elke mens sedert Adam rus, die aarde se vervloekingstelsel. Dit is waar ek en jy grootgeword het en die oorlewingstelsel wat ons almal maar te goed ken. Dawid noem dit in Psalm 23 'n dal van doodskaduwee.

> *Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.*
> – Psalm 23:4, 1953-vertaling

Dit is 'n ryk waar die vrees vir die dood die lug deursypel. Maar daar is ook 'n ander negatiewe gevolg. Die mens verloor sy verhouding met God en gevolglik ken hy homself nie – hy verloor die visie van sy geskape doel en identiteit. Toe die mens geskape is, is daar vir hom 'n doel gegee, 'n opdrag. Hy moes namens God oor die aarde heers. Met ander woorde, hy het 'n Godgegewe opdrag en doel vir sy lewe gehad. Maar nou het die mens se algehele ingesteldheid na dié van oorlewing verskuif. Oorlewing word sy doel en sy nuwe oorlewingsmandaat.

IN DIE AARDSE STELSEL VAN OORLEWING, IS ALMAL MOEG OM TE HARDLOOP.

Nou word elke besluit wat die mens maak, deur hierdie vloek van oorlewing gefilter, en voorsiening word gesoek of opgehoop. Daar is

geen vrede nie; elke dag is vol pynlike inspanning en sweet. Die enigste moontlike uitkoms uit hierdie lewe van oorlewing, wat ons vandag 'n dolle gejaag noem, is om genoeg voorsiening bymekaar te maak sodat ons uiteindelik kan ophou hardloop. Dit is sedert die sondeval die droom van elke man en vrou. Dit is hulle nommer-een-doel, om op te hou hardloop. Almal wat gelukkig genoeg is om ekstra voorsiening te hê, gaar dit nou op met groot sorg en beskerming. Hulle hou vas daaraan met die vrees om dit te verloor, want as hulle dit verloor, sal hulle weer geforseer of verslaaf word om met pynlike inspanning en sweet te hardloop.

Die mens se droom, sy oorlewingsdoelwit, is, soos ek gesê het, om genoeg voorsiening te vind sodat hy kan ophou hardloop soos 'n slaaf en kan rus. Ek wil hê jy moet 'n duidelike begrip hê van hierdie feit: In die aardse stelsel van oorlewing, is almal moeg om te hardloop.

Ek onthou toe ek een oggend saam met 'n pastor gesit het. Hy het vertel dat hy baie lief was vir die bediening wanneer hy wakker geword het in die oggende totdat hy onthou het van die status van sy finansies, die skuld en die tekort aan geld. Hy het gesê sy finansiële kwessies was soos 'n nat kombers wat hom wou versmoor en al die vreugde in sy lewe steel. Dit is nie net pastors wat hierdie disfunksie beleef nie. Dit is vir die meeste gesinne 'n manier van lewe dat hulle in skuld lewe, van salaristjek tot salaristjek.

Almal soek na 'n manier om hier uit te kom, en die enigste manier daaruit is rykdom, om meer as genoeg te hê. Onder die aardse vervloekingstelsel word identiteit nou gedefinieer deur dit wat jy besit en die geld wat jy kan verdien. Eerstens, die mens probeer desperaat om sy naaktheid, die verlies aan sy ware geskape doel en identiteit, toe te maak, en gryp 'n namaaksel. Hy probeer nou om God se salwing, wat hom eens met soveel glorie toegemaak het, te vervang met rykdom.

Tweedens probeer hy ook om sy gekroonde posisie van eer, vanwaar hy in God se Koninkryk geheers het, te vervang met die roem op besittings en om mense te beheer. Die mens word nou deur een ding verteer – om rykdom te vind of op te gaar. Sy identiteit word nou gevind in hoeveel rykdom hy het en hoeveel mag hy oor mense kan uitvoer. Status en posisie in die samelewing is nou vir die self-agting van die gevalle mens baie belangrik.

Dink daaroor. Wat is gewoonlik die eerste vraag wat een persoon aan 'n ander sal vra? "Wat doen jy vir 'n lewe?" Waarom? Stel ons werklik belang? Nie regtig nie, maar die vraag stel ons vlak van respek vir daardie persoon vas. Met ander woorde, ons vra onsself: "Wie is hierdie ander persoon? Watter posisie of status het hy in die aardse ryk? Met hoeveel respek moet ek hom eer?" Ek praat nou hier uit 'n manlike perspektief hier, dames. Ek besef julle dames opereer uit 'n heel ander perspektief van identiteit.

Hierdie aardse vervloekingstelsel het vandag nog 'n uitwerking! Mense filter al hulle besluite uit die vind-of-opgaar-geldfilter. Mense sal, sonder om twee keer te dink oor wat hulle doel mag wees, uit hulle provinsie trek om 'n beter betalende werk te kry. Almal wil 'n popster wees. Hoekom? Dit is oor hulle identiteit (posisie) en rykdom.

Daar is 'n opname onder duisende middelskool-skoliere gedoen oor watter beroep hulle wou volg wanneer hulle groot was. Vyf-en-sestig persent het gesê hulle doel was om bekend te wees. Bekend? Die laaste keer wat ek gekyk het, was bekendheid nie 'n beroep nie.

Nog 'n studie het bevind dat 30 persent van werkers hulle werke haat, en 'n ander een het bevind dat 40 persent nie van hulle werke hou nie. Ons het dus 70 persent van die werkers in die VSA wat nie hou van wat hulle doen nie! Hoekom is hulle dan hier? Is dit omdat hulle slawe

is van oorlewing, wat met pynlike inspanning en sweet lewe net om te kan oorleef? Vir baie van hierdie werkers is doel en passie nie 'n opsie nie; die motiverende faktor is die betaling van rekeninge. Om deur die behoefte om geld te vind, verslaaf te word, laat min ruimte vir opsies. Die een wat die meeste geld betaal, wen elke keer. Dit is wat ons 'n dolle gejaag noem! Dit is waar ek en jy lewe. Kry 'n prentjie in jou gedagtes van 'n hamster wat so vinnig soos hy kan op 'n hamsterwiel hardloop, en hy gaan nêrens heen nie. Ons lag en dink dit is oulik. Maar in die regte wêreld, is dit nie oulik nie. Glad nie. Mense gaan dood op daardie wiel en kom nooit uit by dit waarop hulle gehoop het nie.

> *Julle moet ook nie soek wat julle sal eet of wat julle sal drink nie, en julle nie ongerus maak nie; want al hierdie dinge soek die nasies van die wêreld, en julle Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het. Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*
> – Lukas 12:29–31, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Die enigste stelsel wat ons ken, is om met pynlike inspanning en sweet te hardloop. As ek vir jou sê jy moet uit die skuld kom, en ek bedoel jy MOET binne 12 maande uit die skuld kom of jou hele familie sal vir ewig na die Noordpool toe gestuur word (ek gebruik 'n ekstreme voorbeeld om 'n punt te maak), wat sal jy doen? Ek sal jou sê wat jy sal doen. Jy sal dadelik 'n plan maak om meer te sweet en vinniger te hardloop. Jy sal sê: "Wel, ek kan nog 'n paar deeltydse werke doen. My vrou kan ook nog 'n paar deeltydse werke doen, en die kinders kan ook uithelp." Jy sien, dit is die enigste voorsieningstelsel wat jy geleer het, die pynlike-inspanning-en-sweet-stelsel. Kom ek gee jou 'n ander prentjie van hierdie stelsel.

Kom ons neem aan en hardloop die straat af en ek vind 'n bruinpapiersak aan die oorkant van jou straat met tien miljoen dollar daarin. Ek is so opgewonde, maar ek weet ek moet dit rapporteer. Omdat ek jou ken, hardloop ek na jou huis toe en vra om jou foon te gebruik. Ek bel die polisie terwyl jy staan en luister. Ek vertel hulle wat gebeur het en wat ek gevind het. Ná 'n rukkie waar hulle hul rekord nagegaan het, sê hulle vir my niemand het iets rapporteer nie en dat ek die geld kan hou. (Ek dink nie dit is wat hulle sal sê nie, maar dit werk vir my illustrasie.) Toe hulle dit vir my sê, spring ek op en af van vreugde. Ek vertel jou dan wat hulle gesê het, en is skoon uitgelate van vreugde.

Jy glimlag beleefd terwyl ek ronddans en dit alles vir jou verduidelik. Maar wat dink jy sal jy doen as jy daardie aand aan die etenstafel sit en vir jou vrou die storie vertel? Glimlag? Ek dink nie so nie. Jy sal sê: "DIT IS NIE _____ NIE! Jy het die spasie ingevul, nie waar nie? Hoe het jy geweet die woord "REGVERDIG" is die korrekte antwoord? Ek sal jou vertel hoe, want dit is hoe jy grootgemaak is. Dit is die stelsel waarmee jy grootgemaak is. Pynlike inspanning en sweet is hoe dit gedoen is.

In my voorbeeld het ek die geld gevind sonder om te werk, en dit is om die stelsel te verneuk. Dit is nie regverdig nie. Dit is nie regverdig nie, want ek het nie vir die geld gewerk nie; ek het dit net opgetel. Wetende dat jy heel moontlik nooit sulke geluk sal hê nie, is jy oorweldig deur jaloesie en bitterheid, en jy weet jou dae sal steeds gevul wees met geforseerde slawerny om te oorleef.

In vergelyking daarmee, as ek eendag by die kerk opdaag met al my klere wat vuil en geskeur is, en vir die mense sê: "Ons het dit gedoen! Ek en Drenda het oor die laaste tien jaar 22 ure per dag gewerk, en ons het uiteindelik ons huis afbetaal!", sal almal ons toejuig en applous gee.

Waarom? Want iemand het dit gedoen, en jy vind dit bemoedigend. Iemand het dit gedoen, daar is 'n manier! Miskien sal ons ons tande kners, die prys betaal en ook vry kom. Maar hoekom het niemand geskree en geklap toe ek die geld langs die pad gevind het nie? En hoekom was dit vir jou so maklik om die spasie in te vul? Want dit is hoe jy dink; dit is ook waaroor jy droom. Regverdigheid is die pynlike-inspanning-en-sweet-stelsel wat ons almal geleer is. Geld sonder arbeid daaraan verbonde is nie regverdig nie.

Maar 'n onstnapping uit die pynlike-inspanning-en-sweet-stelsel is almal se droom. Om ryk te word, om 'n miljoener te wees – dit is vir die meeste mense 'n aanloklike gedagte. 'n Miljoen dollar, dit is nie wat dit eens was nie, maar net as 'n syfer praat dit van rykdom. Rykdom bied die moontlikheid van vryheid aan, in kontras met die daaglikse sleur waarin die meeste mense leef. Almal is moeg om te hardloop, en om 'n miljoen dollar te hê sal beteken hulle kan stop en doen wat hulle wil. Dink daaroor: Wat is die lotery se aantrekkingskrag? VRYHEID! Vryheid om 'n keuse te hê, om besluite te neem wat nie draai om rekeninge of om net te kan oorleef nie.

Die program, *Who wants to be a Millionaire?,* is baie gewild. Dit is aanloklik want almal droom van daardie vryheid. Terwyl hulle na die program kyk, is hulle emosioneel betrokke, moedig die deelnemer aan en hoop hulle wen.

Om die onderwerp effens te verander, is om te steel in sy eenvoudigste definisie ook voorsiening sonder arbeid daaraan verbonde. In 'n perverse sin bied dit ook vryheid van die aardse vervloekingstelsel. Kom ons stem dus saam dat almal wil ophou hardloop! Maar is daar 'n manier daaruit? Geldmaakskemas vier hoogty. Ek ontvang ten minste tien e-posse per dag van mense oorsee wat vir my hulle hartseer storie vertel

van hoe hulle 20 miljoen dollar geërf het en iemand soek wat hulle sal help om dit op 'n veilige plek te bêre. Hulle bied my helfte daarvan as ek net sou aanbied om hulle geld te neem en dit sal beskerm. Hulle vra dan natuurlik my e-pos-adres en dat ek 'n klein administrasiefooi, afleweringsfooi, versekeringsfooi of enige ander fooi sal betaal om die erflating te kan vrystel. Regtig? Lyk ek soos 'n idioot?

'n Kliënt het my gebel en gevra vir beleggingsadvies. Ek het die normale vrae gevra en ontdek dat hy omtrent vyf miljoen dollar gehad het om te belê. Hy het vir my gesê hy het nie op daardie oomblik die geld gehad nie, maar dat dit uit 'n erflating uit kom. Ek het hom gevra wanneer die boedel afgehandel sou wees, en hy het gesê omtrent twee weke. Ek het hom toe na twee weke gebel, en hy het gesê dit sou bietjie langer wees. Hy het gesukkel om die erflatinggeld uit die Europese bank te kry waar dit was. Dit het my aandag getrek, daarom het ek begin vrae vra. Die storie was dat hy 'n sogenaamde oom gehad het in Frankryk wat dood is. Hierdie oom het vir hom vyf miljoen dollar nagelaat. Maar daar was 'n $50 000 belastinglas wat betaal moes word voor die erflating aan hom oorgeplaas kon word. Hy het vir my gesê hy probeer nog die geld bymekaar maak en het vir 'n tweede verband op sy huis aansoek gedoen.

Ek het hom gevra of hy 'n prokureur het en hy het gesê: "Ja, die prokureur wat my uit Frankryk geskakel het, hanteer dit." "So jy het nie 'n Amerikaanse prokureur wat hierop werk nie?" Hy het gesê: "Nee, ek het net die een in Frankryk." Hy het verder verduidelik dat omdat hy gesukkel het om die $50 000 in die hande te kry, het die prokureur in Frankryk gesê hy kan die helfte betaal, en dan kon hy hom terugbetaal sodra die geld losgekom het. "Nee," het ek gesê, "dit is 'n bedrogspul!" Alhoewel hy nog nooit voorheen van hierdie sogenaamde oom gehoor

het nie, het hy geglo dit is eg. Ek het hom twee weke later weer gebel en hy het gesê hy het amper al die geld om aan die bank te stuur. Ek het hom weer gesê: "Hulle het reeds die vyf miljoen dollar. As hulle regtig die belastinggeld wou gehad het, kon hulle jou eenvoudig 'n vorm aan jou ge-e-pos of gestuur het om te teken en wat hulle magtiging sou gee om die $50 000 af te trek van die geld wat hulle reeds het." Maar hy wou my nie glo nie en was oortuig dat hulle die waarheid praat.

Ek het die afgelope Sondag by die kerk 'n soortgelyke geval gehad. 'n Jong man het my gevra vir beleggingsadvies oor geld wat hy uit 'n oorsese erflating sou ontvang. Ek het hom nie toegelaat om sy sin klaar te maak nie. Ek het gesê: "Ek weet, ek weet, hulle wil hê jy moet 'n fooi betaal en dan sal hulle die geld vir jou stuur, reg?" "Wel, ja, hoe het jy geweet?" Ek het vir hom dieselfde ding vertel, dat dit 'n bedrogspul was. Alhoewel hy nie geweet het van die man wat "gesterf" het nie, en hy het nie 'n prokureur in die VSA gehad nie, het hy steeds met my baklei oor die realiteit van die geld. Hoekom sal hierdie twee mense val hiervoor? Want hulle wil vry wees! Hulle kan dit nie los nie want, in hulle koppe, as dit een tiende van een biljoenste kans het om waar te wees, wil hulle dit hê.

Kom ek gee jou nog 'n voorbeeld. Die finansiële dienste-besigheid wat ek en Drenda besit, dek die hele Verenigde State. Dit is 'n wonderlike besigheid! Die geleentheid in my maatskappy is eg; ek het mense wat honderde duisende dollar elke jaar verdien. Maar daar is ook baie om te leer in my besigheid. Jy hanteer mense se geld. Daar is wette wat jy moet ken en jy moet ook boedelbeplannig-strategieë leer.

Ek het radio-advertensies in die Columbus, Ohio-gebied op 'n plaaslike Christen-radiostasie geplaas om te vra vir CV's, want ek het gesoek na 'n paar goeie moontlike kandidate. Omtrent 50 CV's het ingekom.

Maar in plaas daarvan om die onderhoude dadelik vas te maak, het ek besluit om 'n oriënteringsessie by 'n hotel daar naby te hou om te help om die kandidate uit te dun. Die vergadering sou die groot potensiaal wat ons maatskappy in die mark het, dek en ook hoe ons geposisioneer was om nie net te deel hoe finansies werk nie, maar ook om hierdie advies in 'n Christelike perspektief te plaas. Ons het ook gepraat oor hoe die prosedures werk, die vergoeding, opleiding en lisensievereistes. Ek het uit ondervinding geweet dat baie van die kandidate sou uitval wanneer hulle besef hoeveel werk dit is om $200 000 'n jaar te maak.

Ná die vergadering het ek in die gang van die hotel afgestap en gesien dat die groot hoofsaal gepak was met meer as 1 000 mense. Almal het om dieselfde rede gekom. 'n Gewilde multivlak-maatskappy het 'n voorlegging aangebied oor hoe om by hulle aan te sluit. Maar hoekom was daar so baie mense daar teenwoordig in vergelyking met die 50 wat my vergadering bygewoon het? Die eenvoudige antwoord – geld! Ongelukkig, en dit was nie wat die multivlak-maatskappy regtig gesê het nie, maar die persepsie was dat "as ek kan inkom, kan ek drie mense verwys, en boem, ek is 'n miljoenêr."

Ek is al lank genoeg in die land om te weet dat enigeen wat groot geld in 'n multivlak-maatskappy verdien, baie hard werk! Ja, die potensiaal is daar, maar weereens, die persepsie is dat dit maklike geld is en "As ek hierdie geleentheid laat verbygaan, kyk na al die mense hier, gaan ek die geleentheid van 'n leeftyd mis!" Moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie. Ek het baie goeie vriende wat miljoene uit hierdie soort maatskappye gemaak het, en daar is baie goeie multivlak-maatskappye daar buite. Maar ek wys eenvoudig net uit wat die ingesteldheid van die gemiddelde multivlakmaatskappy is. Om maklike geld te verkoop is groot geld in die aardse vervloekingstelsel van oorlewing.

As jy vir 'n oomblik sal stop en jouself vra hoeveel jy dink aan geld, óf oor hoe om dit te kry óf om te beskerm wat jy het, gaan jy verras wees. Ek sal dit weer sê sodat jy die punt besef: Almal wil ophou hardloop, en hulle is moeg om net vir oorlewing te leef! Die lokaas van die naweek is om te stop. Die lokaas van vakansie is om te kan stop. Die lokaas van aftrede is dat ons uiteindelik kan stop en doen wat ons wil doen. Moet my nie verkeerd verstaan nie. Die meeste mense se visie van lewe is nie dat hulle net wil rondsit en niks doen nie. En ek sê ook nie dit is God se wil vir jou nie. Nee, ons is geskep om aktief in ons opdrag te wees, ons uniek-geskepte doel. Ongelukkig is die meeste mense só besig om te hardloop om te kan oorleef, dat hulle jare terug reeds hulle drome laat vaar het.

AS JY NIE DIE GELD-DING HERSTEL NIE, IS JY BESTEM OM ONDER DIE AARDSE VERVLOEKINGSTELSEL SE OORLEWINGSMENTALITEIT TE HARDLOOP VIR DIE RES VAN JOU LEWE.

Ek is seker jy het dit al voorheen gehoor of miskien self gesê: "Ek moet gaan werk vandag." Wel, soos jy heel moontlik al uitgewerk het, doen mense nie emosioneel so goed wanneer hulle "moet" werk toe gaan nie. Maar hulle floreer wanneer hulle wil en werk toe gaan met 'n passie vir dit wat hulle doen. Gewoonlik is dit nie die geval in 'n groot meerderheid van mense se lewens nie. In plaas daarvan sê hulle steeds: "Ek moet gaan werk vandag." Net nog 'n salaris, nog 'n dag by die kantoor, nog 'n dag van oorlewing en nog 'n dag wat verbygaan. Die meeste begin goed in die lewe, vol opgewondenheid. Die werk wat hulle aanvaar het net om die rekeninge te betaal, is 'n tydelike ding, net totdat hulle dinge uitgesorteer het. Maar wat hulle uitgesorteer het, is

dat die lewe wasig geword het, en iewers in hul veertigs besef hulle dat daar nie 'n manier daaruit is nie. Dit word 'n middeljare-krisis genoem en hulle besef vir die eerste keer dat hulle vasgevang is.

My vriend, dit is nie lewe soos God dit ontwerp het nie. Jy weet dit reeds. Maar om hierdie misrabele toekoms vry te spring, het ek en Drenda al vir jare gesê dat as jy nie die geld-ding herstel nie, jy nooit jou doel sal vind nie – die unieke doel van jou lewe. As jy nie die geld-ding herstel nie, is jy bestem om vir die res van jou lewe onder die aardse vervloekingstelsel se oorlewingsmentaliteit te hardloop.

As jy nie die geld-ding herstel nie, sal jy nooit jou kreatiewe doel ontdek nie!

In vergelyking daarmee, kom ons praat oor hoe jou lewe wel kan lyk. Kom ons oorweeg jou stokperdjie. Kom ons sê dit is gholf. Het jy al ooit iemand hoor sê: "Rêrig, moet ek vandag gaan gholf speel?" Of het iemand al hoor sê: "Ag nee, dis Vrydagaand; ek haat Vrydagaande. Ek wens dit was Maandag dat ek kan teruggaan werk toe." Of kom ons sê jou stokperdjie is visvang. Sal ek jou ooit hoor sê: "Moet ek vandag rêrig gaan visvang?" Nee, ek twyfel of ek dit sal hoor want jy het 'n passie daarvoor. Wat sou gebeur as jy jou lewe met dieselfde soort passie en geesdrif leef vir dit wat jy doen, en jy kan fokus op jou passie in die lewe? Wat as jy die geld gehad het wat nodig is om jou gesin te versorg en 'n lewe kan leef wat vry is van finansiële stres? Is daar regtig 'n manier om dit te kan doen? Ek en Drenda het uitgevind daar is!

Dit is die seën van die Here wat rykdom bring;
jou geswoeg laat dit nie meer word nie.
– Spreuke 10:22, 1983-vertaling

Kyk lank en stadig na hierdie vers. Die Hebreeus beteken letterlik rykdom met geen harde arbeid wat daarby gevoeg word nie. Sien jy dit? Die Koninkryk verskaf 'n manier om te ontsnap van die pynlike-inspanning-en-sweet-stelsel wat Adam ons nagelaat het. Kan hierdie vers regtig beteken wat dit sê? Jy sal saamstem dat as dit het, het jy pas die beste goeie nuus gelees wat jy in 'n lang tyd gehoor het. Presies! Dit is hoekom Jesaja 61, wat profeties praat oor Jesus en wat Hy in Sy bediening sou doen, sê:

> *Die Gees van die oppermagtige HERE het op my gekom.*
> *Die Here het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense.*
> – Jesaja 61:1, NLV, klem bygevoeg

Wat is goeie nuus aan 'n persoon wat vasgevang is in die oorlewingsleefstyl van die aardse vervloekingstelsel? Finansiële vryheid, natuurlik! Jesus sê letterlik die Koninkryk van God voorsien buite die beperkings van die aardse vervloekingstelsel om in pynlike inspanning en sweet te hardloop. Kom ons wees eerlik. Jy kan net só vinnig hardloop, en die meeste mense hardloop baie hard en kom agter dit is nie vinnig genoeg om skuldvry te kom nie. Ek het vir daardie nege jaar so vinnig gehardloop as wat ek kon toe ek en Drenda in erge skuld was. Die tallose honderde duisende kliënte wat ons oor die jare by ons firma oor die afgelope 27 jaar gesien het, het almal ook so vinnig as wat hulle kon, gehardloop. Tog, ten spyte van hulle toegewydheid was hulle steeds vasgevang in hulle lewe van finansiële slawerny. Almal van hulle het ons geskakel want hulle het die vreeslike besef gehad dat hulle finansieel hopeloos is, hulle drome van finansiële onafhanklikheid het al moeiliker gelyk om te behaal, en hulle visie is met oorlewing vervang. Ondersoek die woord "voorsiening" saam met my vir 'n oomblik.

Voorsiening is pro-visie.

Sonder voorsiening kan daar geen visie wees nie want sonder voorsiening, om voorsiening te verkry, word en is jou visie. Weereens, dit is hoe die meeste mense leef – 'n lewe sonder visie. Dit is slawerny in sy misleidendste vorm.

HOOFSTUK 7

DIE DEUR

Kom ons hersien vir ’n oomblik wat ons oor die Koninkryk van God geleer het. Eerstens het ons geleer dat die mens op die aarde geplaas is in ’n posisie om oor die aarde te heers. Ons het in Hebreërs 2:7–8 gesien dat daar niks op die aarde was wat nie aan die mens onderworpe was nie. Daarom het ons gevind dat die mens die sleutel of die deur was na die aardse ryk. Satan het dit geweet, en dit is waarom hy Adam en Eva geteiken het in sy plan om gesag oor die aarde verkry. Toe Adam en Eva geswig het onder sy plan van misleiding, het hulle gesondig en het hulle die regering van God se wetlike outoriteit oor hulle lewens afgesny. Die Gees van God, wat hulle in die skepping beskerm het, moes nou terugstaan. Hulle het nie net fisiek nie, maar ook geestelik naak geword. Ek kan my net die skok voorstel wat hulle ervaar het toe God se Gees hulle verlaat het. Die Bybel sê hulle het dadelik vyeblare geneem om hulle te bedek, want hulle het naak gevoel.

Alhoewel die mens steeds die posisie gehad het om oor die aarde te heers (dit is vir hom by die skepping gegee), het hy nou sy outoriteit en mag verloor om geestelik oor die aardse ryk te heers. Omdat hy gekies het om teen God te rebelleer, en gekies het om Satan in plaas van God te glo en hom by hom te skaar, het die mens onder Satan se gesag gekom en gevolglik onder dieselfde oordeel as wat Satan (Lucifer) gekom

het toe hy uit die hemel gegooi is. Daardie oordeel is 'n plek wat die hel genoem word, 'n plek van foltering en om vir ewig uit God se teenwoordigheid gegooi te word. Dit moet genoem word dat die hel nooit vir die mens geskep is of met die mens in gedagte nie. Dit was nooit God se bedoeling dat die mens ooit soontoe moet gaan nie.

> *Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.*
> – Matteus 25:41, 1953-vertaling

Vir God om die mens van sy lot te red, sou God Sy regering se outoriteit in die aarde moes hervestig. Hy sou 'n manier moes vind om die outoriteit wat Satan nou gehad het, terug te neem. Daar was slegs een manier waarop dit sou kon gebeur. Iemand wat nie skuldig was aan sonde nie, sou vrywillig in Adam se plek moes kom om die doodstraf te dra. Maar daar was 'n effense probleem dat dit ooit moontlik sou kon wees. Elke mens op die aarde, as afstammeling van Adam, was bevlek met sonde en kon dus nie die Gees van God en Sy outoriteit dra nie. Maar God het 'n plan gehad om hierdie probleem te oorkom. Die plan sou behels dat Sy geregverdigde vereistes, Sy wet, in die aardse ryk gevestig en geskryf moes word waarvolgens 'n mens wat in die aardse ryk leef, as onskuldig geoordeel kon word deur daardie selfde wet, as dit moontlik was. Dan, en slegs dan kon daardie mens wetlik vrywillig in Adam se plek staan, en daarmee Adam se vereiste boete en straf op homself neem.

Maar daar was 'n ware probleem met hierdie konsep, want die mens wat hierdie offergaweplan sou uitvoer, kon nie 'n afstammeling van Adam wees nie, want daardie stamboom is bevlek en van God se teenwoordigheid afgesny. Hoe kon 'n reddingsplan dan moontlik wees? Dit

sou vereis dat God 'n mens op die aarde sou moes plaas wat nie uit Adam se nageslag was nie en wat bereid sou wees om homself om die mens se ontwil te offer. Maar die aardse ryk is aan Adam en sy nageslag gegee, en daarom sou dit onder daardie wetlike status ook onwettig wees. Daar was net een manier om dit te laat gebeur, net een. Daardie mens sou hier gebore moes word, maar nie uit Adam se nageslag wees nie.

Jy sou dalk, met die eerste oogopslag, saamstem dat dit weereens onmoontlik sou wees. Maar tegnies was daar 'n manier. God kon wettig 'n manlike saad in 'n vrou van die aarde plaas indien Hy 'n mens kon vind wat sou glo dat Hy dit kan doen, en hom daardeur wetlike jurisdiksie kan gee om dit te doen. Onthou, die mens het die sleutel tot die aardse ryk gehou. Satan het hierdie selfde sleutel gebruik om toegang tot die aardse ryk te kry om Adam se geestelike posisie van outoriteit daaroor te steel. Vir God se plan om te werk en om die wetlikheid van daardie plan in die aardse ryk aan Satan, wat dit sou betwis, te bewys, sou God 'n man of vrou moes vind wat Hom sou glo vir 'n kind wanneer dit geheel en permanent onmoontlik vir hulle sou wees om ooit 'n kind te kan kry. Hulle sou moes glo God kan die onmoontlike doen.

Die geboorte van daardie kind sou ook die belofte moes dra dat al die nasies geseën sou wees deur sy stamboom, want dit sou deur sy stamboom wees dat God die wetlikheid en jurisdiksie sou hê om Jesus in die wêreld in te bring. Indien daar 'n paartjie was wat God daarvoor kon glo, om 'n kind in 'n dooie baarmoeder te verwek, en dat hulle sou glo dat elke nasie geseën sou wees deur daardie kind, en dat sy geboorte vir hulle meer afstammelinge sou gee as wat daar sand in die see was, dan sou God die wetlikheid gehad het wat Hy nodig gehad het om later 'n saad in Maria, Jesus se moeder, te plant. Maar sou God so 'n man kon vind? Sy naam was Abraham, die vader van ons geloof.

Hy het teen alle verwagting in bly hoop, en geglo dat hy die vader van baie nasies sou word, soos gesê is: "Só sal jou nageslag wees." Sy geloof het nie verswak nie, al het hy besef dat sy eie liggaam reeds so te sê dood was – hy was reeds ongeveer 100 jaar oud – en dat Sara se moederskoot ook reeds dood was. Met die belofte van God in gedagte, het hy nie in ongeloof verval en begin twyfel nie; trouens, hy het sterker geword in die geloof, en het die eer aan God gegee. Hy was vas daarvan oortuig dat God dit wat Hy beloof het, ook kan doen.
– Romeine 4:18–21, 2020-vertaling

Abraham en Sara het God geglo en het geboorte aan Isak gegee toe hulle baie oud was en nie in staat was om kinders te kry nie. Omdat Abraham die een was wat God geglo het, kon die belofte slegs kom deur daardie deur wat Abraham geopen het. Jesus sou deur Abraham se nageslag moes kom. Kom ek maak dit baie duidelik. Vir God om Jesus in die wêreld te bring, moes hy deur Abraham se stamboom kom. Hy moes! Dit sou die enigste manier wees wat dit wettig sou wees. Dit is waarom, wanneer jy na Matteus 1 kyk, jy 'n vervelige lys van so en so wat so en so se seun was, kry. Hierdie hoofstuk is die eerste hoofstuk vir 'n rede. Dit is om die feit te vestig dat Jesus hier in die aardse ryk 'n afstammeling van Abraham was. Dit moes hier in die aarde aangeteken word waar Satan sy wetlike heerskappy en gesag eis. Indien hierdie lys nie akkuraat is nie of indien Jesus nie werklik deur Abraham se stamboom gekom het nie, sou Satan kon aandring dat Jesus se geboorte en lewe bedrog was en dat Hy nie gekwalifiseerd was om die prys vir ons sonde te betaal nie.

HULLE WAS NOU VERHEWE BO DIE VLOEK VAN PYNLIKE INSPANNING EN SWEET NET OM TE KAN OORLEEF.

Jy sal onthou dat Israel baie wette gehad het wat hulle verbied het om buite hulle eie nasie te trou. Dit was strafbaar met die dood. Nou weet jy hoekom daardie stamboom rein moes bly en waarom hulle dit so beskerm het. Ja, jy sal uitsonderings vind vir vroue buite die nasie Israel wat met 'n Israeliet getrou het, soos Ragab, wat in Jerigo gewoon het en die spioene wat die land moes verken, versteek het. Ja, sy word in Matteus 1 genoem want sy het met 'n Israeliet getrou. Maar jy moet verstaan dat, in die Joodse kultuur, dit die man was wat die stamboom gedra het.

Kom ons wyk vir 'n oomblik hier af. Daar is baie bespreking rondom hoe lank die mens op die aarde is. Is daar 'n manier om werklik die antwoord te weet? Ja! Ek kan jou daarvan verseker. Daardie lys in Matteus 1 moet akkuraat wees. Niemand kan uitgelaat word nie want anders sou ek en jy nie die verlossing kon geniet wat ons tans het nie. Satan sou dit betwis het. Daardie lys moes perfek wees! Daarom kan jy, gebaseer daarop, 'n rowwe skatting van die mens se totale tyd op die aarde uitwerk. Ek het gedink om dit hier in te gooi.

> *En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.*
> – Genesis 12:2–3, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Soos jy in hierdie verse kan sien, is die deur na die aardse ryk wat Abraham gevestig het, die wetlike deur waardeur Jesus Christus later sou kom en al die mense op aarde sou seën. Alhoewel Abraham en sy nasate God die wetlikheid en jurisdiksie gegee het wat nodig was om die mag en invloed van Sy regering weer op die aarde te vestig, was die

mens steeds onder die gewig van sonde en geestelike dood vasgevang totdat God Jesus in hierdie wêreld ingebring het, waar Hy die prys vir Adam se sonde sou betaal. Maar in terme van voorsiening sien ons nou dat Abraham en sy nasate, die wat die merk van besnyding gedra het, nou voorspoedig was. Hulle was nou verhewe bo die vloek van pynlike inspanning en sweet net om te kan oorleef.

Abram was baie ryk aan lewende hawe, silwer en goud.
– Genesis 13:2, NLV

Ons sien in hierdie vers 'n groot verandering wat hierdie verbond gebring het wat voorsiening betref. Sien jy enigiets anders oor wat God vir Abraham sê in vergelyking met wat Hy in Genesis 3:17 vir Adam gesê het? Onthou, ná Adam gesondig het, het God vir hom gesê dat hy nou met pynlike inspanning en sweet sou oorleef. Maar by Abraham sien ons 'n verskil. God sê: "Ek sal jou maak!" Dit sê nie Abraham is oorgelaat aan sy eie vermoëns om te hardloop met sweet en pynlike inspanning nie. Dit sê God is nou betrokke. God het gesê: "Ek sal jou maak!" Sien ons dat Abraham nou gesukkel het in die lewe? Nee!

Abraham was ryk! Sy kinders was ryk. Abraham het 'n lewe buite die aardse vervloekingstelsel gelewe. Hy het meer as genoeg gehad! Dit het mense nie lank geneem om die verskil te sien nie. Hierdie verskil het regdeur sy stamboom geloop. Om die waarheid te sê, 'n paar generasies ná Abraham, het sy kleinseun Jakob vir Laban gewerk, sy skoonpa. Laban

"DIE HERE SAL DIE SEËN OOR JOU GEBIED IN JOU SKURE EN IN ALLES WAAR JY JOU HAND AAN SLAAN . . .
– DEUTERONOMIUM 28:8A, 1953-VERTALING

het die seëning oor Jakob gesien en probeer om hom uit sy rykdom te kul. Maar God het sy planne om die seëning te steel, verander tot sy eie nadeel, en Jakob in elk geval met groot rykdom geseën. Wat ek sê is dat selfs al het mense probeer om hierdie seëning te stop, hulle nie kon nie. Solank as wat die nasate getrou gebly het aan die verbond en God aanbid het, het God hulle voorspoedig gemaak.

Dink aan die implikasies van wat ek hier sê! Ek ontvang alle soorte briewe en e-posse van mense wat vir my sê ek praat te veel oor geld. Hulle sê voorspoed is nie God se wil nie. Hulle beklemtoon dat ons almal teen 'n groot prys deur die lewe moet sukkel om God te dien. Ek kan met 'n gedeelte van daardie stelling saamstem. Jesus het in Markus 10:30 gesê ons voorspoed sou veroorsaak dat ons vervolg word. Maar ongelukkig glo baie Christene dat God 'n harde taakgewer is en ons moet 'n lewe van oorlewing ly, 'n eed van armoede neem, en deur siekte geteister word. Nee, dis is die aardse vervloeking en nie die seëning nie. God wil ons finansies vestig.

God wil jou vestig!

Indien jou finansies nie seker en gevestig is nie, word jy geforseer om jou hele lewe lank te werk om te oorleef, en kan jy nie jou geestelike opdrag vervul nie, en jy leef 'n lewe van slawerny. Kom ons kyk wat God aan Abraham se nasate in Deuteronomium 28:8–13 (1953-vertaling) gesê het.

> *Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee. Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel. En al die volke van die aarde sal sien dat*

die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees. En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie. En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen . . .

Let op dat alhoewel hulle nog nie gevestig in hierdie land was nie, hulle die belofte gehad het. Maar Moses sê vir hulle dat God hulle sal vestig! Om te verstaan hoe dit sal lyk en wat God vir hulle hier sê, dink aan 'n eikeboom. Wanneer dit 'n saailing is, is dit nie gevestig nie. Enigeen kan dit skuif na waar HULLE dit wil hê. Maar wanneer die eikeboom groei en volwasse word, gaan niemand daardie boom skuif nie. Dit is gevestig.

"Die HERE sal vir jou seën stuur – in jou graanskure en in alles waaraan jy jou hand waag. Ja, die HERE jou God sal jou seën in die land wat Hy vir jou gaan gee. <u>Die HERE sal jou vestig</u> as 'n heilige volk vir Hom . . .
– Deuteronomium 28:8–9a, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Wat beteken dit om finansieel gevestig te wees? God sê dit vir ons in vers 12b–13:

Jy sal aan baie nasies uitleen, maar jy sal self nie hoef te leen nie. Die HERE sal jou die kop maak, nie die stert nie.

God het gesê Hy gaan hulle so baie seën dat hulle uitleners sal wees, en nooit weer leners nie. Hulle sou die kop en nie die stert wees nie. Die stert het geen sê oor waar dit gaan nie; dit gaan net waar die kop dit heen lei.

Die ryke heers oor die arme; die lener is die slaaf van die man by wie hy leen.
– Spreuke 22:7, 1983-vertaling

Die lener is nie gevestig nie. Hulle is onder die mag van die uitlener, en werk as slaaf met geen vryheid nie. Maar God sê: "NEE! Ek gaan jou vestig! Niemand kan vir jou sê om jou huis te verlaat nie, wat dit sal betaal wees. Niemand kan jou motor terugneem nie, want dit sal klaar betaal wees. Jou kombuis sal vol kruideniersware wees, en jy sal op jou eie betaalde grond loop en jou Godgegewe opdrag in perfekte finansiële vrede uitleef. Jy sal gevestig wees!"

God wil hê jy moet voorspoedig wees!

HOOFSTUK 8

DIE KRAG VAN GETROUHEID

Wat jy nou gaan lees is 'n kragtige Koninkryk-beginsel, soveel so dat ek gevoel het dit moet die subtitel van hierdie boek wees. Ons vind dit in die verhaal en lewe van Josef, Abraham se agterkleinkind. Om jou 'n bietjie agtergrond te gee: Josef se broers het hom gehaat, hulle wou van hom ontslae raak. Hulle wou hom eintlik doodmaak, maar een van die broers wou nie so ver gaan nie; hulle het hom toe aan reisende handelaars verkoop wat hom na Egipte geneem het en waar hy aan Potifar, 'n kaptein in Farao se lyfwag, verkoop is.

Josef is na Egipte toe gebring. Potifar, 'n amptenaar van die farao en hoof van die lyfwag, 'n Egiptenaar van geboorte, het vir Josef by die Ismaeliete gekoop wat hom Egipte toe gevat het. Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly. Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas. Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat

die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld. Hy het alles aan Josef oorgelaat en hom aan niks gesteur nie, behalwe aan sy kos.
– Genesis 39:1–6, 1983-vertaling

Let op vers 2a: *"Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom."* Wat beteken dit? Is God nie by almal nie? In die konteks van wat ons in die vorige hoofstukke bespreek het oor die stamboom, is die antwoord nee. Onthou, Abraham se geloof en die verbond wat gevolg het, het God wetlike toegang slegs aan Abraham en sy nasate gegee. Daarom, as ons praat daaroor of God by almal is, moet dit nie verwar word met God wat almal liefhet nie; Hy doen. Maar vir dié wat nie 'n wetlike stand voor God het nie, is Sy hande afgekap.

. . . dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.
– Efesiërs 2:12–13, 1953-vertaling, klem bygevoeg

Let op: Hierdie verse praat daarvan om sonder verbond te wees, wat beteken God en Sy krag is wetlik van 'n persoon afgesny. Hoekom? Want God het nie die wetlikheid of jurisdiksie in die aardse ryk sonder 'n wetlike ooreenkoms, of verbond met 'n man of vrou op die aarde in plek nie. Hierdie verse bring dit na vore waar dit sê dat sonder 'n verbond, mense sonder hoop of sonder God in die wêreld is. Onthou, vandat Jesus 'n nuwe verbond vir ons in plek gestel het, is ons nou lede van God se eie huishouding en burgers van Sy groot Koninkryk (sien Efesiërs 2:19). As ons

nou terugkyk na ons Skrifgedeelte in Genesis 39, verstaan ons dat die frase *"Die Here was by Josef"* beteken dat God 'n wetlike invloed op Josef se lewe gehad het deur die verbond wat sy oupa Abraham in plek gestel het. Hierdie wetlike verbond, wat God se seëning en invloed toegelaat het, het die aardse ryk se pynlike-inspanning-en-sweet-stelsel ter syde gestel. Dit was vir God wettig om Josef te seën.

GOD HET NIE DIE WETLIKHEID OF JURISDIKSIE IN DIE AARDSE RYK SONDER 'N WETLIKE OOREENKOMS, OF VERBOND MET 'N MAN OF VROU OP DIE AARDE IN PLEK NIE.

Onthou wat God vroeër aan Abraham gesê het: *"Ek sal jou maak."* Omdat God by Josef was, hom gehelp het in die lewe, het hy sukses gehad in alles wat hy gedoen het, soveel so dat sy heidenmeester, Potifar, 'n groot verskil in Josef se vermoë gesien het in vergelyking met die baie ander mans wat hy gesien het. Ek moet hier noem dat wanneer ons met God se hulp voorspoedig is, die mense wat onder die aardse vervloekingstelsel van oorlewing lewe, die verskil sal sien! Potifar was so beïndruk dat hy Josef in beheer van sy hele huishouding geplaas het.

Daar word baie Koninkryk-beginsels in hierdie gedeelte van die Bybel bekend gemaak, maar die sleutel van sleutels word hier geopenbaar. Dit word "die krag van getrouheid" genoem, of jy kan dit "die Potifar-beginsel" noem. Dit word in Genesis 39:5 (1953-vertaling) gevind:

> *En vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het die HERE die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef; ja,* ***die seën van die HERE was by alles wat syne was, in die huis en op die veld****. (klem bygevoeg)*

Ek wil hê jy moet 'n duidelike prentjie kry van wat hier gebeur. Die een dag was Josef nie in beheer nie, en die volgende was hy. Die Bybel noem die spesifieke oomblik in tyd wanneer daardie verandering plaasvind. Die seëning van die Here het oor al Potifar se besittings, sy hele huishouding, gekom! Maar hy het nie die God van Josef geken nie en was nie deel van die nasie Israel nie. Hoe kon dit dan gebeur en wat beteken dit? Hier is die antwoord: Toe Potifar sy huishouding onder Josef se outoriteit geplaas het, het sy huishouding, sonder dat hy dit geweet het, onder die verbond gekom wat Josef met God gehad het.

Potifar se goed, sy huishouding en eiendom het van koninkryke verwissel!!

Jy sien, Potifar se eiendom was wetlik steeds aan die aardse vervloekingstelsel verbind, totdat dit onder Josef se toesig gekom het. Toe Potifar sy huishouding onder die jurisdiksie van Josef se outoriteit plaas, het hy nie besef hy plaas dit ook onder die invloed van die seëning van God nie. Die Bybel gaan voort om te sê dat met Josef in beheer, Potifar hom nie verder daaraan gesteur het nie, behalwe die kos wat hy geëet het. Hy het geen bekommernisse gehad nie! Met geen bekommernis nie, kon Potifar net fokus op sy opdrag en doel as kaptein in die Egiptiese lyfwag. Daar is baie om hier te sien, maar wat Potifar ervaar het sonder om daarvan te weet, was wat Hebreërs 4 die Sabbatsrus noem, en ja, dit is aan Nuwe Testamentiese gelowiges beskikbaar.

DIT WAS DIE SABBATDAG GENOEM, 'N PRENTJIE VAN DIE DAG WAAR DIE MENS NIE LANGER IN SY EIE PYNVOLLE INSPANNING EN SWEET HOEF TE WORSTEL NIE.

Wanneer jy die Sabbat bestudeer, sal jy vind dat God nie die Israeliete

toegelaat het om op daardie dag te werk nie; geen pynvolle inspanning of sweet het plaasgevind nie. Die Sabbat was die sewende dag van die week, en dit het met die sewende dag van die skepping ooreensgestem. Jy sal onthou dat dit die dag was wat God as rusdag verklaar het. Dit was nie omdat God moeg was nie, eerder omdat hy klaar was. Alles was volledig. Die sewende dag was die dag waarin die mens oorspronklik geskep is om in te leef, 'n dag sonder bekommernis, met alles wat hy nodig gehad het, reeds in plek nog voor hy dit nodig gehad het. Maar ons weet natuurlik dat Adam daardie rus verloor het toe hy teen God gerebelleer het. Sy rebellie het God se vermoë om vir hom te voorsien, afgesny. Daarom het hy daardie plek van voorsiening wat God vroeër gegee het, verloor. Adam is nou geforseer om vir homself te voorsien, om al sy tyd in sy eie pynlike inspanning en sweet te spandeer om net te kan oorleef.

Maar God het die mens nie sonder hoop gelaat nie. Hy het vir die mens 'n prentjie van daardie rus gegee wat hy eendag sou herstel. Dit is die Sabbatdag genoem, 'n prentjie van die dag waar die mens nie langer hoef te worstel in sy eie pynlike inspanning en sweet nie. Toe Potifar by die seëning van die Here inskakel wat Josef deur die verbond gedra het, het hy ingeskakel by God se vermoë om te voorsien deur Josef, en rus gevind. Alles was voorsien; hy het geen bekommernis gehad nie.

> *Hy het alles aan Josef oorgelaat en hom aan niks gesteur nie, behalwe aan sy kos.*
> – Genesis 39:6, 1983-vertaling

Om die betekenis van die Sabbatdag en wat God aan die mens gewys het, te verstaan, moet jy 'n eenvoudige vraag vra. Hoe was die Sabbatdag moontlik? Ek bedoel, onder die aardse vervloekingstelsel, moet die mens

elke dag hardloop om te kan oorleef. As dit waar is, hoekom moet die mens dan nie op die Sabbatdag hardloop nie? Hoe is daar op die Sabbat aan hom voorsien dat hy nie hoef te werk nie? Dit is 'n goeie vraag en een wat geantwoord moet word, en hierdie antwoord vind ons die hele openbaring van die "seëning van die Here" waarin Josef gewandel het.

Ek dink 'n wonderlike illustrasie van hierdie beginsel word in Levitikus 25 gevind waar God die Jubeljaar aan Israel verduidelik. Vir 'n bietjie agtergrond: die Jubeljaar het elke 50 jaar plaasgevind, en daar is baie betekenis in hierdie jaar waarop ek nie nou sal ingaan nie. Maar die deel wat ek wil hê jy moet verstaan, is dat hulle nie in daardie jaar hulle gewasse kon saai nie. Om die waarheid te sê, hulle kon ook nie hulle gewasse in die 49ste jaar saai nie, want dit was 'n Sabbatsjaar. Ek wil hê jy moet 'n duidelike prentjie kry wat hier aangaan: Israel is aangesê dat hulle nie in die 49ste en 50ste jaar kon saai nie. Hulle sou moes wag tot die einde van die 51ste jaar voor hulle kon oes. God het dus basies aan hulle gesê hulle sou vir drie jaar nie 'n oes hê nie. As ek vir jou sou sê jy gaan nie vir drie jaar 'n salaris kry nie, sal jy effens bekommerd wees. Wel, Israel was bekommerd. Dit is nie moontlik in die natuurlike nie. Maar God wou hulle iets wys.

> *"Julle kan miskien vra: 'Wat sal ons gedurende die sewende jaar eet, aangesien ons in daardie jaar niks mag plant of oes nie?' Die antwoord is: 'Ek sal my seën oor julle gebied stuur in die sesde jaar sodat die land 'n baie goeie oes oplewer, genoeg om julle vir drie jaar lank te onderhou. Wanneer julle weer saad plant in die agtste jaar, sal julle nog steeds van die opbrengs van die vorige jaar eet. Julle sal nog steeds van die ou oes kan eet totdat die nuwe oes eers in die negende jaar kom.'"*
>
> – Levitikus 25:20–22, NLV

Die Sabbat is slegs moontlik gemaak omdat God die sesde dag met ’n dubbele porsie geseën het, of die meer as genoeg. Laat dit vir ’n oomblik in jou gedagtes rondmaal. Is dit nie waarna die mens verlang nie, die meer as genoeg? Toe God ’n dubbele porsie aan die mens op die sesde dag gegee het, het Hy die mens herinner dat Hy hulle voorsiener was, en Hy voorsien altyd meer as genoeg. Kom ons wees eerlik; meer as genoeg verskaf vryheid van die dolle gejaag. Dit neem ons van slawerny na meer opsies. Belangrikste, dit bevry ons om in ons doel en passie voorspoedig te wees. Dit is wat Potifar gehad het. Geen bekommernisse nie. Daar is aan elke behoefte voorsien. Hy moes net op sy doel fokus. Weereens, soos ek en Drenda sê: “Tot jy die geld-ding regmaak, sal jy nooit jou doel vind nie.” Maar daar is goeie nuus! Die Sabbatsrus is steeds vandag beskikbaar, en dit bied ’n plek waar ons behoeftes vervul word en ons kan verby oorlewing voorspoedig wees.

> *Daar bly dus steeds ’n sabbatsrus oor vir die volk van God.*
> *Want wie in sy rus ingegaan het, het self ook gerus van sy werke*
> *(sy pynvolle-inspanning-en-sweetstelsel) – soos God van syne.*
> – Hebreërs 4:9–10, 2020-vertaling, klem bygevoeg

Die Koninkryk van God het die aardse ryk se wet van pynvolle inspanning en sweet vir Potifar vervang, en dit sal vir jou dieselfde doen. Soos wat ons leer hoe om by die Koninkryk van God in te skakel, kan ons voorspoedig wees en ons doel vind. Die lewe kan prettig, vol passie en vreugde wees. Regtig!

Die seën van die Here – dit maak ryk,
en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie.
– Spreuke 10:22, 1953-vertaling

Die seën van die Here bring rykdom, en God voeg geen arbeid daarby nie! Ons kan bo die pynvolle-inspanning-en-sweet-stelsel van Genesis 3:17 leef. Ek het vir jare onder die ou stelsel van oorlewing geleef, tot ek geleer het hoe die Koninkryk van God funksioneer. Jy kan dit ook aanleer. God is by jou! Hy kan jou help! Jy kan voorspoedig wees. Nee, kom ek stel dit anders: Jy moet voorspoedig wees. Die Potifars van hierdie wêreld, dié wat God nie ken nie en gebuk gaan onder die vloek van hopeloosheid, harde arbeid, probeer oorleef, hou jou dop. Hulle word nie beïndruk deur jou godsdiens, kerkgeboue of Bybelverse nie, want hulle kan nie verby jou tekort aan antwoorde sien nie. Jy kan nie verwag mense moet luister hoe jy hulle vertel hoe groot God is en terselfdertyd leef jy in dieselfde finansiële stres, tekort en oorlewing as hulle nie. Nee, jy moet demonstreer hoe die Koninkryk lyk, net soos Josef gedoen het. Ek bedoel nie om hard te wees nie, maar mense is nie dom nie. Hulle soek na antwoorde.

Ek het vir baie jare nie 'n invloed gehad nie. Niemand het my gevra om op TV te verskyn nie; ek het nie 'n groot kerk gelei nie. Hoekom nie? Want ek het niks gehad om te sê nie, geen oplossings, antwoorde of getuienis dat God lewe en by my is nie. Ek het geld by familie geleen net om te oorleef. My kar, huis en lewe het uitmekaargeval. Hoekom

HOU OP OM JOU MET AL DIE TWYFEL EN ONGELOOF OM JOU TE VEREENSELWIG. VERANDER JOU GETROUHEID EN GENIET GOD SE KONINKRYK!

sou enigiemand wou luister hoe groot my God is? Ja, ek was op pad hemel toe, en die hemel is wonderlik, maar mense sal nie luister hoe wonderlik die hemel is tensy jy die hemel hier in die aardse ryk aan hulle demonstreer nie. Luister, al wat ek sê is: As God God is, en Sy Woord is waar, dan moet dit werk. Ons lewens moet anders lyk en wees! Ons moet hierdie generasie met die waarheid van die Koninkryk bereik. Die Potifars hou ons dop.

Waarom het ek hierdie boek die subtitel *Die krag van getrouheid* gegee? Dit is omdat Potifar by die Koninkryk van God ingeskakel het en die Sabbatsrus geniet het waar pynlike inspanning en sweet nie 'n manier van lewe is nie, waar daar geen vrees is nie en vrede heers. Dit is waar oorlewing met doel en passie vervang word, waar armoede deur voorsiening ingesluk word. Hoe het hy dit gedoen? Hy het sy probleme en bekommernisse onder die jurisdiksie van die Koninkryk van God gebring. Hy het basies, sonder dat hy dit besef het, homself **in lyn met die Koninkryk van God gebring**. Hy het in ooreenstemming met en onder die jurisdiksie van die Koninkryk van God gekom. Potifar was slim genoeg om sy sake onder Josef se sorg te bring, want hy het antwoorde gesien. Jy kan dit ook doen; net soos ek en Drenda het. Dit is hoe die bok, die geld, die motors en die huis wat ons nodig gehad het, opgedaag het. Kom ek gee jou dus 'n voorstel. As jy alles wat God vir jou het, wil geniet, verander jou getrouheid. Hou op om jouself met al die twyfel en ongeloof rondom jou te vereenselwig. Verander jou getrouheid en geniet die Koninkryk van God!

HOOFSTUK 9

GEE VIR HULLE KOS!

Toe ek Don die eerste keer ontmoet het, het hy baie ontmoedig en in skuld na my kantoor toe gekom. Op daardie tydstip het dit gelyk of niks in sy lewe reg loop nie. Toe ek met hom praat, was hy ongeveer drie tot vier maande agterstallig met sy huur, en ook omtrent elke ander rekening wat hy gehad het. Daar was huweliksprobleme – sy vrou was moeg vir hulle finansiële posisie en het respek vir Don verloor, want hy kon nie vir haar en hulle vyf kinders voorsien nie. Die feit was, Don het respek vir homself verloor. En hy het baie vrae gehad.

Sy werk het behels dat hy gesondheidsversekering in die staat Ohio verkoop het, maar sy tekort aan sukses was besig om hom op 'n rampspoedige finansiële pad te lei.

Ten spyte van alles wat teen Don was, het ek potensiaal in hom gesien. Hy was gewillig om te leer en om te werk. Hierdie kragtige kombinasie het my nuuskierig genoeg gemaak om hom aan te stel en in die welvaart van sy toekoms te belê. Op die ou end was dit 'n belegging wat groot dividende vir albei van ons opgelewer het.

My jong maatskappy het pas 'n reis na Hawaii van een van ons verskaffers gewen en ek het gevoel dit sou 'n wonderlike geleentheid wees om Don van die Koninkryk van God te vertel. Alhoewel Don 'n Christen was, het hy nie dieselfde begrip as ek gehad nie. En alhoewel

ek 'n paar keer probeer het om God se beginsels met hom te deel, het dit gelyk of hy my nie glo nie.

Ek het aanhou soek na 'n manier om Don se aandag te trek sodat hy kan besef dat hy ook sukses kon behaal as hy leer hoe God se Koninkryk werk. Maar Don was so ontmoedig dat hy gesukkel het om in homself te glo en te glo dat verandering regtig kan plaasvind. Ek het geweet hierdie reis na Hawaii was my kans.

In die weke vóór ons vertrek het ons gepraat oor wat ons daar sou sien en doen. Don het een baie groot begeerte gehad. Hy wou 'n blou marlyn in die pragtige waters van die Stille Oseaan vang. "Hawaii is die blou marlyn-hoofstad van die wêreld," het Don my opgewonde vertel. "Ek wou nog altyd 'n blou marlyn vang; dit is my droom." Ek het vir die eerste keer in weke 'n glans in Don se oë gesien. Hier was iets wat hom opgewonde gemaak het, en ek het geweet hierdie opgewondenheid sou 'n deur na 'n kragtige les oopmaak.

"Don," het ek gesê, "het jy geweet dit is moontlik om te weet, nie te hoop nie, maar te wéét dat jy 'n blou marlyn in Hawaii kan vang deur by die Koninkryk van God in te skakel?" Verward maar nuuskierig, wou Don meer weet, en ek het voortgegaan met my verduideliking. Ek het Markus 11:24 aangehaal, wat sê: *"Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."* Dit was vir Don amper te goed om waar te wees. Ek het tyd spandeer hom hom te help om die Koninkryk te verstaan en hoe om sy geloof vry te stel. En daarom, vóór ons vertrek, het hy en sy vrou gesaai soos ek vir my bok gesaai het, in ooreenstemming gebid en geglo dat hulle die marlyn ontvang het.

Don het intussen alles gedoen wat hy geweet het om sy deel van die oes te kan ontvang. Hy het navorsing gedoen oor beskikbare bote en pryse en uiteindelik by 'n kaptein bespreek waaroor hy goed gevoel

het. Alles was in plek, en ons was opgewonde om na die blou water van Hawaii te gaan.

Die dag het aangebreek en toe ons by die boot opklim, het ons die kaptein vertel dat dit die dag was wat ons 'n blou marlyn sou vang. Maar alhoewel hy wou hê ons moet 'n goeie dag hê om ander vis te vang, het hy ons verseker die kanse was skraal dat ons daardie dag 'n blou marlyn sou vang. Met twee bote wat elke dag op gehuurde toere vir die laaste vier maande uitgegaan het, het sy bemanning net een blou marlyn ingebring. Dit was hoofsaaklik omdat dit nog nie marlyn-seisoen was nie, wat marlyn was trekvis. Maar ons het geweier om ontmoedig te wees, en het hom respekvol gesê dat ons een sou ontvang en ons het voortgegaan om ons visgerei gereed te kry.

"DAAROM SÊ EK VIR JULLE: ALLES WAT JULLE IN DIE GEBED VRA, GLO DAT JULLE DIT SAL ONTVANG, EN JULLE SAL DIT VERKRY."
– MARKUS 11:24, 1953-VERTALING

Ná ses ure van hengel, het ons nog nie 'n enkele byt gehad nie, en ek het begin bekommerd raak dat die tekort aan aksie Don se geloof sou verswak. Ek het 'n vraag aan hom uitgeroep: "Don," het ek geskree van die brug bokant hom, "wanneer het jy daardie blou marlyn ontvang, wanneer dit opdaag of toe ons gebid het?" Don het versekerd geantwoord: "Gary, dit is eenvoudig. Ek het dit ontvang toe ek gebid het." Ek was opgewonde en seker toe ek sy antwoord hoor. Dit was toe dat ek geweet het Don het my instruksie ernstig opgeneem en hy was gedetermineerd om daardie marlyn te ontvang.

Don se katrol het minute later begin sing toe dit seewaarts buig, en die bemanning het geskree: "Vis aan!"

"Moenie te opgewonde raak nie," het die kaptein gewaarsku. "Dit

is vir seker 'n groot vis, maar dit is nie 'n blou marlyn nie. Marlyne kom na die oppervlak en maak baie spronge in die lug. Hierdie vis bly diep." Die minute het aangetik soos Don met die vis, wat nog na die oppervlak moes kom om gesien te word, geworstel het. So moeg soos Don was, was die vis moeër en het gou die geveg opgegee. Ek en Don was nie verras toe hy daardie groot, pragtige blou marlyn ingekatrol het nie, maar almal anders op die boot was verstom.

NET SOOS DIE WIND NIE GESIEN KAN WORD NIE MAAR 'N SIGBARE UITWERKING OP DIE NATUURLIKE RYK HET, SO IS DIE KONINKRYK VAN GOD WERKLIK EN HET 'N UITWERKING IN DIE NATUURLIKE RYK.

Die foto van Don en sy vis hang tot vandag in my kantoor as getuienis aan ander. Dit is vir my 'n konstante herinnering aan die realiteit van die Koninkryk. Aan die buitekant was dit net 'n vis. Maar vir Don het die marlyn soveel meer betekenis. As die Koninkryk vir die marlyn gewerk het, sou dit sekerlik vir alles anders wat hy in die lewe nodig gehad het, werk. Vir Don was dit net die begin – die besef van watter impak die Koninkryk van God op sy lewe kon hê.

Gaan 'n paar duisend jaar terug en jy sal van 'n man met die naam Nikodemus leer. Hy het Jesus spesifiek oor die Koninkryk van God uitgevra. Die Here se antwoord is in Johannes 3 opgeteken: *"Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is."* (v. 8). Daardie pragtige dag op die boot saam met Don is 'n so 'n goeie voorbeeld hiervan as wat dit ooit sal wees.

Nie ek of Don kon die Koninkryk van God sien nie, maar ons het

beslis daardie dag die uitwerking daarvan op die groot marlyn gesien en gevoel. Net soos die wind nie gesien kan word nie maar 'n sigbare uitwerking op die natuurlike ryk het, so is die Koninkryk van God werklik en het 'n uitwerking in die natuurlike ryk. Wanneer ons die wette wat die Koninkryk van God beheer, aanleer, bewerkstellig ons net soos Don daardie dag verandering in ons lewens.

Oukei, hier is die vraag. Hoe het daardie marlyn opgedaag? Daar is 'n antwoord op daardie vraag. Jy kan nie net sê God het dit gedoen nie. Nee, ons moet weet hoe ons geweet het die vis sou opdaag. Jy moet dit regtig weet, want daar kom dalk 'n dag wat jy 'n blou marlyn, of 'n blou kar of net kruideniersware nodig het. Die feit is dat die storie nie net oor visvang gaan nie, net soos my jagstories nie net oor die bokke gaan nie. Die verhaal gee ons die insig oor die Koninkryk en hoe dit funksioneer. Daar was 'n rede dat die marlyn opgedaag het! Jesus het baie tyd geneem om sy dissipels te leer hoe die Koninkryk werk, maar het nie net daaroor gepraat nie, Hy het dit gedemonstreer.

Gee asseblief aandag. Die Koninkryk werk nie net soos die aardse ryk waarin jy grootgeword het nie. Jy sal dit nie regtig ten volle met jou gedagtes kan begryp nie. Dit funksioneer wel op die basis van wette, net ander wette as was ons hier op aarde aan gewoond is. Maar ons kan daardie wette leer. Jesus het baie tyd spandeer om hierdie wette ooral waar Hy heengegaan het, te demonstreer en te leer. Een van my gunstelingstories is waar Jesus die Koninkryk demonstreer, het in Markus 6 gebeur. Dit is die bekende verhaal waar Jesus 5 000 mans met vyf broodjies en twee visse gevoer het. Alhoewel ek die storie al 'n miljoen keer gehoor het in die kerk, het niemand my vertel hoe Jesus dit gedoen het nie.

Toe dit alreeds laatmiddag begin word, kom sê sy dissipels vir Jesus: "Dis 'n verlate plek hierdie en kyk hoe laat is dit al. Stuur die mense weg sodat hulle op die omliggende plase en in die dorpies iets kan gaan koop om te eet." Hierop antwoord Jesus: "Gee julle vir hulle kos." Hulle sê toe vir Hom: "Dit sal 'n yslike bedrag kos om brood te gaan koop om vir hulle te ete te gee!" Hy sê toe vir hulle: "Hoeveel brood het julle? Gaan vind uit." Toe hulle dit vasgestel het, sê hulle: "Vyf brode en twee visse." Daarna sê Jesus vir die mense om groepe te vorm en op die groen gras te gaan sit. Hulle het toe in groepe van 100 en 50 gaan sit. Jesus het die vyf brode en die twee visse gevat, na die hemel toe opgekyk en God gevra om die kos te seën. Toe breek Hy die brood en gee dit vir sy dissipels om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder almal verdeel. Hulle het almal geëet totdat hulle genoeg gehad het. Later het hulle twaalf mandjies vol oorskietbrood en -vis opgetel. 'n Volle 5 000 mans het van daardie vyf brode geëet!
– Markus 6:35–44, NLV

"Jesus, ons het 'n probleem. Die mense is honger en tensy hulle nou gaan, sal hulle nie voor baie laat by die huis kom nie; ons is bekommerd." Wat sê Jesus vir hulle? "O, genade, julle is reg. Ek het skoon van die tyd vergeet; kom ons maak die byeenkoms dadelik klaar." Nee, Hy sê: *"Gee julle vir hulle kos."* Wat? Die Bybel sê daar was 5 000 mans daar, maar saam met die vrouens en kinders kon daar maklik 20 000 mense daar gewees het. Om soveel mense te voer, selfs al het jy die hulpbronne gehad, sou 'n groot taak wees, amper onmoontlik. Ek is seker die dissipel kon nie glo wat Jesus sê nie. Hulle reaksie op Sy oplossing gee ons duidelike insig in die tipiese ingesteldheid van die aardse ryk.

"Maar Jesus, dit sal 'n yslike bedrag wees! Moet ons soveel aan brood gaan spandeer?" Let eerstens op hoe hulle hul probleem met 'n tekort aan voorsiening dadelik in die aardse vervloekingstelsel van ekonomie, pynlike inspanning en sweet, omskakel.

Ek het eendag gebid en God het vir my gesê ek het 'n wêreldse ingesteldheid. Ek was verward; wat het dit beteken? Het ek 'n probleem met wellus gehad? Nee, Hy het na my denke verwys en hoe ek dit beperk het, want die aardse vervloekingstelsel se manier van dink het my toekoms gefilter met die hoe-vinnig-kan-ek-hardloop-ingesteldheid. Ons almal doen dit. As ons 'n nuwe huis nodig het, vind ons uit hoeveel dit kos, en bereken dan dadelik of ons dit kan bekostig. Hoe bereken ons dit? Deur die aardse vervloeking-begrip van hoe vinnig ons kan hardloop. Kom ons kyk, ek maak $15 'n uur vermenigvuldig met 40 uur per week, is gelyk aan . . . "Sjoe, daar is nie 'n manier wat ek daardie huis kan bekostig nie." Jy maak dit af as onmoontlik en laat gaan die idee. As ons elke idee deur die hoe-vinnig-kan-ek-hardloop-filter suiwer, sal ons NOOIT kan inskakel op die Koninkryk se manier van lewe nie, want God is nie aan daardie stelsel verbind nie. God het vir my gesê dat indien ek by die Koninkryk wil inskakel, moet ek Koninkryk-gedagtes begin dink – alle dinge is moontlik!

Dit is waar die dissipels was toe hulle gesê het: "Dit sal 'n yslike bedrag kos." Hulle het basies gesê dat dit onmoontlik was om soveel mense te voer.

Kom ek illustreer hoe Jesus se "Gee julle vir hulle kos" vir hulle geklink het. Stel jou voor ek is jou pastor, en jy het in die moeilikheid gekom en agter geraak op jou verband. Jy is drie maande agterstallig en in die proses om jou huis te verloor. Jy kom na my toe en vra of die kerk jou kan help om die betalings in te kan haal. Ek sê dan baie kalm

vir jou: "Ek het 'n beter idee. Hoekom betaal jy die verband nie klaar nie, dan sal jy nie nodig hê om enige verder betalings te doen nie?" Jy sal na my kyk met 'n "hy verstaan nie wat ek sê nie"-kyk. "Nee, pastor, jy verstaan verkeerd. Ek het nie die geld nie; dit is hoekom ek na jou toe gekom het. Ons het nodig dat die kerk ons uithelp om die agterstallige bedrag in te haal." Weer kyk ek baie kalm na jou en sê: "Nee, ek verstaan wat jy sê, en ek het vir jou 'n wonderlike oplossing gegee. Jy moet die verband klaar betaal, en dan sal jy nie verdere paaiemente hê nie." En jy sal dink ek het my varkies verloor.

Wel, dit is hoe die dissipels moes gevoel het. "Jesus, jy is tog nie ernstig dat ons hierdie 20 000 mense moet voer nie, is jy? Dit is nie moontlik nie. Ons het nie die hulpbronne om dit te doen nie. En as ons eers 'n plan moet uitdink om hard genoeg te gaan werk om daardie geld te kry, die waens en komittees moet organiseer om die brood te gaan haal, sal die mense dood wees teen die tyd wat ons terugkom. En selfs al het ons die geld gehad, het ons nie die tyd om dit te kan doen nie." Dit is hoe ons reageer om die onmoontlike ding in die natuurlike wanneer ons geen manier kan sien oor hoe dit sal gebeur nie. Wanneer ons nie die voorsiening het nie, sterf ons visie.

Jesus het nie die dissipels in daardie situasie gelos met geen antwoorde nie, en Hy sou nie vir hulle gesê het om die mense te voer as daar nie 'n manier was om dit te doen nie. Hy was op die punt om hulle die ander stelsel te wys – die Koninkryk in beweging. Met die dissipels wat nou verward is, neem Jesus beheer.

"Hoeveel brood het julle? Gaan vind uit." Toe hulle dit vasgestel het, sê hulle: "Vyf brode en twee visse." Toe die vyf brode en twee visse gevind is, vra Jesus hulle om dit vir Hom te bring. Hy neem die brood en vis, seën dit en gee dit vir hulle terug. Vir die natuurlike oog het niks verander

nie, maar in die geestelike ryk het iets baie belangrik gebeur, iets wat die sleutel tot ons begrip van die Koninkryk is. Jesus gee die dissipels opdrag om die brood en vis uit te deel, en hulle kyk in verwondering toe hoe die kos voor hul oë vermenigvuldig en al 20 000 mense voer totdat hulle genoeg gehad het. Wat het gebeur? Hoe het dit gebeur?

Om dit vas te stel, moet ons 'n bietjie teruggaan en die detail van die hierdie byeenkoms noukeurig bestudeer. Die woord "seën" beteken letterlik om te skei of heilig. Daarom kan ons sê dat toe Jesus oor die kos gebid en dit geseën het, die brood en vis van een koninkryk na 'n ander een geskei is. In die aardse ryk is dit nie moontlik om 20 000 mense met vyf brode en twee visse te voer nie. Maar in God se Koninkryk is alle dinge moontlik. Om die waarheid te sê eindig die storie nie daar nie. Vóór dit verby was, het die dissipels 12 mandjies met stukke wat oorgebly het, opgetel. Vyf brode en twee visse het gaan van nie genoeg nie, na 20 000 mense wat gevoer word, en dan meer oor te hê as waarmee jy begin het? Dit is die Koninkryk-manier – meer as genoeg!

As geestelike wetenskaplike, wanneer ek noukeurig na 'n storie kyk, sien ek dieselfde formule wat God my gegee het met die bokke. God het my deur die bokkejag geleer om eers 'n porsie van wat ek benodig in die Koninkryk van God te saai. Dit is wat die seun met die brood en vis gedoen het. Hy het dit onder die outoriteit van die Koninkryk van God geplaas en dit het vermenigvuldig. Dit het 20 000 mense gevoed en 12 mandjies het oorgebly. Let op dat die brood vermenigvuldig het na brood en die vis na vis. Dit is hoe dit werk. Ek kan vis in die koninkryk in saai en dit kan vermenigvuldig na vis. Maar wat as ek vis nodig het

GOD HET MY GELEER OM EERS 'N PORSIE VAN WAT EK BENODIG IN DIE KONINKRYK VAN GOD TE SAAI.

en geen vis het om te saai nie? Die antwoord – geld! Onthou, geld is 'n ruilstelsel. Ek en jy "noem" elke dag geld. Ons noem dit melk, huis, klere, brood en enigiets wat ons elke dag nodig het. Geld word enigiets wat ons nodig het. Dit is so wanneer ons saai; ons kan geld benoem. In plaas daarvan om winkel toe te gaan en vis te koop sodat ons vis kan saai, kan ons geld benoem. Dit kan ook in jou gawe gebeur, maar nie jou tiende nie, omdat God dit reeds benoem het. Ons sien dieselfde wet van vermenigvuldiging werk in Lukas 5.

> *En toe die skare by Hom aandring om die woord van God te hoor, gaan Hy by die meer Gennésaret staan en sien twee skuite aan die kant van die meer lê; maar die vissers het van hulle af weggegaan en was besig om die nette uit te spoel. Toe klim Hy in een van die skuite wat aan Simon behoort het, en vra hom om 'n entjie van die land af weg te vaar, en Hy het gaan sit en die skare van die skuit uit geleer. En toe Hy ophou met spreek, sê Hy vir Simon: Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak om te vang. En Simon antwoord en sê vir Hom: Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie; maar op u woord sal ek die net laat sak. En toe hulle dit gedoen het, het hulle 'n groot menigte visse ingesluit; en hulle net wou skeur.*
>
> – Lukas 5:1–6, 1953-vertaling

Kom ons kyk noukeurig na hierdie verhaal as geestelike wetenskaplikes. Hoe het die vis opgedaag? Kan jy dit sien? Jesus loop langs die kus en sien 'n boot vanwaar hy die skare wil leer. Hy vra vir Petrus, die eienaar van die boot, of hy dit kan gebruik en Petrus sê: "Seker." Hulle het tog die boot klaar gebruik; hulle het heelnag visgevang en niks gevang nie. Ná Jesus die boot gebruik het, sê Hy vir Petrus om weer uit te gaan

en in die diep water die nette uit te gooi. Ek is seker hierdie versoek het Petrus onkant gevang, want hy sê: "Jesus ons het heelnag hard gewerk en niks gevang nie." Petrus was 'n professionele visserman en het geweet hoe om vis te vang. Volgens sy ervaring was daar nie vis nie. In die natuurlike het dit geen sin gemaak om terug te gaan nie. Hulle het reeds hulle gereedskap gebêre en klaar die nette skoongemaak.

Ek glo nie Petrus sou dit gedoen het as hy nie pas 'n uurlange preek van Jesus gehoor het wat hom aangeraak het soos hy nog nooit tevore aangeraak is nie. Daarom sê hy: ". . . maar op u woord sal ek die net laat sak." Petrus het weer uitgegaan en so baie vis gevang dat die nette amper gebreek het en sy boot amper gesink het. Hy het desperaat na sy vennote op die land uitgeroep, hulle het uitgekom en hulle nette het ook amper gebreek en hulle bote amper gesink. Die Bybel teken Petrus se reaksie aan; hy was verbaas!

Hoe het dit gebeur? Was daar enige leidrade? Kan ons weet? 'n Kort opsomming is dat dit die krag van getrouheid waarvan ons vroeër gepraat het, is. Toe Petrus Jesus toegelaat het om die boot te gebruik, het die boot en besigheid koninkryke geruil. Die besigheid het onder die aardse vervloekingstelsel se jurisdiksie uit gekom en onder die jurisdiksie van die Koninkryk van God gekom. Toe dit onder die Koninkryk van God se jurisdiksie was, het God die wetlikheid gehad om 'n woord van kennis af te laai, en aan Jesus die presiese plek van die vis gegee; "na die diep water".

Kom ons ontleed hierdie gebeurtenis. Jesus leen die boot by Petrus wat pas teruggekom het van 'n nag van visvang met geen resultate nie. In hierdie ruiltransaksie kom die boot onder die jurisdiksie van die Koninkryk van God. Jesus het nou deur die Heilige Gees kennis van die presiese plek waar die visse is. Jesus wys dan vir Petrus waar die visse

is. Petrus se boot sink amper van die groot hoeveelheid vis. Sy vennote se boot sink ook amper as gevolg van die groot vangs. Hoe is die visse gevang? In eenvoudige terme, deur 'n direkte opdrag uit die hemel uit. Kom ons wees eerlik, enigiemand kan vis vang as hulle weet waar die vis is. Dink oor dit wat ons pas gesê het. God weet alles; Hy kan jou help en sê wat om te doen.

Toe ek en Drenda sonder geld was en oor die Koninkryk begin leer het, het God my in die nag 'n droom gegee om 'n besigheid te begin wat ek nie geweet het hoe om te begin nie. Die besigheid bestaan steeds, 28 jaar later, en verdien honderde duisende dollar netto inkomste elke jaar. In daardie 28 jaar het dit my toegelaat om miljoene in die bediening te saai en om mense te help. Hoe? Ek het van die hemel gehoor, en jy kan ook! Kom ek gee 'n voorbeeld.

Ek het 'n paar jaar terug 'n vyfdag-konferensie oor die Koninkryk van God gehou. Ná die tweede aand, het 'n man met die naam Chris na my gekom en gevra dat ek vir hom bid. Ek het hom gevra waarvoor ek moes bid. Hy het vir my sy storie vertel. Hy was in besigheid met iemand wat geld uit die besigheid uit verduister het, wat veroorsaak het dat die besigheid ondergegaan het. Hy was in sy vierde huwelik, dit het nie goed gegaan nie, en hy was maar 40 jaar oud. Hy het gesê hy is so depressief dat hy 'n pistool geneem het en vir 'n rukkie rondgery het. Hy het by 'n verlate petrolstasie gestop met die idee om homself te skiet.

Dit was ongeveer 03:00 in die oggend, en terwyl hy daar met die gelaaide pistool gesit het, het sy selfoon gelui. Hy het dadelik die nommer herken. Dit was sy vorige vennoot. Hy wou definitief nie met hom praat nie, en het nie geantwoord nie. Dit het weer gelui, en weer, en weer, uiteindelik 11 keer voor Chris besluit het om dit te antwoord.

Die eerste woorde uit sy vorige vennoot se mond was: "Waar is jy en wat doen jy?" Toe Chris hom vertel, het sy vorige vennoot gesê: "Bly net daar; ek is nou daar!" Die vennoot het blykbaar pas sy lewe vir God gegee en wou dit met Chris deel. Hy het wonderbaarlik 'n sterk gevoel gehad om 03:00 na Chris uit te reik, en toe Chris nie antwoord nie, het hy aanhou probeer.

Toe Chris se vennoot opdaag, het hy Chris na die Here gelei, en Chris se lewe het drasties verander. Alles het begin beter raak. Hy het 'n goeie kerk gevind, sy huwelik het begin regkom. Alles het beter geraak, behalwe sy inkomste. Chris het nie 'n werk gehad nie, en dit is wat hy wou gehad het ek voor moes bid. In hierdie konferensie het ek presies dit wat in hierdie boek is, vir die mense geleer – hoe die Koninkryk wonderlike goed ver bo ons vermoë kan doen.

Terwyl Chris nagedink het oor hoe die Heilige Gees ons kan help en lei met idees, het hy skielik 'n idee gekry. Hy het regtig nie veel finansiële opsies gehad nie. Maar hy kon 'n baie lekker kaaskoek maak. Sy spesialiteit was 'n gesondheidskaaskoek, wat hy geweet het die lekkerste was wat hy ooit geëet het. Om die waarheid te sê, Chris was bekend as die een wat die beste kaaskoek gemaak het. Hy was al verskeie kere by die plaaslike gesondheidswinkel, en hy het party van hulle gebak probeer, maar dit was asof dit alles iets gekort het. Chris het nie veel opsies gehad nie, maar het gevoel dit was een opsie wat hy wel gehad het – om kaaskoek te verkoop. Hy was seker dat indien hy een van sy kaaskoeke na hierdie gesondheidswinkel sou neem, hulle dit sou wou verkoop. Hy het 'n kaaskoek geneem en dit onaangekondig na die gesondheidswinkel geneem. In unieke tydsberekening was die HUB van die kettingwinkelgroep juis daar toe Chris daar aankom. Die HUB het ingestem om die kaaskoek te proe, en sou hom laat weet.

Chris het daardie aand ná ons byeenkoms vorentoe gekom om met my te praat. Hy het vir my gesê wat hy gedoen het en gevra dat ek saam met hom bid oor die kontrak met hierdie gesondheidswinkel. Wel, Chris was die volgende dag weer daar, en was hy nou opgewonde! Hy het vir my vertel die HUB het hom gevra om nie net vir die een winkel kaaskoeke te bak nie, maar vir al die winkels in die hele kettingroep. Hy het ook vir hom gevra wat anders hy kon bak. Chris was geskok! Nog wonderliker, die HUB het die laaste aand van die konferensie gekom, waar hy sy hart vir die Here gegee het en in die Heilige Gees gedoop is. Ek het twee weke later 'n brief van hom ontvang waarin hy sê dat hy in die Koninkryk van God wou saai. Hy het tien persent van sy voorraad in die maatskappy aan ons bediening, Faith Life Now, gegee. Verstommend! God kan 'n idee neem en iets groot uit niks uit maak!

HOOFSTUK 10

INSAMELING, NIE SWEET NIE!

Het jy al ooit 'n perd in die somer gesien ná n lang perdrit? Hulle is oortrek van die sweet; 'n soort skuim bedek hulle. Jy kan sien hulle het hard gewerk. Ek kry hierdie vraag die heeltyd: "Gary, sê jy ek moenie werk nie?" Nee, dit is nie wat ek sê nie, en ook nie wat God se Woord sê nie. Maar daar is 'n groot verskil in hoe jy werk. Neem byvoorbeeld die verhaal van Petrus en sy vennote wat twee bote vol vis gevang het, so baie dat die bote amper gesink het. Hulle het heelnag gewerk om vis te vang, sonder sukses. Dan kom Jesus en wys vir hulle waar die vis is deur middel van 'n woord van kennis. Op daardie punt het hulle ook gewerk, maar dit was 'n heel ander soort werk. Hulle het vir seker gewerk tot hulle daardie vis ingekatrol het. Maar het hulle visgevang?

Ek weet ek speel hier met woorde. Ek het jou reeds vertel dat wanneer ek gaan jag, ek my bok binne sowat 40 minute kry. Het ek gejag? Met ander woorde, as jy weet waar die vis is, het jy visgevang? As ek weet ek gaan die bok kry, is dit jag? Het Petrus visgevang? Ek sê dit alles sodat jy die verskil kan sien. Ja, ek werk, maar ek werk nie heelnag en vang niks nie. Deur te kry wat ek in die lewe nodig het, kan ek dan in die Koninkryk werk vir my Vader se besigheid en my doel.

Ek sal dit insameling noem!

Toe Petrus in Matteus 17:27b (1983-vertaling) na Jesus gekom het en Hom gevra het hoe om hulle belasting te betaal, het Jesus die volgende gesê:

> *"Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou."*

Jesus het nie gesê: "Oukei, Petrus, ons moet belasting betaal nie. Ek sê jou wat, gaan vir so drie maande stad toe, kry 'n werk, maak geld en kom dan terug na die span toe wanneer jy die geld gemaak het om jou belasting te betaal." Nee, Jesus het dit nie gesê nie. Hoekom nie? Want Petrus sou sy opdrag moes verlaat en agter die geld aanhardloop indien hy na die aardse vervloekingstelsel toe sou terugkeer. In plaas daarvan wys Jesus ons hoe die Koninkryk werk en hoe ons moet funksioneer terwyl ons hier in die aardse ryk is. Petrus se antwoord is ook jou antwoord. Jesus het vir Petrus gesê waar die voorsiening was, die metode gegee hoe om dit te oes, en presies waarvoor hy moes kyk. Al wat Petrus moes doen, is om dit in te samel.

As ons na Jesus met Sy dissipels kyk, was hulle gewoonlik geskok en verstom wanneer hulle sien hoe die Koninkryk funksioneer. Toe Jesus die vyeboom met Sy woorde in Markus 11 doodmaak, was Petrus verstom. Toe Lasarus uit die graf kom nadat hy vir vier dae dood was, was hulle verstom. Toe Petrus, Jakobus en Johannes al daardie vis gevang het, was hulle verstom. Ek en Drenda was verstom, ons monde het oopgehang, en ons het al baie deur die jare gesê: "Het jy dit gesien?" terwyl ons aanhoudend meer en meer leer hoe die Koninkryk werk.

Terwyl ons praat oor insameling met die hulp van die Heilige Gees, moet ek jou na Matteus 6 neem. *Die Boodskap*-vertaling se subtitel aan die bokant van hierdie gedeelte is: "Hou op om julle te bekommer." Ek hou daarvan.

"Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie! "Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? "En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad."
– Matteus 6:24–34, 1953-vertaling

Jesus sê jy kan nie twee here dien nie. Jy dink dalk jy kan, maar jy kan nie. Jy sal vir een lief wees en net vir een. Ek kan jou sê watter een dit is. Dit is die een wat jy vertrou om jou behoeftes te vervul. Toe die Here in die ou plaashuis met my gepraat het dat ek nie die tyd geneem het om te leer hoe sy Koninkryk werk nie, het Hy eintlik gesê Hy is nie regtig my Here nie. Hy was nie die een wat ek ten volle vertrou en gedien het nie. Ja, ek het kerk toe gegaan, was vrygewig, het God lief gehad, en geweet ek gaan hemel toe. Maar ek het nooit die tyd geneem om te leer oor God se finansiële stelsel of hoe Sy Koninkryk werk nie.

Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.
– Lukas 12:34, 1953-vertaling

Lees dit stadig: *"Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."* Baie hou daarvan om dit om te draai sodat dit sê: "Waar jou hart is, dit is waar jou skat is." Maar dit is nie wat dit sê nie, en ook nie hoe dit werk nie. Mense dink dit beteken hulle kan God lief hê 'n Sondagoggend en dit is waar hulle skat is. VERKEERD! Die stelsel wat jy vertrou om jou behoeftes te vervul, is waar jou skat is.

Jesus sê ons het dit verkeerd om!

God wil eerste in ons lewens wees, dit moenie geld wees nie. As geld ons skat is, sal dit eerste wees, ons tyd, prioriteite en liefde opeis. Dit is hoekom Petrus nie sy opdrag verlaat het om geld te gaan maak toe sy belasting betaal moes word nie. Dit is hoekom God ons moet leer om in te samel en nie te sweet nie. Jesus moet ons die Koninkryk-manier leer, hoe om God te vertrou vir ons voorsiening, wat dan ons harte vrystel om God met ons hele hart lief te hê! Jesus het gesê: *"Is die lewe nie meer as die*

voedsel en die liggaam as die klere nie?" Hy het hiermee gesê dat die lewe nie is om goed te hê nie. Die doel van lewe is dat daardie dinge jou en jou opdrag op die aarde dien.

AS GELD ONS SKAT IS, SAL DIT EERSTE WEES, ONS TYD, PRIORITEITE EN LIEFDE OPEIS.

Tog, wat sien ons? Die meeste mense hardloop sonder ophou om hierdie dinge te dien. Mense hardloop om die verband, karpaaiement, rekeninge te betaal. Jesus sê dit is nie lewe nie! Nou, moenie terugstaan en my vertel: "Sien, Jesus Homself sê dat dit sleg is om goed te hê." Nee, Hy het nie. Hy sê in vers 33 dat indien jy eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid soek, al hierdie dinge vir jou bygevoeg sal word. Die "ding" is nie waar die probleem lê nie; dit is die hart. As God nie wou gehad het ons moet hierdie dinge hê nie, sou Jesus so gesê het. Maar in plaas daarvan sê Hy al hierdie dinge waaragter die wêreld aan hardloop, sal vir ons bygevoeg word as ons lewe op God se manier.

Met ander woorde, die lewe dien nie goed nie. Maar ongelukkig doen die meeste mense dit. Hulle het nie 'n keuse nie; hulle is slawe. Dit is onmoontlik om twee here te dien, en om goed te dien, is nie lewe nie. Jesus gaan voort deur te verduidelik dat daar 'n ander stelsel is, 'n plek van finansiële vryheid en voorsiening wat jou vrymaak om te lewe. Dit word die Koninkryk genoem.

Jesus gee ons twee voorbeelde van hoe die Koninkryk lyk in Sy lering hier in Matteus 6. Hy sê: *"Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle"* (v.26).

Voëls het nie wurmplase nie!

Hulle neem dit nie op hulleself om in hulle daaglikse behoeftes te

voorsien nie. Nee, die Vader voed hulle. Hulle moet elke dag eenvoudig insamel wat hulle nodig het. Sien jy dit? Hulle sweet nie met pynlike inspanning om te oorleef nie. Hulle samel in!

Blomme arbei of spin nie!

"En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie" (v. 28).

Die blomme trek hulself nie aan met pynlike inspanning en sweet om dit te laat gebeur nie. Nee, die Vader trek hulle aan. Jesus gaan voort en gee aan my en jou ons antwoord. Daar is 'n ander manier om te lewe, die Koninkryk-manier! Jesus sê: *"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."* (v. 33). Wat beteken dit om die Koninkryk van God te soek? Dit beteken vind uit hoe dit werk! Bestudeer die wette wat dit beheer. Leer hoe God se stelsel werk!

As ek jou uit 'n vliegtuig uit gooi in 'n land waar jy nog nooit was nie, sal jou eerste mandaat wees om te leer hoe daardie koninkryk funksioneer; hoe hulle eet, koop en verkoop, die wette wat die land beheer. Dieselfde is waar in die Koninkryk van God. Jy moet leer hoe die Koninkryk van God werk om die voordele en om deel daarvan te wees, te kan geniet. Ek weet uit eerstehandse ondervinding hoeveel ek uitgemis het toe ek nog nie geweet het hoe dit funksioneer nie. Jou antwoord is eenvoudig. Jy het 'n finansiële rewolusie nodig. In hierdie rewolusie rebelleer die mense teen hulle vasgestelde regering en hulle plaas 'n nuwe regering in sy plek. Jy moet dieselfde doen. Jy moet die ou

regering van die aardse vervloekingstelsel met al sy tekort en wanhoop afgooi en 'n nuwe manier van lewe geniet – lewe in die Koninkryk van God, met nuwe wette, geen tekorte en groot vreugde!

HOOFSTUK 11

DIS MAKLIKER OM TE VLIEG AS OM TE LOOP

As ons sou teruggaan in die geskiedenis en van New York City na San Francisco wou gaan, moes jy dit per boot doen. Die reis voor die Panama-kanaal geopen het, kon 'n jaar geduur het as jy om Suid-Amerika sou reis. Later, toe die Oregon Trail in plek geplaas is, kon jy dit in vier maande doen. Vandag kan jy daar kom in vier ure. Hoe? Deur in te skakel by 'n nuwe wet, die wet van vlieg. Die wet van vlieg was nog altyd daar – die voëls gebruik dit elke dag – maar mense verstaan dit nie. Net soos die natuurlike wette van vlieg, is die meeste Christene nie bewus van hierdie Koninkrykwette nie, selfs al het hulle dit al hulle lewe lank gelees. Die Koninkryk van God is hier, dit is in jou, en jy het die wetlike reg om die voordele daarvan te geniet. In die natuurlike ryk kanselleer die wette van vlieg nie die wette van swaartekrag uit nie, hulle vervang dit. Met ander woorde, solank as wat jy in gevolge die wette wat vlieg beheer, opereer, vlieg jy, selfs al is swaartekrag steeds van krag. Jy moet erken, dit is baie makliker om vier ure te vlieg as om op 'n boot te reis vir 'n jaar! Wel, begin dan om dinge op die vinnige manier te doen en los jou ou, stadige metodes agter.

Het jy al die koningvlinder gesien? Hier in Ohio in die herfs sal jy honderde koningvlinders sien wat suid vlieg vir die winter. Hulle reis na Meksiko, 'n reis van ongeveer 3 200 km. Maar hier is die strik. Hulle was nog nooit voorheen daar nie! Hoe weet hulle hoe en waarheen om te gaan? As God dan vir die koningvlinder 'n manier geskep het om te oorleef, het Hy vir jou ook 'n manier. Hoe doen die vlinder dit?

Die term word metamorfose genoem. Die wortel van hierdie woord is "morf" wat verandering beteken. Die meeste mense weet die koningvlinder begin nie as 'n vlinder nie. Hulle begin as ruspes. In die ruspe-fase leef hulle van een melkbolplant en groei in grootte tot hulle uiteindelik gereed is vir 'n groot verandering. Nadat hulle 'n sekere hoeveelheid gegroei het, bou hulle 'n papie, 'n soort skulp waarin die ruspe homself vir 7 tot 15 dae toespin. Daarna kom die vlinder uit die papie en dit lyk heeltemal anders. Dit lewe en oorleef op 'n heel ander manier. Dit vlieg! In plaas daarvan om tot een melkbolplant beperk te wees, kan hy enige plek vlieg waar hy wil. Hy is pragtig en het 'n grasie en skoonheid wat uniek in die natuur is.

Maar die mees wonderlike ding wat dit kan doen, is die vermoë om weg te vlieg van moeilikheid af. Jy sien, die koningvlinder kan nie in die yskoue wintermaande, wat normaal is in die noordelike klimaat, oorleef nie. Maar God het 'n manier vir hierdie skepsel gemaak om weg te vlieg van moeilikheid af, deur 3 200 km te vlieg na 'n plek wat hy nog nooit gesien het nie. Hoe ken hy die pad soontoe? Hoe doen hy dit? Metamorfose. En die Bybel sê dat jy deur dieselfde proses bo jou probleme kan vlieg, selfs in situasies waar jy nie 'n idee het hoe om dit te hanteer nie, net soos die koningvlinder.

Steve, 'n vriend van my, het een aand in sy motor huis toe gery en 'n bok getref. Dit het sy kar afgeskryf. Ongelukkig het die stasiewa, hul

enigste oorblywende voertuig, die volgende week sy enjin geblaas. Steve se versekeringsmaatskappy het vir hom 'n gratis voertuig vir twee weke vir sy verlies gegee, maar die stasiewa het geen versekering gehad nie. Steve en Karen het nie geweet wat om te doen nie. Steve se besigheid het vereis dat hy 'n motor moet hê omdat hy in verkope was en elke aand na kliënte toe moes ry.

Hulle was toe al lank genoeg in die opleiding oor die Koninkryk om te weet dat God hulle antwoord was. Op daardie tydstip het hulle geen ekstra geld gehad om die voertuie te vervang nie. Hulle het geweet God en die Koninkryk was hulle enigste hoop. Die twee weke vir die gratis huurmotor was amper verby en steeds het hulle geen antwoord gehad nie. Wonder bo wonder, die aand vóór Steve die gehuurde motor moes terugneem, het hy 'n oproep ontvang van 'n man wat vir hom gesê het hy het 'n kar wat hy wou weggee, en omdat hy geweet het Steve woon my kerk by, het hy hom gebel om te hoor of daar enige gesin in die kerk was wat die kar benodig. Steve het sy situasie vinnig verduidelik en gesê hy sou dankbaar wees om die motor vir hom en sy gesin te neem. Dit was wonderlik, maar Steve het ses kinders gehad, en een klein karretjie was nie genoeg nie. Maar dit het hulle steeds bemoedig dat hierdie kar opgedaag het.

Die volgende Sondag het hulle albei vorentoe gekom en my gevra om saam met hulle vir hulle volgende voertuig te bid. Karen het gesê: "Pastor, ons glo dat ons 'n Honda Odyssey-wa in geloof ontvang, en ons wil hê jy moet met ons saamstem terwyl ons 'n saad daarvoor saai." Ek het ingestem en ons het gebid. Ek kan nie onthou hoeveel weke verbygegaan het nie, nie baie nie, miskien drie of vier, tot ons eendag by hulle huis gestop het. Toe ons by hulle kombuis instap, was daar 'n foto van 'n Honda Odyssey op die yskas. Karen het gesê elke keer wat

sy die yskas oopmaak, het sy haar hand op daardie foto gesit en God daarvoor bedank.

Omtrent ’n week later het my sekretaresse gebel en gesê: “Pastor, daar was vandag ’n interessante oproep.” ’n Man wou ’n stasiewa aan die kerk gee. Op daardie tydstip het niemand geweet van hoe Steve en Karen hul geloof vrygestel het vir ’n stasiewa of die model wat hulle wou hê nie. Ek het my sekretaresse gevra: “Watter soort stasiewa is dit?” Sy het gesê: “’n Honda Odyssey.” “In watter toestand is dit?” Sy het gesê die man sê dis in ’n perfekte toestand, sonder ’n skrapie en dit het net 112 000 kilometers op gehad. Ek het vir haar gesê ek weet na wie die stasiewa moes gaan. Ek het Drenda vertel en haar gevra om vir Karen te bel. Toe Drenda bel, het sy Karen gevra hoe dit gaan en of hulle enige beweging gesien het oor hulle behoefte aan ’n voertuig. Karen se eerste woorde was: “Wel, ek is een dag nader!” Drenda het gesê: “Wel, jy is nader as wat jy dink. Kom haal die motor.”

Ek hou baie van sulke stories! Die storie gaan voort soos Steve en Karen meer vertroue in die Koninkryk ontwikkel het om te voorsien.

ONS BEPERK ONSSELF BAIEKEER WANNEER ONS ONS TOEKOMS OORWEEG DEUR DIT WAT ONS DINK IS MOONTLIK. MAAR BY GOD IS ALLE DINGE MOONTLIK AS ONS NET GOD SE WOORD TOELAAT OM ONS DENKE TE VERANDER.

Rondom daardie tyd wou Steve en Karen ’n huis koop. Hulle het vir ’n paar jaar gehuur, en het gevoel dit was tyd om hul eie huis te besit; maar weereens het hulle nie genoeg ekstra geld gehad om ’n deposito te betaal nie. Hulle het na verskeie banke gegaan om navraag te doen, maar hulle almal het dieselfde vereis, 50 persent deposito. Op hierdie stadium in hulle jong

gesinnetjie se lewe het hulle net nie die geld gehad wat nodig was om te kwalifiseer nie. Karen was ontmoedig en het my daaroor uitgevra. Ons het saamgestem dat God 'n manier sou maak. Daarom het hulle na verskillende eiendomme en huise begin kyk.

Een van die eiendomme waarna hulle gekyk het, het hulle aandag getrek. Dit was in die area waar hulle wou bou, en dit was net $55 000 vir 22 hektaar. Weereens, hulle het nie die deposito gehad nie. Maar ek het van 'n klein bank op die platteland gehoor. Dit was nie in dieselfde area nie, maar twee ure daarvandaan, wat ekwiteit as deel van 'n deposito vir die grond sou aanvaar. Dit was baie ongewoon vir onbeboude grond. Ek het hulle daarvan vertel, en hulle het 'n afspraak by die bank gemaak. Die grond was vir meer as $100 000 waardeer, en die bank het gesê hulle het geen deposito nodig gehad nie. Hulle het die grond gekoop sonder om 'n deposito te betaal en 'n pragtige huis op daardie pragtige stukkie aarde gebou. Steve en Karen is steeds tot vandag toe voorspoedig soos hulle, nes ek en Drenda, dinge op die Koninkryk-manier doen.

Ek het regdeur my kerk sulke stories, en ek verwag dieselfde soort stories in jou lewe. God kan wonderlike en partykeer snaakse dinge doen om ons behoeftes te vervul. Ons beperk onsself baiekeer wanneer ons ons toekoms oorweeg deur dit wat ons dink is moontlik. Maar by God is alle dinge moontlik as ons net God se Woord toelaat om ons denke te verander.

Julle moenie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is.

– Romeine 12:2, 2020-vertaling

As gelowiges moet ons nie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie. Paulus verwys na die aardse vervloekstelsel, die manier van lewe en spesifiek, hoe ons dink. Het jy al ooit 'n rok gemaak of iets gebou van 'n plan af? As jy het en jy het nie gehou van hoe dit uitgekom het nie, wat sou gebeur het as jy dit weer probeer het met dieselfde patroon? Jy sal steeds dieselfde resultaat verkry. Daarom sê Paulus ons moet ons denke vernuwe; ons moet die patroon waarvolgens ons lewe, verander. Ons moet anders dink as wat die wêreld dink.

Die woord "verander" is dieselfde woord waaroor ons vroeër gepraat het, "morf", en dit beteken verandering. Ons benodig 'n metamorfose! Ons moet soos God dink. Ons moet Koninkryk-gedagtes hê. In plaas daarvan om te dink uit die perspektief van die lelike, vasgevange, verdoem om in die winter dood te gaan-ruspe, moet ons God vertrou met 'n hele nuwe manier van lewe. Dan, en slegs dan kan ons oor ons probleme vlieg en toegerus wees om te weet wat God se perfekte wil in elke situasie is. As ons nie daardie verandering van denke omhels nie, sal ons ou gesindhede die heeltyd sê: "Nee, nee, ek kan dit nie doen nie. NEE, ek kan nie sien hoe dit gaan gebeur nie."

Wie sou ooit kon dink daardie lelike ruspe sal ooit met sulke grasie en perfeksie kan vlieg? As jy na daardie ruspe kyk en dink aan die 3 200 km reis wat dit moet onderneem, sal jy net jou kop skud en sê: "ONMOONTLIK!" Maar in God se Koninkryk is alles moontlik. Kyk na my. Wanneer my televisieprogram aankom, begin dit deur na my te verwys as 'n finansiële kenner. Partykeer dink ek terug na my ruspe-dae en ek sê: "Dit is wonderlik!"

Gepraat van vlieg, toe ek en Drenda begin leer het hoe die Koninkryk werk, het ek besluit ek wil 'n vliegtuig hê. Ek was al sedert 19-jarige ouderdom 'n vlieënier en het altyd vliegtuie gehuur, maar nooit een

besit nie. Jy weet natuurlik hoekom; ek het nie geld vir een gehad nie. Op 'n dag het ek besluit dit was gek; 'n vliegtuig was nie so moeilik vir die Koninkryk van God nie. Hoekom het ek die Koninkryk beperk tot wat ek gedink het vir my moontlik was? Daarom het ek 'n tjek uitgeskryf, in die teenblaadjie "vir my vliegtuig" geskryf (en die detail gelys). Ek het my hande daarop gelê en dit gepos, en geglo dat ek die vliegtuig ontvang toe ek gebid het, volgens Markus 11:24 (2020-vertaling).

Daarom sê Ek vir julle, alles waarvoor julle bid en vra,
glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so gebeur.

Omtrent 'n maand later het ek na 'n dokter vir 'n roetine-ondersoek gegaan. Ek was verras toe die dokter uit die bloute sê: "Weet jy van enigiemand wat 'n vliegtuig wil koop?" Ek het gedink dit is vreemd. "Watter soort vliegtuig is dit," het ek gevra. Ek was verstom en opgewonde toe dit presies dieselfde soort vliegtuig was waarvoor ek geglo en gebid het. Ek het hom gevra of ek dit kon sien, en hy het vir my gesê dit was by die distrikslughawe langs my huis. Kom ek verduidelik. My huis sit aan die een kant van die distrikslughawe. Elke vliegtuig wat daar land, moet direk oor my huis vlieg. Omdat ek elke dag gesien het hoe vliegtuie kom en gaan en die feit dat die aanloopbaan net een en 'n half kilometer van my voordeur was, het beteken ek moes net daardie vliegtuig hê!

Ek het 'n vriend gebel wat sy hele lewe lank gevlieg het en wat ook 'n vlieginstrukteur was, om saam met my na die vliegtuig te gaan kyk. Terwyl ons die vliegtuig deurgekyk het, het ek geweet hierdie is my vliegtuig; dit was perfek! Dit was presies wat ek wou gehad het. Maar ek het net een probleem gehad, dieselfde probleem wat my vir jare in die gesig gestaar het wanneer dit kom by die besit van 'n vliegtuig – ek

het nie die geld daarvoor gehad nie. Al ooit daardie probleem gehad? Maar hierdie keer sou ek nie in vrees terugtrek nie. Ek het geweet dit is my vliegtuig; ek het bloot nog nie geweet hoe God die geld daarvoor sou bring nie.

'n Paar maande vroeër het Drenda en ek na kantoorspasie vir ons maatskappy gesoek. Ons het geweet waar ons die besigheid wou vestig, maar daar was niks in daardie area te koop nie; daarom het ons na ander areas begin kyk. Ons het wel 'n paar geboue gevind wat ons amper gekoop het, maar ons het nie vrede in ons gees oor enigiets gehad nie. Ons het bly terugkeer na die area waar ons die kantoor wou hê en elke keer gehoop om beskikbare kantoorspasie te vind. Terwyl ons oor hierdie besluit gebid het, het my pa my op 'n dag geskakel en gesê: "Ek weet jy gaan sê hierdie is God, maar ek en jou ma het gepraat en ons wil vir jou die gebou wat ons besit, gee as as julle kantoor." Die gebou wat hulle besit het, was presies waar ek gehoop het om kantoorspasie te kry vir my trek. Ek was geskok!

MY LEWE, WAT DEUR OORLEWING EN VREES BEPERK WAS, WAS NOU DEUR DIE KONINKRYK VAN GOD GETRANSFORMEER. DEUR IN TE SKAKEL OP SY WETTE, WAS EK IN STAAT OM 'N LEWE VAN ONBEPERKTE MOONTLIKHEDE TE ONTDEK.

Om te verstaan wat pas gebeur het, moet jy weet dat my pa nie in daardie stadium 'n gelowige was nie. Hy was baie sinies wanneer jy oor God gepraat het. Om die waarheid te sê, dit was so erg dat ek net nie met hom oor God kon praat nie. Ek het selfs gebid dat God iemand anders op sy pad sal stuur om hom van Christus te vertel. Ek het geweet ek kon hom nie bereik nie; hy wou net nie na my luister nie.

Maar my pa is wel 'n paar jaar later op die ouderdom van 80 gered. Wat so wonderlik was, is dat hy gered was toe hy ons TV-uitsending gekyk het en gesien het watter wonderlike goed God gedoen het. Hy het die laaste drie en 'n half jaar van sy lewe as 'n veranderde mens gelewe en was elke naweek in die kerk.

Een dag, toe die kerk pas klaar gemaak het, het ek in die gange gestap. Ek het gesien hoe my pa met 'n man praat wat ek al jare geken het, 'n lid van my kerk. Terwyl ek na hulle toe aanstap, het ek gehoor hoe hierdie man my pa vra hoekom hy begin kerk toe gekom het. My pa het geantwoord dat hy te veel dinge gesien het wat hy nie kon verduidelik nie. Prys die Here! Dit is hoe dit veronderstel is om te wees.

Maar ons moet terugkeer na daardie oproep oor die gebou, vóór my pa gered is. Ek en Drenda was geskok dat hy vir ons daardie gebou gegee het. Ons het natuurlik geweet dit is God; en ons kon vir my pa, toe hy gebel het, gesê het: "Ja, Pa, jy is reg; dit ís God!"

Die gebou het baie werk gehad om dit op die kommersiële standaard te bring om te kan werk vir ons kantoorbehoeftes. Dit was Desember toe my pa vir ons die gebou gegee het, en ek wou tot in die lente wag voor ek die veranderings begin doen. Die gebou was vir die winter gesluit en niemand het dit gebruik nie. My pa het gesê hy het die water afgedraai. Dit is dus hoe die dinge gestaan het in die wintermaande tot omtrent 'n week ná ek na die vliegtuig gaan kyk het. My broer het my gebel en gesê ek moet vinnig by die gebou uitkom, daar het water daaruit geloop tot in die straat. Die weer het warmer geword en blykbaar was my pa verkeerd; die water is nie in die winter afgedraai nie. Ek het na die gebou gery en 'n kraan in 'n boonste badkamer het al vir dae of selfs weke geloop. Al die pleisterbordmure in die onderste verdieping het al afgeval.

Ek weet dat dit op die oppervlak klink soos 'n slegte verhaal, maar wat jy nie weet nie, en wat my broer nie geweet het nie, was dat ek alreeds 'n kontrak onderteken het om al die pleisterbordmure in die hele gebou te verwyder, die buitemuurbekleding te verwyder en 'n algehele herontwerp van die gebou sou in die volgende paar weke begin. Hierdie waterskade was dus nie 'n probleem nie aangesien alles in elk geval uitgehaal sou word. Maar hoor hier – my versekeringsmaatskappy het vir my 'n tjek vir die skade uitgeskryf, wat genoeg geld was om die vliegtuig te koop!

Het ek dit pas gesien? Het ek pas my vliegtuig én my kantoorgebou ontvang, sonder al die skuld en die normale hoe-vinnig-kan-ek-hardloop-drama. Ja, ek het! Nou, wanneer ek daardie vliegtuig vlieg en ek oor die landerye vlieg, word ek herinner dat die vlieg van daardie vliegtuig is soos die Koninkryk van God. Die funksionering en wette laat ons toe om die lewe in 'n ander dimensie te lewe. Net soos die ruspe en die vlinder, sou daardie ruspe nooit daardie ruspe-bene kon kry om vinnig genoeg te hardloop om Meksiko te bereik nie. My lewe, wat deur oorlewing en vrees beperk was, was nou deur die Koninkryk van God getransformeer. Deur in te skakel op sy wette, was ek in staat om 'n lewe van onbeperkte moontlikhede te ontdek.

Terwyl ek hierdie boek afsluit, wil ek jou met een Skrifgedeelte los. Ek is seker dit is een wat jy jou lewe lank al hoor. Maar ek dink dit sal nou 'n heel nuwe betekenis vir jou hê.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.
– Matteus 11:28–30, 1953-vertaling

Jesus het gekom om ons juk te neem, die pylike inspanning en sweet van die aardse vervloekstelsel. Ons moet nou Sy juk aanneem (dit is volbring) en rus (die sewende dag, die ware Sabbat) vir ons siele vind.

Jy kan wondelike dinge in jou eie lewe ondervind as jy eenvoudig doen wat Potifar gedoen het, funksioneer uit 'n Koninkryk-manier van lewe. Maak vandag 'n besluit om jouself met God se Koninkrykwette in lyn te bring en geniet die krag van getrouheid. Begin jou finansiële rewolusie vandag, gooi die ou manier van lewe, die ou regering, die aardse vervloekstelsel van armoede, siekte en hopeloosheid, van jou af. Los die ou ruspe-manier en begin vlieg en gebruik die Koninkrykwette waartoe Jesus jou toegang gegee het. Jy is 'n burger van daardie Koninkryk.

Jy het wetlike regte!

Indien jy hierdie boek interessant gevind het, en jy is vasbeslote om 'n student van die Koninkryk te word, kom ek verwys jou na *GaryKeesee.com*. Daar sal jy 'n biblioteek van inligting kry om jou in die Koninkryk te help en te mentor. Ek wil jou ook aanmoedig om 'n Team Revolution-venoot te word waar jy toegang tot spesiale geleenthede en opleidingsessies sal kry.

Om finansies te wen, vereis geestelike kennis en ook aardse, natuurlike kennis. Vir inligting oor hoe om uit die skuld te kom, en om 'n gratis skuldvrye plan vir jou deur my maatskappy, Forward Financial Group, te kry, skakel hulle by 1-800-815-0818.

Om jou swaarverdiende aftreegeld te beskerm, is net so belangrik as om te weet hoe om dit te verdien, veral in hierdie uur van finansiële onrus. My maatskappy fokus daarop om mense te help om veilig te belê. Met meer as 'n honderd miljoen dollars wat vir ons kliënte belê is, het nie een al 'n enkele sent oor die laaste 15 jaar van finansiële chaos in ons land verloor nie. Weereens, die oproep is gratis en die advies is gratis. Skakel 1-800-815-0818 vir inligting.

Ek en Drenda is verbind daartoe om individue en gesinne te help om te wen in die lewe. Dit is hoekom Drenda haar eie TV-uitsending vervaardig – *Drenda*. Dit is 'n program gemik op gesinslewe en bemoediging vir vroue van alle ouderdomme. Gaan asseblief na Drenda.com vir meer inligting.

Laastens wil ek en Drenda hê jy moet oorweeg om kerke en pastors regoor die wêreld te ondersteun. Ons H-3-uitreikprojek is 'n uitbreiding van ons harte om mense met die praktiese sy van die lewe te help. H-3 verskaf jaarliks tienduisende leermateriale aan pastors regoor die wêreld. Ons help ook om mense te voer, ondersteun bedienings wat ten doel het om sekshandel in verskeie lande te stop, ondersteun kinderhuise, ondersteun pastors in baie lande finansieel, en onderhou ook 'n

tehuis vir vroue hier in Ohio. Ons doel is om mense regoor die aarde te leer oor die Koninkryk van God en om hulle te leer van die vryheid en vergenoegdheid wat God vir almal van ons wil hê.

Baie dankie dat jy my toelaat om ons wonderlike verhaal met jou te deel. Gaan nou uit en bou jou eie wonderlike verhaal met die Koninkryk van God.

JOU FINANSIËLE REWOLUSIE
Die krag van getrouheid

Het jy genoeg gehad van jou finansiële situasie?
Wil jy graag skuldvry wees?

Gary Keesee was al self daar. Vir nege baie lang jare was sy lewe, as gevolg van sy aaklige finansiële toestand, in 'n intense emosionele verwarring. Krediteure wat bel, die IRS, kredietvonnisse en skaamte – vir hom was dit 'n manier van lewe. Maar alles het op 'n dag verander toe God met Gary begin praat het oor sy finansies, en vir hom die geheim gegee het wat sy lewe radikaal verander het!

Met tyd het hy skuldvry geraak en multimiljoen-dollar-maatskappye gestig. Tans deel hy hierdie sleutels wat sy lewe verander het, op sy televisie-uitsending, *Fixing the Money Thing*, wat daagliks in elke tydsone oor die wêreld uitgesaai word.

Gary leer hierdie konsepte aan honderde duisende mense regoor die wêreld deur middel van konferensies en persoonlike optredes. Daar is baie beginsels wat deel is van 'n suksesvolle lewe, maar as hy net een kan deel, sal dit hierdie een wees: die krag van getrouheid.

- Dit is tyd om op te hou wag dat iets in jou finansies en jou lewe sal verander.
- Dit is tyd om die manier hoe jy dink, te verander
- Dit is tyd vir 'n rewolusie – Jou finansiële rewolusie.

Jou Finansiële Rewolusie is spesifiek ontwerk om jou te help om die wette wat die Koninkryk van God beheer, te verstaan sodat jy dit in jou alledaagse lewe kan toepas.

Gary Keesee is 'n skrywer, spreker, entrepreneur, finansiële deskundige en pastor. Hy het 'n passie om mense te help, spesifiek op die gebied van geloof, jou gesin en finansies. Gary en sy vrou, Drenda, het verskeie suksesvolle besighede geskep en is die stigters van Faith Life Now, wat twee televisieprogramme vervaardig – *Fixing the Money Thing* en *Drenda* – asook wêreldwye konferensies en praktiese hulpbronne. Die Keesees is ook die pastors van Faith Life Church naby Columbus, Ohio in die VSA.

GKM GARY KEESEE MINISTRIES
garykeesee.com

Hierdie boek is 'n geskenk van
Gary Keesee Ministries en
NIE TE KOOP NIE